# RIGLYNE VIR DIE IMPLEMENTERING VAN 'N PORTUURHELPERPROGRAM IN SEKONDÊRE SKOLE IN SUID-AFRIKA

**THEODORA PETRONELLA KANES**

B.A., H.O.D. (Nagraads) (Voorligting),

B.Ed.(PU vir CHO)

Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Educationis in Leer en Onderrig aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Studieleier: Prof. Dr. N.J. Vreken

Mei 2006

Potchefstroom

Hierdie verhandeling is opgedra aan my oorlede vader Oriel Britz (11 Junie 1937-14 September 2001) wat vir my 'n inspirasie was.

# BEDANKINGS


Met opregte dank en waardering aan die volgende persone en instansies:

- Prof. N.J. Vreken wat as studieleier opgetree het, vir sy motivering, ondersteuning, inspirasie en geduld.
- Dr. M. Drinkwater wat vir 'n tyd lank as hulpstudieleier opgetree het vir haar motivering.
- Mev. Rinske Vreken vir die tegniese versorging van hierdie verhandeling.
- Die Statistiese Konsultasiedienste van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit vir die statistiese verwerking van die data.
- Personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek.
- My kollegas (Alabama Sekondêre Skool) vir hulle liefde, ondersteuning en motivering.
- Mnre. M. Koopman, H. Davids, A.G. Vangadasamy, M. Neethling en L. Bridges met die hulp ten opsigte van die vraelyste.
- Taalversorger : Prof. M.C.A. Seyffert
- Vertaling van opsomming : Ashley Kanes

Spesiale dankie aan die persone baie na aan my:

- My man, Andrew, vir sy liefde en morele ondersteuning.
- My seun, Ashley, vir sy liefde en vir die tikwerk.
- My dogter, Esther, vir haar liefde en begrip.
- My oom, Ben Britz, vir sy liefde en ondersteuning, sowel as al my familielede.
- My vriendin, Edith Jumaar, vir haar belangstelling.
- Ons Hemelse Vader vir die wysheid, leiding en krag.

# OPSOMMING


Riglyne vir die implementering van 'n portuurhelperprogram in sekondêre skole in Suid-Afrika.

**Sleutelwoorde:** portuur, berading, voorligting, portuurhelper, hulpprogramme, sekondêre skole, opleiding.

In Suid-Afrikaanse sekondêre skole is daar leerders wat daagliks worstel met verskeie sosiale sowel as emosionele probleme. Die probleme waarmee leerders worstel, is probleme soos dwelm- en alkoholmisbruik, selfmoord, familiegeweld, groepsdruk, anorexia, bulimie, armoede, stres, afknouery en nog vele meer.

Hierdie probleme veroorsaak dikwels dat leerders onder groot druk verkeer en moedeloos word omdat hulle geen uitweg vind nie. Hulle voel alleen en dat daar niemand is met wie hulle hul probleme kan deel nie en dat niemand hulle kan verstaan nie.

'n Portuurhelperstelsel is 'n stelsel waar 'n geselekteerde groep leerders opgelei word om op te tree as portuurhelpers. 'n Portuurhelper is dus iemand wat min of meer dieselfde ouderdom is as die persoon wat hulp soek en wat verstaan, empatie toon, goeie kommunikasie- en luistervaardighede toon, hulp verleen en ondersteuning kan bied in tye van nood.

'n Literatuurstudie is onderneem om 'n presiese omskrywing te gee van die begrip portuurhelper, die taak en funksie van 'n portuurhelper te bepaal en om vas te stel wat die opleiding van 'n portuurhelper behoort te behels. Uit hierdie inligting kon riglyne gestel word vir die effektiewe implementering van 'n portuurhelperprogram in Suid-Afrikaanse skole.

'n Empiriese ondersoek is uitgevoer om vas te stel wat die aard en omvang is van die probleme wat sekondêreskoolleerders in die Klerksdorponderwysdistrik beleef en wat hulle behoefte is aan portuurhulp. Vraelyste is gebruik en die volgende gevolgtrekkings kan gemaak word:

- Daar bestaan 'n behoefte aan 'n portuurhelperprogram omdat leerders wat probleme ervaar dit eerder met 'n medeleerder sal deel voordat 'n ouer persoon daarvan vertel word.
- Vir die implementering van so 'n portuurhelperprogram sal daar bepaalde riglyne gevolg moet word.

Ten slotte word aan die einde van die studie die aanbeveling gemaak dat daar basies in elke skool in die verskillende skooldistrikte 'n portuurhelperprogram geïmplementeer sal word wat onder die bestuur van die hoof sal staan en deur die voorligtingonderwyser bygestaan word.

# ABSTRACT

Guidelines for implementing a peer helper programme at secondary schools in South-Africa.

**Keywords:** peer group, counseling, guidance, peer helper, support programmes, secondary schools, training.

In South African secondary schools there are learners who undergo a daily struggle with social and emotional problems. The problems learners struggle with include problems like drug and alcohol abuse, suicide, domestic violence, peer pressure, anorexia, bulimia, stress, bullying, and many more.

These problems often result in learners experiencing a great deal of pressure. They sometimes feel hopeless as they fail to find suitable solutions for their problems. They often feel alone and as though there is no one whom they can share their problems with and who truly understands.

A Peer Helper Programme is a programme that focuses on training a selective group of learners to be peer helpers. A peer helper is someone who understands or someone of more or less the same age as the person seeking for help, has empathy, good listening and communication skills, and offers help and understanding in times of need.

A literature study has been undertaken to give the precise description of the concept of peer help, to determine the task and function of a peer helper and to establish what exactly the training of a peer helper should encompass. The results obtained from this information allowed the setting of guidelines for the implementing of a peer helper programme for the effective training of peer helpers.

An empirical study was executed to establish the nature and scope of the problems learners in secondary schools in the Klerksdorp school district experience and their needs concerning peer helping. From this study it was concluded that a need exists for peer helping programmes as well as guidelines for the design and implementation of a peer helper programme. Questionnaires were used and the following can be concluded from the investigation:

- There is an existing need for a peer helper programme as learners who experience problems will rather share this with a peer before telling an older person.
- A set of guidelines need to be put into place for the implementation of a peer helper programme.

To conclude the recommendation is made at the end of this study that a peer helper programme needs to be implemented in every school in the various school districts and that it should stand under the management of the school principle and the assistance of the guidance teacher.

# INHOUDSOPGAWE


**Hoofstuk 1 Probleemstelling, doel en metode van navorsing ............ 1**

1.1 Probleemstelling ............ 1

1.2 Navorsingsdoelstellings ............ 3

1.3 Navorsingsmetodologie ............ 3

1.3.1 Literatuurstudie ............ 3

1.3.2 Empiriese ondersoek ............ 4

1.3.2.1 Studiepopulasie, vraelyste en onderhoude ............ 4

1.3.2.2 Statistiese verwerking ............ 5

1.4 Navorsingsprogram ............ 5

1.5 Hoofstukindeling ............ 5

**Hoofstuk 2 Probleme wat sekondêreskoolleerders ervaar ............ 6**

2.1 Inleiding ............ 6

2.2 Probleme wat sekondêreskoolleerders ervaar ............ 6

2.2.1 Algemene probleme wat leerders ervaar ............ 6

2.2.2 Enkele spesifieke probleme wat leerders ervaar ............ 8

2.2.2.1 Rook-, dwelm- en alkoholmisbruik ............ 8

2.2.2.2 Aggressie en geweld ............ 13

2.2.2.3 Familiegeweld ............ 13

2.2.2.4 Egskeiding ............ 14

2.2.2.5 Armoede ............ 15

2.2.2.6 Afknouery ("Bullying") ............ 15

2.2.2.7 Depressie ............ 16

2.2.2.8 Selfmoord ............ 17

2.2.2.9 Satanisme ............ 19

2.2.2.10 Anorexia nervosa ............ 20

2.2.2.11 Bulimie ............ 21

2.2.2.12 Seksuele losbandigheid ............ 22

2.2.2.13 Seksuele misbruik en mishandeling ............ 22

2.2.2.14 Tienerswangerskap ............ 24

2.2.2.15 Verkragting ............ 26

2.2.2.16 MIV/VIGS ............ 27

| | | |
|---|---|---|
| 2.3 | Samevatting | 29 |
| **Hoofstuk 3** | **Portuurhulp** | **31** |
| 3.1 | Inleiding | 31 |
| 3.2 | Begripsomskrywings | 31 |
| 3.2.1 | Portuur | 31 |
| 3.2.2 | Portuurhulp | 31 |
| 3.2.3 | Portuurhelper | 32 |
| 3.3 | Wat is 'n portuurhelperprogram? | 34 |
| 3.3.1 | Watter behoefte bestaan daar aan portuurhelperprogramme? | 34 |
| 3.3.2 | Vereistes vir 'n effektiewe portuurhelperprogram | 34 |
| 3.4 | Samevatting | 37 |
| **Hoofstuk 4** | **Riglyne vir die ontwerp en implementering van 'n portuurhelperprogram in sekondêre skole** | **38** |
| 4.1 | Inleiding | 38 |
| 4.2 | Informele en formele stelsels | 39 |
| 4.2.1 | Die keuse van 'n informele of formele portuurhulpstelsel by skole | 39 |
| 4.2.2 | Die informele stelsel | 39 |
| 4.2.3 | 'n Formele portuurhelperprogram | 40 |
| 4.3 | Die effektiewe bestuur van die portuurhelperprogram | 41 |
| 4.3.1 | Begripsomskrywing | 41 |
| 4.3.2 | Skoolhoof: pligte en verantwoordelikhede | 42 |
| 4.3.3 | Voogonderwyser/voorligter: Pligte en verantwoordelikhede | 43 |
| 4.3.4 | Portuurhelpers: Pligte en verantwoordelikhede | 43 |
| 4.3.5 | Portuurhelperportfolio | 43 |
| 4.4 | Seleksie en keuring van portuurhelpers | 44 |
| 4.5 | Opleiding van portuurhelpers | 48 |
| 4.5.1 | Ontwikkeling van 'n geskikte opleidingsprogram | 48 |
| 4.5.2 | Situasieanalise: Behoefte aan opleiding | 48 |
| 4.5.2.1 | Watter opleidingsbehoefte bestaan daar? | 48 |
| 4.5.2.2 | Watter kenmerke behoort 'n portuurhelper te hê? | 49 |
| 4.5.3 | Doelstellings | 49 |
| 4.5.3.1 | Kennis waaroor portuurhelpers behoort te beskik | 50 |
| 4.5.3.2 | Vaardighede waaroor portuurhelpers moet beskik | 51 |
| 4.5.3.2.1 | Gesindheid | 51 |
| 4.5.3.2.2 | Waardes | 52 |
| 4.5.4 | Opleidingsmetodes en -tegnieke | 52 |

4.5.5 Samevatting ..... 53
4.6 Evaluering van die stelsel ..... 54
4.7 Etiese kodes vir portuurhelpers ..... 54
4.8 Samevatting ..... 56
**Hoofstuk 5 Empiriese Ondersoek ..... 57**
5.1 Inleiding ..... 57
5.2 Doel van die empiriese ondersoek ..... 57
5.3 Navorsingsmetode ..... 58
5.3.1 Navorsingsontwerp ..... 58
5.3.2 Navorsingsprosedure ..... 58
5.3.3 Meetinstrument ..... 59
5.3.3.1 Die vraelys as instrument vir die betrokke behoeftebepaling ..... 59
5.3.4 Ondersoekgroep ..... 61
5.3.4.1 Populasie ..... 61
5.3.5 Geldigheid en betroubaarheid van die vraelys ..... 62
5.3.6 Statistiese tegnieke ..... 62
5.4 Resultate ..... 63
5.4.1 Biografiese inligting (afdeling A van die vraelys) ..... 63
5.4.1.1 Aantal respondente per skool ..... 63
5.4.1.2 Geslag van die respondente ..... 64
5.4.1.3 Samestelling van die respondente volgens hul grade ..... 64
5.4.1.4 Samestelling van die respondente volgens moedertaal ..... 64
5.5 Afdeling B van die vraelys ..... 65
5.5.1 Aantal respondente wat al van professionele hulp gebruik gemaak het ..... 65
5.5.2 Vereistes wat aan portuurhelpers gestel word ..... 66
5.5.3 Aard en omvang van probleme wat leerders ervaar ..... 68
5.5.4 Wyse waarop leerders probleme hanteer ..... 73
5.5.5 Bereidheid om van portuurhelpers gebruik te maak ..... 74
5.6 Resultate van die verskillende subgroepe ..... 75
5.6.1 Aantal respondente wat al van professionele hulp gebruik gemaak het ..... 75
5.6.2 Vereistes wat aan portuurhelpers gestel word: Subgroepe ..... 77
5.6.3 Aard en omvang van probleme wat leerders ervaar ..... 80
5.6.4 Wyse waarop leerders probleme hanteer: Subgroepe ..... 84
5.6.5 Bereidheid om van 'n portuurhelper gebruik te maak: Subgroepe ..... 87

5.7 Samevatting ... 88
**Hoofstuk 6 Samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings ... 90**
6.1 Inleiding ... 90
6.2 Samevatting van die studie ... 90
6.3 Gevolgtrekkings ... 91
6.4 Aanbevelings ... 92
6.4.1 Aanbevelings ten opsigte van portuurhelperprogramme ... 92
6.4.2 Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing ... 92
**Bibliografie ... 93**
**Bylaag A ... 99**
**Bylaag B ... 111**

## LYS VAN TABELLE

Tabel 5.1: Skole wat aan die ondersoek deelgeneem het ... 62
Tabel 5.2 Aantal respondente per skool ... 63
Tabel 5.3 Samestelling van die respondente volgens geslag ... 64
Tabel 5.4 Graad van die respondente ... 64
Tabel 5.5: Taalgroep van die respondente ... 65
Tabel 5.6: Professionele hulpverlening ontvang ... 65
Tabel 5.7: Vereistes wat aan portuurhelpers gestel word ... 66
Tabel 5.8 Aard en gemiddelde gewig van probleme wat leerders ervaar ... 68
Tabel 5.9 Top 20-probleme ... 70
Tabel 5.10 Wyse waarop leerders probleme hanteer ... 73
Tabel 5.11 Leerders se bereidheid om van portuurhelpers gebruik te maak ... 74
Tabel 5.12 Professionele hulpverlening ontvang (volgens geslag) ... 75
Tabel 5.13 Professionele hulpverlening ontvang (volgens graad) ... 75
Tabel 5.14 Professionele hulpverlening ontvang (volgens moedertaalgroep) ... 76
Tabel 5.15 Vereistes wat aan portuurhelpers gestel word (volgens geslag) ... 77
Tabel 5.16 Vereistes wat aan portuurhelpers gestel word (volgens graad) ... 78
Tabel 5.17: Vereistes wat aan portuurhelpers gestel word (volgens moedertaalgroep) ... 79
Tabel 5.18: Vergelyking tussen seuns en dogters se top 10-probleme. ... 80
Tabel 5.19: Vergelyking tussen graad 9- en graad 11-leerders se top 10- probleme. ... 81

Tabel 5.20: Vergelyking tussen die verskillende moedertaalgroepe se top 10-probleme ... 82

Tabel 5.21: Wyse waarop leerders probleme hanteer (volgens geslag) ... 84

Tabel 5.22: Wyse waarop leerders probleme hanteer (volgens graad) ... 85

Tabel 5.23: Wyse waarop leerders probleme hanteer (Volgens moedertaalgroep) ... 86

Tabel 5.24: Bereidheid om van 'n portuurhelper gebruik te maak (volgens geslag) ... 87

Tabel 5.25: Bereidheid om van 'n portuurhelper gebruik te maak (volgens graad) ... 87

Tabel 5.26: Bereidheid om van 'n portuurhelper gebruik te maak (volgens moedertaalgroep) ... 88

# HOOFSTUK 1

# 1. PROBLEEMSTELLING, DOEL EN METODE VAN NAVORSING

## 1.1 PROBLEEMSTELLING

By elke skool is daar daagliks 'n groot aantal leerders wat velerlei probleme ervaar. Volgens Saunders en Remsberg (1987:125-127) is daar die volgende spesifieke situasies waaruit moontlike probleme ontstaan: 'n leerder druip 'n toets, is bang vir 'n nuwe skool, is bekommerd oor een van sy/haar ouers se nuwe vriend/in (na 'n eg-skeiding), ensovoorts. Chuenyane (1991:14) meld op sy beurt dat leerders die volgende probleme ervaar: hulle sukkel met terneergedruktheid, diskriminasie, geweld binne en buite die huis sowel as met dwelms. Mukoma (2001:63) meen dat behalwe MIV/VIGS, daar nog talle ander probleme is waarmee leerders in Suid-Afrika te kampe het, soos armoede en werkloosheid in die gesin, sowel as fisieke en seksuele mishandeling.

Baie van die probleme wat leerders ervaar, is ernstig van aard en daarvoor het hulle een of ander vorm van hulp nodig. Die hulp sou kon wissel van iemand wat bereid is om net na die probleem te luister ('n ouer, 'n vriend, of 'n onderwyser) tot professionele hulp (mediese dokter, sielkundige, voorligter, of 'n berader).

Navorsing deur Naginey en Swisher (1990:84) sowel as Scherer-Thompson (2002:1) bevestig dat baie leerders meer geneig is om probleme met lede uit hulle eie portuurgroep te bespreek as byvoorbeeld met hulle onderwysers of ouers. Saunders en Remsberg (1987:117) is ook van mening dat leerders met probleme verkieslik na 'n vriend/in gaan, maar of hulle altyd die beste hulp en advies kry, is egter te betwyfel.

Hoberg (1993:163) meld dat 'n stelsel waarin leerders uit die portuurgroep ander leerders van hulp is, met vrug gebruik kan word om probleme op 'n vroeë stadium te identifiseer en na die beste hulpdienste te kanaliseer. Smith, Toblin en Toseland (1992:348) se navorsing toon dat portuurhelpers baie meer empatie het met leerders se probleme as professionele beraders en dat leerders verkieslik na 'n portuurhelper gaan

as 'n eersteliniehulp. Ook Hamblin (1993:7) sien die portuur as 'n aanvaarbare bron van steun vir die leerder. Gillis (1992:74) is van mening dat portuurgroepe in baie gevalle die plek van die gesin inneem omdat leerders die grootste gedeelte van die dag by die skool is. Gedurende hierdie tyd, steun die leerder meer op die portuurgroep om hulp en advies as op die gesin.

In die buiteland bestaan daar lank reeds talle portuurhelperprogramme by skole, kolleges en universiteite (D'Andrea & Salovey, 1983:1). In Suid-Afrika is daar reeds instansies wat portuurhelpers oplei. Die Universiteit van Suid-Afrika is vir 'n geruime tyd al besig om studente op te lei om op te tree as portuurhelpers. By die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit word ook portuurhelpers opgelei (Peer helping programme at Port Elizabeth Technicon, 2002). Dieselfde geld vir instansies soos die (eertydse) Pretoriase Technikon, (eertydse) RAU en die Universiteit van Stellenbosch (Telefoniese navraag, 2002). Sedert 2004 bestaan daar ook 'n amptelike portuurhelperprogram in die koshuise van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) (Erasmus, 2005).

Dit is belangrik dat portuurhelpers effektief opgelei word. Leerders kom te staan voor soveel probleme en daar is nie altyd die korrekte hulp of begeleiding van hul portuur se kant nie; daarom is dit nodig dat 'n portuurhelperprogram in sekondêre skole geïmplementeer word (Du Plooy, 2005:2). Portuurhelpers sal dan die nodige opleiding ontvang om leerders met probleme te kan help. Leerders is geneig om hul probleme eerder met medeleerders te deel voordat hulle enigsins na 'n ouer persoon sal gaan om hulp te probeer kry. Portuurhelpers sal dus opgelei moet word om aktiewe luisteraars te wees, om goeie kommunikasievaardighede te hê en om probleme effektief te kan hanteer of te verwys (Gillis, 1992:84).

Die probleemvrae wat na vore tree is die volgende:

- Wat presies word bedoel met 'n portuurhelper?
- Watter behoefte bestaan daar aan portuurhelperprogramme in sekondêre skole?
- Wat is die taak en funksie van 'n portuurhelper by 'n sekondêre skool?
- Wat behoort die opleiding van 'n portuurhelper te behels?
- Hoe kan 'n portuurhelperprogram op 'n effektiewe wyse in skondêre skole geïmplementeer word?

## 1.2 NAVORSINGSDOELSTELLINGS

Uit bogenoemde probleemvrae is die volgende navorsingsdoelstellings geformuleer, naamlik:

1. om 'n presiese omskrywing van die begrip "portuurhelper" te gee;
2. om die behoefte aan portuurhelperprogramme in sekondêre skole vas te stel;
3. om die taak en funksie van 'n portuurhelper by 'n sekondêre skool te omskryf;
4. om wat die opleiding van 'n portuurhelper behoort te behels, te bepaal, en
5. om riglyne vir die effektiewe implementering van 'n portuurhelperprogram in sekondêre skole te formuleer.

## 1.3 NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 1.3.1 LITERATUURSTUDIE

'n Literatuurstudie is uitgevoer om te bepaal watter navorsing reeds op hierdie spesifieke terrein gedoen is. Hierdeur is gepoog om doelstellings 1, 3 en 4 (par.1.2) te bereik. In die literatuurstudie is hoofsaaklik van bronne gebruik gemaak wat deur middel van die volgende soektogte bekom is:

Nexus Data Base System, EBSCO Host, ERIC, Repertorium vir S.A.tydskrifte, Education Index, Biblioteekkatalogus, Internet en S.A. Media.

Die volgende trefwoorde is gebruik in die soektog:

| Portuur | Peer |
|---|---|
| **Berading** | Counseling |
| **Voorligting** | Guidance |
| **Portuurhelper** | Peer helper |
| **Programme** | Programs |
| **Sekondêre skole** | Secondary schools |
| **VIGS / MIV** | AIDS / HIV |
| **Alkohol– en dwelmmisbruik** | Alcohol and drug abuse |
| **Groepdruk** | Peer pressure |
| **Opleiding** | Training |

### 1.3.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

Die doel van die empiriese ondersoek was om deur middel van 'n vraelysondersoek inligting in te samel oor die aard en omvang van die probleme waarmee leerders worstel asook om die leerders se houding te toets ten opsigte van 'n moontlike portuurhelperprogram by die skool.

#### 1.3.2.1 Studiepopulasie, vraelyste en onderhoude

Die studiepopulasie het bestaan uit die graad 9- en 11-leerders van agt sekondêre skole in Klerksdorp. Die rede waarom daar besluit is om van graad 9- en 11-leerders gebruik te maak, is omdat die graad 9-leerders reeds goed ingeskakel het in die sekondêre skool en die graad 11-leerders is gekies omdat hulle in graad 12 sou kon optree as portuurhelpers. Verder is dit logisties makliker om 'n hele klasgroep te neem as om steekproewe uit elke graad te neem.

'n Vraelys is ontwikkel om die behoefte aan portuurhulp in sekondêre skole te bepaal, om vas te stel wat die aard en omvang is van die probleme wat hulle ervaar en in watter mate hulle van 'n portuurhelperprogram gebruik sal maak indien dit by die skool ingestel word. Die vraelys is ontwikkel en saamgestel op grond van inligting wat in die literatuurstudie na vore gekom het.

#### 1.3.2.2 Statistiese verwerking

In oorleg met die Statistiese Konsultasiediens van Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) is die inligting wat ingewin is met behulp van gepaste statistiese tegnieke verwerk.

## 1.4 NAVORSINGSPROGRAM

- Literatuurstudie.
- Toestemming om vraelys in sekondêre skole af te neem.
- Samestelling van vraelys.
- Afneem van vraelys.
- Bespreking en interpretasie van resultate.
- Gevolgtrekkings en aanbevelings.

## 1.5 HOOFSTUKINDELING

1. Probleemstelling, doel en metode van navorsing.
2. Probleme wat sekondêreskoolleerders ervaar.
3. Portuurhulp.
4. Riglyne vir die ontwerp en implementering van 'n portuurhelperprogram in sekondêre skole.
5. Empiriese ondersoek.
6. Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings.

# 2. PROBLEME WAT SEKONDÊRESKOOLLEERDERS ERVAAR

## 2.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 is 'n uiteensetting gegee van die verloop van die studie. In hoofstuk 2 gaan daar spesifiek gekyk word na die aard en omvang van die meer ernstige tipe probleme wat sekondêreskoolleerders ervaar. Die rede waarom daar gekyk word na probleme wat sekondêreskoolleerders ervaar, is om in hoofstuk 3 te kyk na 'n moontlike portuurhelperprogram om leerders wat van hierdie tipe probleme ervaar, by te staan.

Uit die aard van hierdie studie gaan daar nie gekyk word na leerprobleme wat leerders ervaar nie. Alhoewel dit een van die probleme is wat vry algemeen voorkom en kan aanleiding gee tot verskeie ander probleme, is daar al talle studies daaroor gedoen (Doyle, 1992:77-78; Topping & Ehly, 1998:1-2; Carr, 2002:79).

## 2.2 PROBLEME WAT SEKONDÊRESKOOLLEERDERS ERVAAR

### 2.2.1 ALGEMENE PROBLEME WAT LEERDERS ERVAAR

Volgens Morey, Richard, Miller en Dean (1993:1) asook Vreken (2004:28) sal 'n leerder eerder na sy portuurgroep gaan om sy/haar persoonlike probleme mee te deel as om na 'n onderwyser of berader te raadpleeg. Die portuurhelper kan 'n belangrike rol speel by die skool aangesien hy/sy die leerder kan help om by 'n oplossing vir 'n probleem uit te kom, of om as skakel te dien tussen die leerder met probleme en 'n gekwalifiseerde persoon wat hulp kan verleen.

Volgens Chuenyane (1991:92-93) worstel leerders in Suid-Afirkaanse sekondêre skole daagliks met talle probleme. Thomas en Thomas (1996:27), Topping en Ehly (1998:319) sowel as Van Niekerk en Prins (2001:4-5) stel dit dat leerders in die

buiteland met dieselfde tipe probleme worstel. Die probleme wat genoem word, behels die volgende:

- dwelm- en alkoholmisbruik,
- sosiale probleme,
- MIV/VIGS,
- verkragting,
- selfmoord,
- geloofsprobleme,
- satanisme,
- depressie,
- anorexia nervosa,
- bulimie,
- molestering,
- familiegeweld,
- finansiële probleme,
- emosionele misbruik,
- seksuele losbandigheid,
- groepsdruk,
- egskeiding van ouers,
- verhoudingsprobleme,
- swangerskap,
- afknouery ("bullying"),
- stres,
- leerprobleme,
- armoede,
- verwerking van die dood van 'n ouer, familielid of vriend(in),

- werkloosheid,
- eensaamheid,
- konfliksituasies (rusies, onenigheid, bakleiery), en
- aggressie.

Vervolgens sal enkele van die probleme wat volgens die literatuur redelik algemeen voorkom, uitgelig word.

### 2.2.2 ENKELE SPESIFIEKE PROBLEME WAT LEERDERS ERVAAR

#### 2.2.2.1 Rook-, dwelm- en alkoholmisbruik

Volgens Grosshandler (1992:18) hou rook altyd 'n gevaar in vir 'n leerder se gesondheid. Die rook volg 'n pad deur 'n leerder se liggaam waar dit in die mond begin en deur beweeg tot in die keel en tot binne in die lugpyp. Dit beweeg dan deur die brongiale pype en ten einde tot binne die longe.

Die rook wat ingeasem word, bestaan uit nikotien, gasse en teer. Die gasse sluit die volgende in naamlik koolstof, koolstofmonoksied (giftig) en ammoniakgas wat die liggaam se weefsels irriteer. Die organiese middels in die rook sluit kankerveroorsakende middels in en is giftig. 'n Dwelmmiddel, nikotien, kom in tabakrook voor. Die nikotien affekteer die senuwees en spiere, die pupille van die oë, die smaaksintuie en die bloeddruk. Dit verhoog ook 'n persoon se hardklop. Rook affekteer byna elke sisteem in die liggaam. Die gemiddelde ouderdom van kinders wat begin rook is 11 jaar, en die drink van alkohol 12 jaar en die rook van dagga 13 jaar (Grosshandler, 1992:30).

Volgens Searll (1989:111) het die gebruik van tabak regdeur die wêreld teen 'n ontstellende tempo versprei en sedert die sestigerjare toe die wesenlike gevare van rook besef is, is elke poging aangewend om die begeerte om te rook teen te werk. Alhoewel tabak verreweg die algemeenste dwelmmiddel is wat onder leerders misbruik word, is dit ook die mees voorkombare gewoonte.

Gewoonterook van sigarette kan tot die volgende gesondheidsprobleme lei:

- ernstige afhanklikheid;
- vinnige polsslag;

- vernouing van die bloedvate;
- chroniese gehoes;
- hartsiekte;
- angs;
- moegheid;
- rusteloosheid;
- slaaploosheid, en
- bewerige hande (Searll, 1989:12).

Volgens Van Niekerk en Prins (2001:324) kan die afhanklikheid van tabak in dieselfde klas as enige dwelm geplaas word behalwe dat rook 'n sosial aanvaarbare dwelm-middel is. Leerders rook omdat portuurgroepe druk op hulle plaas, of uit nuuskierigheid en selfs om as 'n volwassene te wil optree.

Volgens De Miranda (1998:12) is alkohol die oudste psigo-aktiewe middel wat aan die mens bekend is. Alkoholiese dranke met verskillende konsentrasies etielalkohol word algemeen gebruik deur alle sosiale klasse van die Suid-Afrikaanse samelewing. Sommige leerders gebruik alkoholiese drank by sekere geleenthede, byvoorbeeld tydens 'n partytjie of ander sosiale geleenthede. Dit is belangrik om te onthou dat alkohol 'n persoon se gedrag beïnvloed. Wanneer groot hoeveelhede alkohol deur 'n leerder in 'n kort tydjie ingeneem word, is dit baie gevaarlik en kan selfs die dood van die leerder veroorsaak (Van Niekerk & Prins, 2001:325). Alkohol affekteer die sentrale senuweestelsel (hoofsaaklik die brein), eers as 'n stimulant en dan namate meer gedrink word, as 'n depressant. Wanneer leerders gedurende skooltye gebruik maak van dwelms en/of alkohol, kan hulle nie konsentreer nie, verloor hulle beheer en kan eenvoudige take nie verrig nie. Om hierdie rede mag hulle dalk sukkel om te presteer (Van Niekerk & Prins, 2001:325-326).

Stamper (1997:8-9) beskou die misbruik van dwelms en alkohol deur skoolgaande jeug as geen ongewone verskynsel nie. Vir hom is die oormatige gebruik van dwelms en alkohol 'n simptoom van 'n dieperliggende probleem. Die leerder gryp dikwels na

dwelms of drank vanweë 'n onvermoë om 'n probleemsituasie op 'n positiewe wyse te hanteer.

Volgens Bezuidenhout (1998:89) gebruik al hoe meer leerders dwelms en oor die afgelope tien jaar is daar ook 'n tendens dat leerders op 'n al hoe jonger ouderdom dwelms begin gebruik. Verder is daar aanduidings dat die meeste van die leerders wat dwelms gebruik fisiologies en/of psigologies daarvan afhanklik raak.

Navorsing toon dat daar verskeie faktore is wat aanleiding gee tot dwelmverslawing (Bezuidenhout, 1998:90). Een van die belangrikste faktore is volgens Bezuidenhout (1998:89-91), asook Stamper (1997:9), dat die leerder beïnvloed word deur die groep om te eksperimenteer met dwelms sodat hy/sy deel kan wees van die groep. 'n Ander faktor in die skoolomgewing is dat leerders moet byhou by 'n groot werkslading, buitekurrikulêre aktiwiteite, ensovoorts. Baie van die leerders vind maniere om die druk en stres te verwerk, maar van hulle wat nie die druk kan verwerk nie, neem dikwels hulle toevlug tot drank of selfs dwelms. Die drank of dwelms dien dan as 'n soort onvlugtingsmiddel.

Leerders, sowel as hulle ouers en die skool, wil volgens Stamper (1997:10) baie keer nie erken dat daar 'n probleem is nie en gevolglik soek hulle nie hulp vir die leerders nie. In sommige gevalle wil hulle die feit dat leerders van dwelms afhanklik is nie bekend maak nie uit vrees dat die leerders en/of skool geëtiketteer sal word. In hierdie gevalle sou iemand soos 'n portuurhelper van groot hulp kon wees deur op 'n persoonlike vlak hulp en ondersteuning aan te bied (Stamper, 1997:10).

Volgens Sartor (2000:4) eksperimenteer een uit elke drie tieners met dwelms. Dit wissel van oor-die-toonbank-tablette, alkohol en sigarette tot dagga, kokaïne en heroïne. Statistiek toon dat 33,3% van die totale leerderpopulasie wat aanvanklik daarmee eksperimenteer 6 tot 10% meer gereeld dwelms begin gebruik. Dit lei eers tot sosiale en sielkundige afhanklikheid en later tot fisieke afhanklikheid.

Suid-Afrika het 'n groot teikenmark geword vir dwelmhandelaars. Volgens Sartor (2000:4) is die omstandighede in sommige ouerhuise ook 'n faktor wat dwelm- en alkoholmisbruik kan meebring. Die kenmerke van 'n gesin wat 'n hoë dwelm- en/of drankrisiko vir kinders inhou, is die volgende:

- ouers is vasgevang in hul eie loopbaan en sosiale lewe;
- daar is 'n gebrek aan eerlike en belangstellende kommunikasie;

- daar is te min gemeenskaplike aktiwiteite;
- ouers is te krities en stel te hoë eise aan die kinders;
- die liefde wat die kinders ontvang, is voorwaardelik van aard;
- kinders word gedurig met ander vergelyk;
- geen vaste reëls of dissipline nie;
- oorbeskerming deur die ouers;
- gebrekkige kennis oor dwelms, en
- die familie het 'n geskiedenis van dwelm- of alkoholmisbruik.

Dit is baie belangrik dat leerders wat 'n alkohol- of dwelmprobleem begin ontwikkel, vroegtydig geïdentifiseer word. Tekens wat voorkom, is volgens Steins (1995:12), Sartor (2000:5) en Searll (1989:123-124) die volgende:

- gebrek aan belangstelling in die dinge om hulle;
- verandering in slaap- en eetgewoontes;
- geldnood (sal selfs steel);
- besit spuitnaalde, pype en aanstekers;
- rebelsheid/opstandigheid;
- bly na 'n naweek van die skool af weg;
- prestasie op skool neem baie af;
- sluimer kort-kort in tydens klasse;
- slordige voorkoms;
- fisieke afgeremdheid;
- aggressief, irrasioneel, manipulerend;
- praat baie oor dwelms of maak grappies daaroor;
- afsydig, depressief en treurig;
- geheimsinnig;

- emosionele uitbarstings;
- gebrek aan motivering en agteruitgang van skoolwerk;
- rooi oë;
- onverskilligheid ten opsigte van voorkoms en higiëne;
- 'n skielike verandering in aptyt of 'n onverklaarbare massaverlies;
- gelerige bruin vlekke op hande;
- slaap onnatuurlike lang ure;
- vreemde, onvoorspelbare gedrag en rebelsheid;
- nuwe vriende, en
- doen geweldig baie moeite om dwelmmiddels te bekom.

Tekens van alkoholmisbruik volgens Searll (1989:116) is die volgende:

- ontkenning van probleem;
- gewoonteleuenaar;
- spog oor hoeveel gedrink is;
- verdedigend wanneer gekonfronteer;
- geheimsinnige, teruggetrokke gedrag;
- naarheid en aptytverlies;
- skuldgevoelens oor alkohol;
- dink verskonings uit om te drink, en
- 'n beheptheid met alkohol.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat dwelm- en alkoholmisbruik 'n ernstige probleem kan wees vir leerders. Dit het 'n negatiewe uitwerking op hulle lewens. Dit vernietig die leerder deurdat hy/sy glad nie meer beheer oor hom-/haarself het nie as gevolg van verslawing. Soos reeds gestel, affekteer dit die sentrale senuweestelsel en daarom het sulke leerders min of geen beheer oor hul gedrag nie.

#### 2.2.2.2 Aggressie en geweld

Die konsepte aggressie en geweld is so inmekaar geweef sodat dit byna sinoniem is. Aggressie het 'n gewelddadige konnotasie aangeneem en om aggressief op te tree, is sosiaal onaanvaarbaar. Frustrasie mag tot 'n aggressiewe optrede lei en leerders kan dan so 'n gevaar wees vir ander leerders (Mitchell, 1978:17).

Volgens Du Plooy (2005:26) is geweld en aggressie aan die toeneem, daar word ook melding gemaak dat jongmense geweld as 'n aanvaarbare manier sien om van aggressie ontslae te raak. Slegs 36,6% van die leerders van 'n bepaalde multikulturele skool sê dat geweld nie 'n aanvaarbare manier is om van aggressie ontslae te raak nie (Rens, Rossouw, Rossouw & Vreken, 2005:46). Daar word ook van kru- en/of vloektaal gebruik gemaak, sowel as fisieke geweld.

#### 2.2.2.3 Familiegeweld

Volgens Wilson (1997:31-33) kom heelwat leerders uit huise waar familiegeweld daagliks plaasvind. Omdat die leerder aan familiegeweld blootgestel word, ontwikkel hy/sy emosionele sowel as gedragsprobleme. Baie van die leerders loop weg van hul huise af om te ontsnap van familiegeweld. Ander leerders is op hul beurt weer daar om die vrede te bewaar en tree op as beskermheer teenoor die jonger kinders in die huis veral waar die pa met die ma baklei. Hulle voel dat hulle nie die huis kan verlaat nie, omdat hulle die ma wil beskerm. Sulke selfopgelegde verantwoordelikheid is 'n groot las vir die leerder. Leerders wat blootgestel word aan familiegeweld is gewoonlik onder druk om nie te praat oor hul gevoelens of bekommernisse nie.

Volgens Hawker, Du Plessis en Maughan (2005:5) is geweld die monster wat Suid-Afrikaanse vrouens daagliks in die gesig staar. Volgens die navorsing word een vrou elke ses uur deur haar maat vermoor. Die navorsing is gedoen deur die "Medical Research Council, the Centre for the Study of Violence and Reconciliation" by die Universiteit van Kaapstad. As gevolg van depressie en die misbruik van dwelms huiwer persone glad nie om hul huweliksmaats en kinders te skiet nie en daarna ook dan selfmoord te pleeg.

Volgens Bowker (1986:88) is leerders wat aan familiegeweld blootgestel word emosionieel onstabiel, hulle voel magteloos, nikswerd, verstote, skuldig, depressief en afgesonder. Hulle onttrek hulself, is skaam en het min eetlus. Skoolprobleme ontstaan

ook, byvoorbeeld stokkiesdraai, ontduik van klasse, doen nie tuiswerk nie en leer nie vir toetse of eksamens nie.

Depressie kom ook voor as gevolg van familiegeweld en dit het 'n groot impak op die leerder se lewe. Omdat die leerder daagliks aan familiegeweld blootgestel word en hulle meestal nie daaroor wil praat nie, is hulle onder druk en voel hulle dat hulle in die verleentheid gestel sal word sodra hulle daaroor praat. Daarom onttrek hulle hulself en is gewoonlik baie skaam.

Hierdie tipe leerder verwerp in sommige gevalle hulle vaders vir hul gewelddadige optredes en wil nie met hulle geïdentifiseer word nie.

#### 2.2.2.4 Egskeiding

Sommige ouers stry met mekaar, baklei, is onbeleefd en beledigend teenoor mekaar. Die huwelik word dan as 'n slagveld beskou en vir die kinders laat dit 'n negatiewe indruk van die huwelik. Soms gebeur dit dat as kinders in 'n negatiewe huweliksituasie grootgeword het, hierdie patroon na hul eie huwelike oorgedra word omdat hulle niks anders geken het nie. Die teenoorgestelde weer is dat leerders wat uit soortgelyke omgewing kom later besef dat so 'n voorbeeld algeheel onbevredigend is en dan 'n poging aanwend om dit nie self te herhaal nie (Margow, 1993:144-148; Bezuidenhout, 1998:14-21).

Die gevolge wat egskeiding vir 'n leerder inhou, is die volgende negatiewe aspekte:

- die leerder moet opgroei met 'n enkelouer;
- soos die leerder ouer word, mis hy/sy die ouer by wie hy/sy nie woon nie;
- leerder voel onseker en onveilig;
- seuns tree aggressief op en meisies sal hulself weer onttrek;
- leerders voel depressief;
- leerders voel hartseer;
- meisies mag probleme ontwikkel met die teenoorgestelde geslag;
- leerders presteer akademies nie meer so goed nie, en
- leerders draai stokkies of ontduik klasse, ensovoorts (Bezuidenhout, 1998:22-24).

#### 2.2.2.5 Armoede

Volgens die "Indicators of Poverty Report" wat vrygestel is deur die kantoor van die Heropbou en ontwikkelingsprogram (HOP), leef meer as 50% van Suid-Afrikaners in uiterste toestande van armoede en die meeste families verdien minder as R300-00 per maand (Van Niekerk & Prins, 2001:15).

Armoede het 'n probleem geword in die meeste gemeenskappe. Omdat baie mense werkloosheid in die oë staar en beide ouers of een van hulle nie werk nie, is die gesin se inkomste nie genoeg om aan hulle noodsaaklikste behoeftes te voorsien nie.

Armoede in 'n gesin bring dikwels die volgende mee:

- swak gesondheid;
- ongeletterdheid;
- leerders woon nie skool by nie;
- leerders word straatkinders;
- oorvol huise; en
- soms pleeg van die gesinslede selfmoord omdat hulle nie die ongevoeligheid van armoede kan hanteer nie
- leerders begin steel om aan die lewe te bly, ensovoorts (Bezuidenhout, 1998:171-173).

#### 2.2.2.6 Afknouery ("Bullying")

Volgens (Carr, 2002:205-206) is afknouery 'n groot probleem by skole. 'n Leerder word afgeknou wanneer hy/sy herhaaldelik blootgestel word aan negatiewe optredes van een of meer leerders van die skool. Die negatiewe optredes is die volgende: fisieke geweld, verbale misbruik en stories wat versprei word.

Die afknouer het altyd 'n dominerende houding. Hulle sal die slagoffer se geld of waardevolle items afneem en die slagoffer mag nie gaan vertel nie. Die afknouer verplaas dikwels sy aggressie en woede teenoor iets of iemand op die leerder wat afgeknou word. Dis dikwels die leerder met 'n lae selfbeeld wat 'n teiken vir die afknouer is. 'n Afknouer teiken nie maklik 'n leerder wat trots is op hom- of haarself nie.

Volgens Cobb (2001:60-61) is dit gewoonlik seuns wat afgeknou word deur seuns. Die seuns voel nie veilig in die skool, sowel as in hul omgewing nie. Hulle voel onveilig in die klaskamer en kan ook nie konsentreer wanneer 'n les aangebied word nie. Afknouers is geneig om ander leerders te verkleiner sodat hulle dan weer in die portuurgroep belangrik geag kan word.

Die leerders wat onder die afknouers deurloop, is die leerders wat klein, skaam en swak is. Afknouers soek ook leerders uit wat eensaam is of hulle doen dit wanneer jaloesie betrokke is. Meisies word volgens Cobb (2001:60-61) deur beide meisies en seuns afgeknou.

#### 2.2.2.7 Depressie

Volgens Poinsett (1988:26-37) is die belangrikste oorsake van depressie by leerders die volgende:

- Een of ander verlies wat hulle ervaar het,
- onuitgesproke woede, dit wil sê gevoelens wat nie uitgespreek of erken word nie,
- onopgelosde skuldgevoelens,
- onvermoë om te treur – die leerder kan moontlik bang wees vir die pynlike ervaring van hartseer, of dit kan ook wees dat die leerder die treurproses vermy omdat dit met soveel gemengde gevoelens gepaard gaan, en
- verwerping – alle leerders het 'n behoefte aan liefde. Wanneer hy/sy verwerp word, is dit asof hy/sy onaanvaarbaar is. Om herhaaldelik verwerp te word, veral deur iemand wat baie vir hom/haar beteken, kan depressie veroorsaak.

Sommers (2000:12-14) beklemtoon dit dat dit nie slegs volwassenes is wat aan depressie ly nie maar dat leerders ook dikwels deur depressie geaffekteer word. Depressie kan baie vorme aanneem, byvoorbeeld neurotiese depressie, waar die leerder vir dae aaneen 'n gevoel van mismoedigheid, hopeloosheid en droefheid ervaar. Neurotiese depressie behels meer as die normale reaksie van 'n mens op byvoorbeeld droefheid, teleurstellings en terugslae. Sommers (2000:12-14) waarsku dat neurotiese depressie kan oorgaan in psigotiese depressie sodra dit te ernstig word.

Die leerder wat depressief is, voel ongelukkig, waardeloos en skuld oorheers die leerder se gedagtegang. Daar is ook veranderinge in sy/haar slaappatroon en afwykings ten opsigte van aptyt. Probleme om te konsentreer word ondervind en om hierdie rede word klasse dikwels ontduik. Hulle ondervind ook fisieke probleme waarvoor daar geen mediese verklaring is nie. Gevoelens van wanhoop ontstaan en selfmoordneigings kom voor (Sommers, 2000:19-20).

#### 2.2.2.8 Selfmoord

Koekemoer (1983:1) beweer die volgende: "Ons is diep onder die indruk dat die getal selfmoordgevalle in ons land besig is om toe te neem, nie alleen by volwassenes in die middeljare en by jongmense wat worstel met die lewensvraagstukke wat so eie aan adolessensie is nie, maar selfs ook by hoërskoolleerders in die stormagtige jare van die puberteit." Volgens Koekemoer (1983:19-20) het leerders met selfmoordneigings nie almal dieselfde simptome nie. Wat wel gesê kan word, is dat hulle verward lyk en gewoonlik depressief is. Hulle het hoop verloor, hulle het geen lewenskoers nie en hulle is te magteloos om iets daaraan te doen.

Volgens Chiles (1986:39-40) speel die volgende faktore 'n rol wanneer selfmoord as 'n uitweg oorweeg word:

- stres,
- depressie,
- negatiewe gevoelens soos woede, skuldgevoelens, angstigheid en verveeldheid,
- 'n gevoel van hopeloosheid,
- die smart van die dood van 'n ouer, familielid of vriend/in,
- lae selfbeeld,
- egskeiding van ouers,
- 'n gevoel van alleenheid en isolasie,
- druk om te presteer,
- erge armoede,
- die spanning van 'n disfunksionele huisgesin,

- die impak van MIV/VIGS (persone met MIV/VIGS is tot 36 keer meer geneig om selfmoord te pleeg) (Van Niekerk, 2004:25).

Mense word deur bogenoemde faktore gedryf om te glo dat selfmoord die enigste oplossing is vir hulle probleme.

Volgens Schleifer (1993:35) is selfmoord gewoonlik die gevolg van 'n krisis in die lewe van 'n leerder wat op daardie stadium nie helder kan dink nie. Die oorsake vir selfmoord onder leerders is volgens Schleifer spanning en depressie – wat hulle verward laat voel. Hulle psigologiese toestand kan soos volg omskryf word:

- Hulle voel hopeloos;
- wil 'n einde maak aan lyding;
- ervaar 'n intense depressie, en
- het gevoelens van onwaardigheid, waardeloosheid en mislukking en skuld oorheers hulle gedagtegang.

Volgens Bezuidenhout (1998:75-76) is die oorsake vir selfmoord onder leerders in Suid-Afrika die volgende: Die leerder

- het 'n mislukking ervaar wat lei tot 'n verlies van sy/haar selfbeeld;
- voel minderwaardig;
- voel onwaardig;
- het 'n vrees vir mislukking, en
- is perfeksionisties.

In baie gevalle is mense wat selfmoord pleeg gerespekteerde mense met hoë aspirasies. Loop sake verkeerd in die verwesenliking van hulle planne, kry hulle selfbeeld so 'n geweldige knou dat hulle dit nie kan verwerk nie. Die uitweg vir hierdie verskriklike teleurstelling is vir hulle dikwels selfmoord. 'n Onvermoë om hul eie en hul families se akademiese verwagtinge te vervul, mag dus tot selfmoord lei by leerders.

Volgens Salzwedel (2004:14-16) vind daar tussen 7000 en 8000 selfmoorde per jaar in Suid-Afrika plaas. Verdere skokkende statistiek is dat daar tussen 137 000 en 160 000 selfmoordpogings per jaar is. Mans is meer geneig tot selfmoord, naamlik 80%, maar in die ouderdomsgroep onder 19 jaar is meisies meer geneig tot selfmoord.

Van Niekerk (2004:24-26) maak die volgende stelling: "Statistiek toon dat selfmoord wêreldwyd aan die toeneem is – en dat dit veral besig is om in Suid-Afrika 'n kommerwekkende probleem te word."

Die Wêreldgesondheidsorganisasie (Van Niekerk, 2004:24-26) berig dat die selfmoordsyfer oor die afgelope 45 jaar wêreldwyd met sowat 60% gestyg het. In Amerika alleen gaan byna dubbeld soveel mense dood weens selfmoord as van moord en het die aantal selfmoorde in die land oor die laaste 30 jaar met sowat 300% gestyg.

In Suid-Afrika blyk die situasie selfs erger te wees. In ons land is selfmoord die oorsaak van 10% van onnatuurlike sterftes – 'n syfer wat die wêreldgemiddeld van 16 selfmoorde vir elke 100 000 sterfgevalle ver oorskry. In Suid-Afrika sterf ongeveer twee mense elke uur aan selfmoord met sowat 20 selfmoordpogings elke 60 minute. Plaaslike statistiek toon ook dat die selfmoordsyfer onder 10-14-jariges meer as verdubbel het oor die afgelope 15 jaar en dat depressie die kernoorsaak is van 60% van selfmoordgevalle.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat baie verskillende faktore aanleiding kan gee tot selfmoordneigings by leerders en dat die simptome so vroeg as moontlik waargeneem moet word. Die volgende is simptome waarvoor daar opgelet moet word: 'n verandering in slaappatroon (te min of te veel slaap), eetgewoontes (minder of meer eet) en algemene gedrag (buierigheid, lusteloosheid, skielike aggressie of spanning). Baie keer koester sulke leerders skuldgevoelens, verval hulle in depressie en praat dikwels oor die dood. In party gevalle blyk dit egter asof die individu se gemoedstoestand verbeter – die tekens van depressie verdwyn en dit wil voorkom asof daar nuwe hoop is (Van Niekerk, 2004:26).

#### 2.2.2.9 Satanisme

Volgens Bubeck (1991:24-27) is leerders dikwels betrokke by die okkulte omdat hulle deur hulle avontuurlustigheid en nuuskierigheid aangespoor word om ondersoek in te stel. Van die musiek waarna hulle luister, dra openlik en op 'n uitdagende wyse boodskappe van dood en duisternis oor. Die probleem is dat daar 'n groeiende betrokken-

heid van jongmense by satanisme is. Die probleem neem sulke afmetings aan onder die jeug dat daar byna nie meer 'n skool is waar leerders nie aan satanistiese invloede blootgestel word nie. Klein, goed ge-organiseerde groepe satanistiese eksperimenteerders kan meestal aan hul kleredrag en satanistiese simbole herken word. Dit gebeur egter dikwels dat die belangstelling vinnig tot verslawing lei. Daar is selfs gevalle bekend waar klasmaats gemartel en uiteindelik doodgemaak is (Bubeck, 1991:24-27).

Volgens Bezuidenhout (1998:77) is satanisme 'n "verskriklike euwel" wat leerders kan vernietig. Druk word op hulle geplaas en leerders wat nie meer betrokke wil wees by okkulte nie sien die volgende as hul enigste uitweg: hulle sny hulle polse, neem 'n oordosis dwelms, hang hulleself op of spring van hoë geboue of brûe af om hulself om die lewe te bring.

### 2.2.2.10 Anorexia nervosa

Crisp (1980:5-6) stel dit dat anorexia nervosa 'n ernstige en soms lewensgevaarlike toestand van vermaering en uittering is wat veroorsaak word deurdat 'n persoon weier om kos in te neem, of om dit in die liggaam te hou. Leerders wat aan anorexia nervosa ly, eet nie en as kos wel ingeneem word, word dit met behulp van lakseermiddels of deur vomering weer uit die liggaam verwyder.

Volgens Le Grange *et al.* (1998) is daar vroeër beweer dat anorexia 'n versteuring is wat hoofsaaklik by Westerlinge voorkom, maar studies het getoon dat hierdie tipe versteuring ook 'n groterwordende probleem onder swart-, kleurling- en Indiërleerders word.

Die volgende gevaartekens is kenmerkend van leerders met anorexia nervosa:

- dramatiese gewigsverlies;
- oormatige en oordrewe oefening;
- fisieke simptome, byvoorbeeld moegheid, konstante koudkry, of maagpyn;
- konstante vrees vir gewigsvermeerdering;
- weiering om sekere voedselsoorte te eet;
- ontken honger, en
- verloor belangstelling en onttrek hulle aan vriende (Woodward 1999:135).

Volgens Gillis (1992:108) is anorexia nervosa 'n psigoneurotiese afkeur van voedsel veral by tienderjarige meisies en dit gaan gepaard met 'n groot gewigsverlies, hormonale aandoenings en die staking van menstruasie. Dit is nie 'n siekte op sigself nie, maar 'n simptoom van 'n diepliggende emosionele probleem wat baie keer te doen het met gesins- en/of sosiale verhoudinge. Anorexia kan ook deur die leerder gebruik word as 'n instrument om besorgde ouers mee te manipuleer (Woodward, 1999:136). Die toestand neem baie toe, veral onder meer hegte portuurgroepe soos in koshuise (Gillis, 1992:108).

'n Kenmerk van 'n anoreksiese leerder is 'n sterk manipulerende of kontrolerende persoonlikheid. Anoreksiese leerders is gewoonlik goeie gehoorsame leerders. Hulle is meestal leergierig en presteer goed op skool (Gillis, 1992:108).

#### 2.2.2.11 Bulimie

Bulimie is 'n oormatige honger wat kan voorkom by leerders met anorexia nervosa of met 'n geestesaandoening (Woodward, 1999:136). Dit word gekenmerk deur heimlike grootskaalse ooretery, meestal van swak gehalte voedsel. 'n Bulimielyer het dikwels 'n lae en verwronge selfbeeld. Bulimie kan 'n teken van depressie wees en 'n lyer het hulp nodig (Gillis, 1992:106).

Bulimie word veroorsaak deur 'n verskeidenheid faktore soos (Gillis, 1992:106):

- depressie,
- 'n lae selfbeeld, en
- oordrewe groepsdruk.

Volgens Gillis (1992:106) kan dit as 'n hulpkreet gesien word en/of dit mag ook 'n meganisme wees om aandag te trek.

Die volgende simptome of gevaartekens van bulimie kan onderskei word:

- Geheimsinnigheid oor kos en eetgewoontes;
- uitermatige oefenprogram;
- obsessie met gewig;
- seerkeel;

- droë hare en vel;
- dehidrasie;
- geswelde wange, nek en ken;
- nier- en blaasinfeksie;
- menstruele probleme, en
- depressie, verhoogte irritasie en huilerigheid.

#### 2.2.2.12 Seksuele losbandigheid

Seksuele aktiwiteite is 'n toenemende probleem by leerders. Seksuele aktiwiteit onder tienderjariges het baie probleme tot gevolg. Die mees voor die hand liggende is tienerswangerskap (kyk par. 2.2.2.14). Die eenvoudige feit is dat baie leerders, seuns en meisies, se lewens verwoes word deur swangerskappe wat die gevolg van voorhuwelikse seks is. Seksueel oordragbare siektes is vanselfsprekend 'n probleem en dit versprei as gevolg van vrye geslagtelike verkeer. Siektes soos sifilis, herpes en VIGS versprei vinnig. Ander skadelike gevolge van voorhuwelikse seks is skuldgevoelens, 'n lae selfagting, die gevoel dat jy misbruik is, die kommer of 'n aanstaande huweliksmaat sal verstaan en vergewe, ontnugtering oor seks, verhoudings en selfs die moontlikheid van 'n toekomstige huwelik (McDowell, 1987:10-11).

Statistiek in Suid-Afrika toon dat persone in die ouderdomsgroep 14-35 jaar reeds vanaf 'n jong ouderdom seksueel aktief is. Bewerings word gemaak dat ongeveer 50% van die Suid-Afrikaanse jeug op sestienjarige ouderdom seksueel aktief is. Die seuns raak ook vroeër seksueel betrokke as die dogters (Du Plooy, 2005:29).

#### 2.2.2.13 Seksuele misbruik en mishandeling

Seksuele misbruik is die blootstelling van leerders aan seksuele aktiwiteite met volwassenes wat ontoepaslik is vir die leerder se ouderdom en vlak van psigoseksuele ontwikkeling. Hulle is dus emosioneel nie in staat om dit te hanteer nie en hulle is op die stadium nie bevoeg om toestemming daartoe te gee nie en boonop kan hulle hulself nie daarteen verdedig nie. Leerders wat seksueel gemolesteer is, ontken of onderdruk dit gewoonlik en/of onttrek hulself sosiaal. Hulle ervaar dikwels gevoelens van skuld, skaamte en negatiwiteit ten opsigte van hulself (Noonan, 1989:14-15).

Volgens Bannister, Barret en Shearer (1990:29) kan leerders hulleself meestal nie teen geestelike en fisieke mishandeling verdedig nie. Leerders wat aan geestelike en fisieke mishandeling blootgestel word, ontwikkel 'n selfbeeld wat hulle op verskeie gebiede vir die res van hul lewe aan bande lê. Dit raak hul verhouding met ander mense, hul prestasie op skool en ook hul seksualiteit. Leerders met 'n negatiewe selfbeeld neig om op een van twee maniere te reageer:

- hulle krop alles op en word stil en teruggetrokke en ontwikkel verdere emosionele probleme soos enurese (bednatmaak), obsessief-kompulsiewe gedrag, leerprobleme, ensovoorts, of
- hulle leef hul stres na buite uit en toon gedragsprobleme soos aggressie, diefstal, vandalisme, wreedheid en so meer (Bannister, Barret & Shearer, 1990:30).

Volgens Pamplin (2002:16) is heelwat navorsing tussen 1991 en 1999 gedoen oor seksuele mishandeling. Een uit elke tien seuns en een uit elke vier meisies van agtienjarige ouderdom is reeds seksueel misbruik volgens die navorsing. Verder noem die verslag dat tussen 450 en 500 kinders wat verkrag is, jaarliks by die Rooi Kruis-hospitaal in Kaapstad ondersoek word. Sowat 87% van hierdie slagoffers is vroulik en 13% manlik. In 70% van die voorvalle was die identiteit van die verkragter bekend aan die slagoffer en in 30% van die voorvalle was dit vreemdelinge. Die meeste aanranders is buurmense (26%) en familievriende, of bekendes (18%). Die biologiese pa's was in 6% van die gevalle verantwoordelik vir die verkragting. Ander aanranders sluit in neefs, ooms, broers, ma's of susters se mansvriende, stiefpa's, loseerders en oppassers. Volgens die navorsing is die voorkoms van kinderverkragting in die Suid-Afrikaanse gemeenskap baie hoog met 'n gemiddeld van 78 voorvalle per jaar (of 3 voorvalle elke twee weke) op kinders van twaalf jaar en jonger. Daar word aanvaar dat baie gevalle nooit aangemeld word nie. Dokters beklemtoon dat verkragting erge fisieke sowel as sielkundige letsels op kinders laat (Pamplin, 2002:17).

Die volgende kenmerke is tipies van leerders wat seksueel misbruik word (Noonan, 1989:15):

- leerders ontduik skool;
- leerders is baie hartseer en ongelukkig;

- leerders ondergaan 'n verandering in houding: raak teruggetrokke, het 'n lae selfbeeld, kry woedebuie, en
- leerders kan probleme met akademiese vordering ontwikkel.

Daar kan tot die slotsom gekom word dat hierdie vorm van mishandeling 'n emosionele letsel laat wat leerders hul lewe lank met hulle saam dra en dit verwoes in baie gevalle hul lewens. Hulle selfvertroue word ernstig geskaad, hulle is gefrustreerd oor hul hulpeloosheid en leef met opgekropte woede.

#### 2.2.2.14 Tienerswangerskap

Volgens Eaton, Flishera en Aarob (2002:78) is meeste jeugdiges in Suid-Afrika tussen die ouderdomsgroep 14-35 jaar seksueel aktief. Die bewering wat gemaak word, is dat 50% van die Suid-Afrikaanse jeug op sestienjarige ouderdom seksueel aktief is. Op twintigjarige ouderdom het hierdie persentasie alreeds tot 80% gestyg.

Volgens Margow (1993:87-88), Carr (2002:269), McDowell (1987:36-40) en Bezuidenhout (1998:31-32) lei die volgende faktore tot tienerswangerskap:

- onkunde;
- 'n tiener te dronk was om helder te dink;
- 'n tiener het geen bedoeling gehad om seksueel te verkeer nie – dit het so vinnig gebeur;
- druk van vriend of vriendin;
- "ek het dit net een keer gedoen, waarom nie weer nie?";
- 'n gebrekkige begrip van ware liefde;
- portuurgroepdruk;
- opstandigheid;
- nuuskierigheid;
- 'n uitdrukking van liefde en behoefte aan liefde;
- huislike omstandighede;

- vroeë onafhanklikheid;
- portuurgroepinvloede;
- lae selfbeeld;
- invloede deur die media;
- die houding van die gemeenskap, en
- alleenheid.

Baie mense se lewens word ernstig geraak deur die onverantwoordelike optrede van die tiener. Party ouers voel dat hul kind skande en vernedering oor hulle hele familie gebring het (Margow 1993:88).

Volgens Margow (1993:88-90) en Bezuidenhout (1998:32-38) is daar verskeie opsies wat oorweeg moet word vir die swanger tiener:

- **Aborsie:** dit beteken om die swangerskap te beëindig. Dit kan wettig wees of 'n agterstraataborsie. Laasgenoemde mag ernstige gevolge hê, byvoorbeeld infeksie mag ontstaan, die tiener kan haarself doodbloei of die aborsie mag onvolledig wees.
- **Aanneming:** dit beteken om die kind aan aannemende ouers oor te gee sodat hulle sorg neem oor die kind.
- **Pleegouers:** hulle is daar om na die kind om te sien totdat die tiener in die posisie is om self vir haar kind te sorg. Die kind, sowel as die ouers, mag dit egter traumaties vind as hulle geskei moet word wanneer die tiener weer gereed is om haar rol as moeder oor te neem.
- **Enkelouerskap:** die ouers kan die tiener ondersteun om self haar kind groot te maak.
- **Mediese risiko's:** alhoewel die tiener fisiek volwasse is, is haar liggaam steeds aan die ontwikkeling. Hoe jonger sy is, hoe groter die mediese risiko wanneer sy swanger raak want die baarmoeder het nog nie ten volle ontwikkel nie. Slegs op die ouderdom van 18 of 19 het die baarmoeder volle gereedheid vir swangerskap bereik. Sou die tiener swanger word voor die volle ontwikkeling van die baar-

moeder, mag sy later fisiologiese probleme ontwikkel soos byvoorbeeld die verskuiwing van die baarmoeder.

- **Skoolverlating:** Die tiener moet die skool verlaat as gevolg van swangerskap en die gevolge daarvan is 'n agterstand in die vordering op skool. Daar is 'n onderbreking in die skooljaar wat aanleiding gee tot swak opvoedkundige kwalifikasies wat ook beteken swak werksgeleenthede en swak finansiële vooruitsigte. Dit kan 'n negatiewe invloed hê op die lewe van die moeder sowel as haar baba (Bezuidenhout, 1998:34).

#### 2.2.2.15 Verkragting

Verkragting kan gedefinieer word as seksuele omgang sonder die toestemming van albei partye. Verkragting is wanneer 'n man 'n vrou dwing om teen haar sin seksuele omgang te hê (Margow, 1993:164). Dit is 'n vorm van beide afwykende en kriminele gedrag, want die aksies van die verkragter is teenstrydig met die waardes rondom standvastige en niegewelddadige interpersoonlike verhoudings. Die Suid-Afrikaanse wetgewing onderskei tussen twee vorme van verkragting:

- **Geforseerde verkragting:** dit verwys na seksuele omgang deur geweld te gebruik of die bedreiging met geweld.
- **Statutere verkragting:** dit verwys na seksuele omgang met die manlike of vroulike geslag, wat minderjarig is, sonder wettige toestemming van die betrokke persone vir seksuele omgang. In terme hiervan definieer die Suid-Afrikaanse wetgewing die kriminele aksie van verkragting as onwettig (Bezuidenhout, 1998:133).

Verkragting het niks te make met seksuele begeerte nie, dit gaan oor mag, geweld, oorheersing en vernedering. Dit is altyd vernietigend en vreesaanjaend vir die slagoffer.

Volgens Van Niekerk en Prins (2001:12) vind verkragting, of die poging tot verkragting dikwels plaas wanneer alkohol misbruik word. Dit gebeur wanneer beide die slagoffer sowel as die ander party nie meer in staat is om te besluit of die situasie potensieel gevaarlik word of nie. Op daardie tydstip kan albei partye nie meer helder oor seksuele aktiwiteite kommunikeer nie.

Jaarliks vind daar 1.7 miljoen verkragtings in Suid-Afrika plaas en by die vervolgingsowerhede word 45 000 van die verkragtings deur slagoffers aangemeld. Die land met die hoogste verkragtingsyfer ter wêreld is Suid-Afrika (Du Plooy, 2005:31).

Die moontlike gevolge van verkragting vir 'n leerder is die volgende:

- Swak akademiese prestasie;
- tienerswangerskap;
- seksuele oordraagbare siektes;
- depressie;
- selfmoordneigings;
- skaamheid;
- eetversteurings wat voorkom byvoorbeeld bulimie en anorexia;
- emosionele en fisieke trauma, en
- MIV/VIGS (Cobb, 2001:14-15).

#### 2.2.2.16 MIV/VIGS

MIV verwys na die virus waarmee die mens geïnfekteer kan word en die menslike liggaam se weerstand teen siektes afbreek. Die MI-virus staan bekend as "menslike immunogebreksvirus". VIGS is die finale stadium van infeksie met MIV en word gebruik as afkorting vir die siekte "verworwe immuniteitsgebreksindroom" (Gillis, 1992:101).

Na beraming staar Suid-Afrika die vinnigste groeiende MIV/VIGS-pandemie ter wêreld in die gesig. Resente statistiek dui daarop dat meer as 4 miljoen mense in RSA reeds MIV-positief is en die voorspelling word gemaak dat 2,5 miljoen mense jaarliks aan VIGS sal sterf in die RSA (Coombe, 2000:1). Daar is 'n groot toename in die getal leerders wat daarmee gediagnoseer word. Hierdie toestand kan as die ernstigste gesondheidsprobleem van ons tyd beskou word. Die meeste leerders wat in hul tienerjare besmet word, word eers in hul twintigerjare gediagnoseer met VIGS en daarom beleef hulle hierdie probleem aanvanklik nog nie as ernstig nie. Hulle is geneig om die gevare van MIV/VIGS-besmetting te ignoreer of te ontken (Dickson-Tetteh & Ladha, 2000:395-396).

Daar is die aanname dat daar tans 40 miljoen mense in die wêreld is wat met MIV lewe. Elke 57 sekondes word nog 'n persoon in die RSA met MIV besmet (Coetzee, Hawksley & Louw, 2005:90). Volgens die mees resente bron "HIV and AIDS Prevention, Care and Treatment" (WHO, 2004:4) is daar geen twyfel dat Suid-Afrika tans 'n ernstige MIV-pandemie beleef nie.
Die oorsake vir die verspreiding van MIV/VIGS volgens die "HIV and AIDS Prevention, Care and Treatment" (WHO, 2004:4) is die volgende:

- Onbeskermende seksuele aktiwiteit met 'n persoon wat alreeds MIV-positief is.
- Die oordra van die virus van moeder na kind gedurende die geboorteproses of deur middel van borsvoeding, in die geval van 'n moeder wat MIV-positief is.
- Direkte kontak met die bloed van 'n persoon wat MIV-positief is, byvoorbeeld in die geval waar 'n persoon 'n oop wond het wat in kontak met MIV-positiewe bloed kom.
- Naalde wat gedeel word vir die inspuit van dwelms met 'n persoon wat MIV-positief is.
- Tandeborsels wat gedeel word en deur oopmondsoene kan die virus deur seertjies in die mond versprei.
- Verkragting en seksuele misbruik, deur 'n persoon wat MIV-positief is, kan katastrofiese gevolge hê.

Volgens Coetzee, Hawksely en Louw (2005:90) reageer elke persoon anders wanneer hulle uitvind dat hulle MIV-positief is. Van die volgende emosies mag voorkom:

- **Skok:**

  Onmiddellik na die ontvangs van die nuus dat hulle MIV-positief is, voel baie persone stom, kan nie beweeg of praat nie. Baie voel bewerig, flou of siek.

- **Ontkenning:**

  Dit is natuurlik dat die persoon sal ontken dat die resultaat positief is.

- **Woede:**

  Baie persone voel woedend wanneer hulle uitvind. Hulle mag woede openbaar teenoor die persoon wat hulle aangesteek het, of hulle is woedend vir hulself. Hulle voel ook woedend vir die hele wêreld.

- **Verwarring:**

  Wanneer die persoon geen kennis het van die MI-virus en VIGS nie is hy/sy verward; hy/sy weet nie hoe hy/sy die virus opgedoen het nie.

- **Vrees:**

  Dit is natuurlik om vrees te ervaar. Dit is angswekkend om uit te vind dat 'n lewensgevaarlike virus opgedoen is. Die betrokke persoon mag bang wees om dit oor te vertel en bekommerd wees oor sy/haar toekoms.

Al hierdie emosies is natuurlike reaksies op 'n traumatiese ervaring en kan natuurlik ook gelyktydig voorkom.

Volgens Coetzee, Hawksley en Louw (2005:92) het mediese navorsers tot dusver geen werkbare manier gevind hoe om die virus te bekamp nie. Sommige medisyne kan die manier of die spoed van die virus se verspreiding vertraag, maar geen geneesmiddel is al ontwikkel vir die virus nie.

Gillis (1992:102) bepleit die instelling van 'n portuurhelperprogram om hierdie situasie te help beredder. Hy stel dit soos volg: "Dit is daarvoor dan nou van uiterste belang vir portuurhelpers om soveel moontlik kennis van hierdie pandemie te hê om sodoende betekenisvolle leiding te kan gee en hulp aan te kan bied".

## 2.3 SAMEVATTING

Leerders worstel daagliks met probleme soos dwelm- en alkoholmisbruik waaraan sommige verslaaf is en dit tas later hul brein in so 'n mate aan dat hulle min of geen beheer oor hulleself het nie. Dwelm- en alkoholmisbruik is gevaarlik en as 'n groot hoeveelheid alkohol of dwelmmiddel ingeneem word in 'n kort tydjie kan dit 'n leerder se lewe eis.

Anorexia en bulimie (eetversteurings) is ook probleme waarmee leerders worstel. Depressie en stres hou dikwels verband met anorexia, waar leerders weier om kos in te neem, of bulimie waar 'n grootskaalse ooretery by leerders voorkom.

Familiegeweld vind daagliks in huise plaas en leerders is magteloos, hulle raak depressief en voel baie keer skuldig. Hulle skoolwerk ly gevolglik daaronder omdat hulle geen beheer oor die situasie het nie. Hulle verval maklik in 'n depressiewe toestand, stres neem die oorhand en dit lei tot selfmoordneigings.

Leerders is dikwels ook betrokke by satanisme wat 'n groeiende probleem in Suid-Afrika is. Satanisme gee aanleiding tot dwelm- en alkoholmisbruik en sommige leerders sien dan selfmoord as die enigste uitweg om los te kom van satanisme.

Seksuele misbruik van kinders is 'n groot euwel in Suid-Afrika en die slagoffers ly dikwels aan skuldgevoelens, tree negatief op teenoor hom-/haarself en is skaam oor wat gebeur het. Sulke leerders is baie depressief en selfmoordneigings tree na vore.

MIV/VIGS is een van die grootste gesondheidsprobleme van hierdie eeu waarmee geworstel word. Daar is tot op hede geen geneesmiddel vir MIV/VIGS nie. Die impak van MIV/VIGS moet nie onderskat word nie. Die meeste leerders besef nog nie die erns van die probleem nie.

In hierdie hoofstuk is slegs aandag gegee aan die meer ernstige tipe probleme waarmee leerders worstel. Daarmee wil mens nie beweer dat ander probleme soos leer-, verhoudings-, finansiële, sosiale, geloofsprobleme en vele ander nie ook deur leerders as meer of minder ernstige probleme beleef kan word nie. Tydens die empiriese ondersoek sal gepoog word om vas te stel wat die aard en omvang van die probleme is wat leerders tans ervaar. Uit die ondersoek sal ook bepaal kan word wat die behoefte aan portuurhulp is.

# 3. PORTUURHULP

## 3.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is gekyk na die probleme wat sekondêreskoolleerders ervaar. In hierdie hoofstuk sal daar spesifiek gekyk word na verskeie begrippe soos portuur, portuurhulp, portuurhelpers en moontlike portuurhelperprogramme wat by sekondêre skole geïmplementeer sou kon word om baie van die probleme wat leerders ervaar te ondervang en hulle te help om die probleme te oorkom.

## 3.2 BEGRIPSOMSKRYWINGS

### 3.2.1 PORTUUR

Volgens Du Plooy (2005:33) word die term "portuur" in die HAT (1984:54) vertolk as "gelyke". Dis iemand wat 'n ander ewenaar, dit wil sê hy is nie die mindere nie, ook nie die meerdere van 'n ander nie. Dis iemand waarmee die persoon hom-/haarself kan assosieer, iemand van dieselfde status sowel as sosiale aansien.

Die begrip portuur verwys na die sosiale verhouding wat tussen individue bestaan. Odendaal (2000:452) beskryf hierdie verhouding as 'n verhouding tussen gelykes, terwyl Louw (1990:378) die portuur definieer as twee of meer leerders wat met mekaar in interaksie verkeer, norme en doelstellings deel en wat 'n sekere mate van rol- en statusverdeling ontwikkel het waarvolgens die groep se interaksie gereël word.

Vir die doel van hierdie studie sal met Odendaal en Louw se beskrywings volstaan word.

### 3.2.2 PORTUURHULP

Topping en Ehly (1998:7) omskryf portuurhulp as die hulp wat 'n persoon met soortgelyke ervaringe aanbied vir sy medeportuurgroep, maar wat nie 'n professionele

onderwyser of berader is nie. Deur algemene lewensprobleme te verhelder en om oplossings te identifiseer deur te luister, terugvoering te gee, om saam te vat en positief en ondersteunend te wees. Portuurhulp kan plaasvind tussen 'n portuurhelper en 'n leerder of in groepsverband.

Portuurhulp in die skoolopset beteken dus hulp wat leerders aan medeleerders bied. Leerders tree op as rolmodelle, helpers en leiers vir hulle medeleerders (Topping & Ehly, 1998:8).

Volgens D'Andrea en Salovey (1983:3) is portuurhulp die vaardigheid om aktief te kan luister en om probleme te kan oplos, sowel as om kennis oor geestelike gesondheid te toon en om hulp te kan bied vir leerders van dieselfde ouderdomsgroep, status en kennisvlak.

### 3.2.3 PORTUURHELPER

Volgens Du Plooy (2005:36) moet die term portuurhelper baie duidelik omskryf word omdat daar in die literatuur verwarring voorkom omtrent die betekenis van die begrip. Verwarring word veroorsaak omdat elke portuurhelperprogram bepaalde doelwitte het en na gelang van daardie doelwitte word die portuurhelper opgelei sodat hy/sy die rol kan vervul.

Daar word dan nou gekyk na die beskrywing van terme wat algemeen voorkom (Topping & Ehly,1998:72-89; Myrick & Erney, 1985:71-75):

- **"Peer tutors":** Die begrip "peer tutor" hou meer verband met die hulp aan leerders se akademiese sowel as hul sosiale vaardigheidsontwikkeling en dus sal die "peer tutor" hoofsaaklik opgelei word om ander leerders te help met hul akademiese probleme.
- **"Peer counselors":** Die opleiding wat hierdie persone ontvang, is van so 'n aard dat hulle berading kan gee sowel as praktiese hulp verskaf aan leerders wat dit nodig het.
- **"Peer educators":** Leerders wat veral by MIV/VIGS-voorligtingsprogramme betrokke is en wat inligting en voorligting verskaf aan medeleerders tree op as "peer educators". Die "peer health educators" is leerders wat opgelei word om gesonde leefgewoontes te bevorder onder medeleerders. Temas wat hier

aangeraak word, is die volgende: alkohol-, tabak- en dwelmgebruik, seksuele verhoudings en gesonde leefgewoontes.

- **"Peer leadership":** Is wanneer die leiers van die jeug moet toesien na die gesonde leefgewoontes van ander. Die jeugdiges self bestuur hierdie tipe programme.
- **"Peer mentors":** Dit is wanneer die jeugleier in 'n raadgewende hoedanigheid optree. Hy/sy tree as 'n rolmodel op vir mede-portuurgroeplede. Dikwels is hulle ook leiers wat akademiese raad aan medeleerders gee.
- **"Peer ministry":** Dit is leerders wat spesifiek opgelei is om medeleerders te help ten opsigte van waardes, gedrag en opvattings van die Bybel.

Du Plooy (2005:37) kom tot die volgende omskrywing van 'n portuurhelper: dis iemand wat oor bepaalde karaktertrekke beskik wat hom/haar as natuurlike helper laat uitstaan binne sy/haar portuurgroep, iemand wat volgens streng kriteria geselekteer is en toegewyd is ten opsigte van die hulpverleningsproses. Dit is iemand waarmee ander leerders kan assosieer en waarheen leerders gaan om hulp te ontvang. 'n Portuurhelper is met ander woorde 'n gelyke, maar ook een wat toegerus is om as portuurvriend effektief hulp te verskaf, omdat daar opleiding binne 'n portuurhelpersprogram plaasgevind het.

Morey, Miller, Rosen en Fulton (1993:4) beaam dit en beskryf portuurhelpers ook as opgeleide persone van dieselfde ouderdomsgroep wat bepaalde karaktereienskappe en ervaringe in gemeen het en wat ook dien as 'n ondersteunende krag deur selfwaardigheid te bevorder en ander te bemagtig om hulself te help. 'n Leerder wat hulp soek, moet voel dat die portuurhelper hom/haar verstaan en empaties teenoor hom/haar optree.

Vir die doel van hierdie studie sal daar met bogenoemde omskrywing van 'n portuurhelper volstaan word.

## 3.3 WAT IS 'N PORTUURHELPERPROGRAM?

Volgens Nelson-Jones (1993:27) is 'n portuurhelperprogram 'n formele poging om op 'n verantwoordbare en georganiseerde wyse hulp te verskaf aan die leerder. Portuurhelperprogramme is daar om leerders toe te rus om beter besluite te kan maak, informasie te deel en om vir ander om te gee en om effektief te luister.

### 3.3.1 WATTER BEHOEFTE BESTAAN DAAR AAN PORTUURHELPER-PROGRAMME?

In die ontwerp van 'n effektiewe portuurhelperprogram vir leerders in sekondêre skole moet daar 'n behoeftebepaling gedoen word. Die sukses van die implementering van 'n portuurhelperprogram sal gemeet kan word aan die mate waarin daar aan die behoeftes van leerders van die spesifieke skool voldoen. Dit sal van skool tot skool kan verskil omdat elke skool se leerders se probleme verskillend van aard en omvang kan wees.

### 3.3.2 VEREISTES VIR 'N EFFEKTIEWE PORTUURHELPERPROGRAM

'n Portuurhelperprogram moet aan verskeie vereistes voldoen sodat die portuurhelper effektief van hulp kan wees vir die medeleerder wat probleme ervaar.

Volgens Du Plooy (2005:38-39) is die volgende vereistes noodsaaklik:

- **Deeglike beplanning**
  - Daar moet 'n deeglike ondersoek ingestel word om vas te stel wat die behoeftes is van die teikengroep van so 'n program
  - Daar moet ook gekyk word na die missie en visie sowel as die doelwitte en prosedures wat voortspruit uit die resultate van die behoeftebepaling
- **Verantwoordelike bestuur sowel as organisatoriese struktuur**
- **Die geleentheid moet gebied word vir geselekteerde portuurhelpers om hul beter te bekwaam deur:**
  - opleiding te ontvang,
  - van professionele persone gebruik te maak,

* 'n goedgekeurde kurrikulum te gebruik, en
* van beproefde opleidingsmetodes gebruik te maak.

- **Portuurhelpers moet op informele en formele wyse aan medeleerders bystand kan bied soos byvoorbeeld deur:**
  * Ondersteuning/hulp/bystand te verleen en
  * die nodige inligting te verskaf.
- **Moet korrekte verwysings na professionele persone kan doen.**
- **Hulle moet korrekte terugvoer aan professionele persone kan gee oor die werk wat gedoen is.**
- **'n Portuurhelperprogram moet persoonlike verryking en groei meebring.**
- **Die portuurhelperprogram moet voortdurend geëvalueer word.**

Volgens Du Plooy (2005:41) is die belangrikste voorwaardes vir die suksesvolle implementering van 'n portuurhelperprogram dat die stelsel se werkswyse en rasionaal gefundeer moet wees op die spesifieke behoeftes waarbinne die gemeenskap funksioneer, daarom sal al die portuurhelperprogramme nie presies ooreenstem nie.

Verskillende tipes programme uit die literatuur is volgens Du Plooy (2005:41-47) en Topping en Ehly (1998:73-82) die volgende:

- **Portuurhelpersprogramme** wat fokus op die toerusting van portuurhelpers sodat die portuurhelper van hulp kan wees vir die medeleerder om sodoende te voorkom dat probleme ernstige afmetings aanneem.
- **Portuurberadingsprogramme ("Peer counseling").** Hierdie programme fokus op die gevorderde hulpverlening aan die portuurleerder om bekommernisse aan te spreek en die oplossing van probleme te vind. Opgeleide portuurberaders lewer onder toesig interpersoonlike hulp aan ander leerders onder toesig.
- **Portuurtutorprogramme.** Hierdie programme konsentreer op die verbetering van die akademiese prestasie van die leerder. Portuurhelpers word opgelei om mede-portuurleerders te help met akademiese probleme en om hulle te ondersteun. Die portuurhelper tree dan ook op as tutor, voog of leermeester. Portuurtutors is

opgelei en gemotiveer om kwaliteitinteraksie rondom uitdagende akademiese take te hanteer.

- **Portuurkonflikhanterings- en bemiddelingsprogramme ("Peer conflict management and mediation").** By hierdie programme word daar spesifiek gekyk na die hantering en bemiddeling van konflik deur van portuurhelpers gebruik te maak.
- **Portuurbediening ("Peer ministry").** Hierdie programme is teologies ingestel waar daar gefokus word op die hulpverlening en groei en geloofsontwikkeling wat gebaseer is op Christelike beginsels, denke sowel as optrede.
- **Portuurmentore ("Peer mentors").** Hier word die portuurhelpers gebruik om as toesighouers, raadgewers, leiers en rolmodelle op te tree om sodoende 'n omgewing wat gesond is, te bevorder. Dit word verskeie kere in die akademiese hulpprogramme aangetref.
- **Portuurvoorligtingsprogramme ("Peer educators").** Die programme fokus op die bevordering van 'n positiewe gesonde omgewing deur die onderrig in waardes, positiewe gedrag en die beginsels van 'n gesonde leefstyl. Die portuurgroeplede wat van die programme gebruik maak, word ook gebruik as studie- en loopbaan-voorligters in sekere akademiese kringe.

Die verskillende tipes portuurhelperprogramme is uiteengesit en daar moet nou gekyk word na watter tipe program sal voldoen aan die vereistes wat in die studie gestel word. In hoofstuk 1 is in die probleemstelling gestel dat daar 'n groot aantal leerders is wat daagliks worstel met verskillende tipes probleme en hulle een of ander vorm van hulp nodig het. Daarom is dit nodig dat daar met 'n program vorendag gekom moet word waardeur leerders mekaar op 'n formele wyse kan help. Die hulpgewende leerders (portuurhelpers) moet toegerus word met basiese hulpverleningsvaardighede sodat die regte steun en hulp gebied kan word. 'n Portuurhelperprogram is dus 'n geskikte program vir die probleem wat in hierdie studie gestel is.

## 3.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar aandag gegee aan die verskillende begripsomskrywings, byvoorbeeld portuur, portuurhulp, portuurhelpers sowel as 'n portuurhelperprogram wat by sekondêre skole geïmplementeer kan word. Die portuurhelperprogram is daar om die leerders wat probleme ervaar van hulp te kan voorsien of om hulle na professionele persone te verwys wanneer dit 'n meer ernstige tipe probleem is.

HOOFSTUK 4

# 4. RIGLYNE VIR DIE ONTWERP EN IMPLEMENTERING VAN 'N PORTUURHELPERPROGRAM IN SEKONDÊRE SKOLE

## 4.1 INLEIDING

In hoofstuk 3 is daar gekyk na die verskillende begripsomskrywings sowel as die verskillende programme vir portuurhulp. In hierdie hoofstuk gaan daar aandag geskenk word aan 'n moontlike portuurhelperstelsel wat in sekondêre skole geïmplementeer kan word.

Daar sal ook gekyk word na die riglyne vir die implementering van 'n portuurhelperprogram. Daar sal verder gekyk word na die seleksie en keuring van portuurhelpers, die opleiding van portuurhelpers en die kriteria waaraan 'n portuurhelperprogram moet voldoen. Daar sal ook gekyk word na die vaardighede en kennisinhoude waaroor portuurhelpers behoort te beskik.

Volgens Robinson en Monroe (1991:3-4) behoort bepaalde riglyne gevolg te word vir die effektiewe daarstel van 'n portuurhelperprogram vir sekondêre skole. Die riglyne sal vervolgens bespreek word.

Ten eerste moet daar 'n behoeftebepaling gedoen word en nadat die behoefte van die teikengroep bepaal is, kan daar dan voortgegaan word om 'n program te ontwerp vir die opleiding van portuurhelpers.

## 4.2 INFORMELE EN FORMELE STELSELS

### 4.2.1 DIE KEUSE VAN 'N INFORMELE OF FORMELE PORTUURHULP-STELSEL BY SKOLE

'n Skool sal in die eerste plek moet besluit op watter wyse hulle 'n portuurhelperprogram wil implementeer. Daar kan hoofsaaklik van 'n informele óf 'n formele stelsel óf 'n kombinasie van die twee gebruik gemaak word (Robinson & Monroe, 1991:4).

### 4.2.2 DIE INFORMELE STELSEL

'n Informele portuurhulpstelsel is 'n stelsel waar van vrywilligers wat aanmeld om as portuurhelpers opgelei te word, gebruik gemaak word. Geen keuring vind plaas nie, daarom kan enige leerder opgelei word om sy/haar eie probleemhanteringsvaardighede te verbeter en op 'n informele wyse ook ander leerders te kan help (Robinson & Monroe, 1991:4). In so 'n geval sal die skool poog om soveel as moontlik leerders op te lei in probleem- en konflikhanteringsvaardighede, sowel as interpersoonlike hulpverleningsvaardighede. Die leerders sal in so 'n geval nie amptelik deel vorm van 'n formele portuurhelpersprogram/-stelsel nie.

'n Ander vorm van informele portuurhulp sou wees om die leerlingraad (verteenwoordigende raad van leerders) op te lei in die nodige hulpverleningsvaardighede.

Die voordeel van 'n informele stelsel is dat baie leerders opgelei kan word in hulpverleningsvaardighede en dat elkeen beter in staat sal wees om sy/haar eie probleme te hanteer en terselfdertyd hul portuur te help met probleemhantering. 'n Verdere voordeel is dat, aangesien dit 'n vrywillige stelsel is, die skool nie direk aanspreeklik gehou kan word vir leerders wat dalk verkeerde advies aan hulle portuur sou gee nie.

In die geval waar die leerlingraad bemagtig is met die vaardighede om ook as portuurhelpers op te tree, lê die voordeel daarin dat die skool nie 'n afsonderlike stelsel van portuurhelpers hoef in te stel en te bestuur nie.

Die nadeel van die informele stelsel is, omdat dit nie 'n formeel-gestruktureerde stelsel is nie, daar geen beheer sal wees nie. Daar sal dus geen kontrole of terugvoering wees oor watter tipe hulpverlening plaasvind en of dit effektief was nie. Daar is verskeie gevare verbonde aan so 'n situasie, byvoorbeeld dat leerders te betrokke kan raak by

ander se probleme, verkeerde advies gee, of leerders met ernstige probleme nie oorreed om professionele hulp te kry nie (Okun, 1997:7).

### 4.2.3 'N FORMELE PORTUURHELPERPROGRAM

'n Formele portuurhelperprogram is 'n stelsel wat deur die skool daargestel word. Die identifisering en opleiding van portuurhelpers moet op 'n formele wyse geskied en die stelsel moet streng bestuur word (Okun, 2002:14).

'n Tipiese wyse hoe so 'n stelsel geïmplementeer kan word, is soos volg: die skoolhoof, voogonderwyser/es, of die voorligtingonderwyser/es sal verantwoordelik wees vir die identifisering van portuurhelpers. Leerders is nie almal dieselfde nie, dus is die portuurhelper se identifisering noodsaaklik om die effektiewe hulp en leiding te kan verwerklik. Die vereiste vir die suksesvolle identifisering van die portuurhelper is dat die interaksie tussen die onderwyser en leerling spontaan en eerlik sal wees. Leerders wat die gewone leiersposte in die skool beklee, kan ook in ag geneem word (De Wet, 1981:119).

Die skoolhoof speel 'n belangrike rol en het bepaalde verantwoordelikhede om te vervul ten opsigte van die skool se bestuur. Badenhorst (1986:6) beskryf dit soos volg: "Bestuur behels die uitvoering van handelinge of funksies wat daarop gemik is om die funksionele werksaamhede te laat slaag. Bestuursake soos veral kommunikasie, köordinering, beplanning, organisasie en motivering sal veral tot hulle reg moet kom." Volgens Badenhorst (1986:7) is die skoolhoof oorhoofs verantwoordelik en sal hy/sy dus ook verantwoordelik wees vir die portuurhelperstelsel. Sekere take kan gedeligeer word na die voogonderwyser/es of voorligtingonderwyser/es. Die portuurhelpers is uiteindelik die persone wat op grondvlak die stelsel moet implementeer en bestuur. Hulle kan 'n eie komitee vorm wat op 'n gereelde basis aan die voogonderwyser/ voorligtingonderwyser rapporteer.

Die skoolhoof as bestuurder wat veral as köordineerder en delegeerder optree, moet 'n bestuursplan of -model daarstel om die stelsel effektief te kan bestuur. 'n Volledige bestuursplan is dus noodsaaklik vir die praktiese implementering van 'n portuurhelperstelsel (Chuenyane,1991:54).

Die formele stelsel word deur Chuenyane (1991:55) in 'n organigram voorgestel:




* Die aantal verteenwoordigers is 'n willekeurige getal en sal bepaal word deur die grootte van die skool en die behoefte aan portuurhulp by die betrokke skool.

## 4.3 DIE EFFEKTIEWE BESTUUR VAN DIE PORTUURHELPER-PROGRAM

### 4.3.1 BEGRIPSOMSKRYWING

Bestuur kan omskryf word as 'n sosiale proses waar die bestuurder deur beplanning, organisasie, leidinggewing, toesig en beheer, die aktiwiteite van 'n groep mense köordineer ten einde spesifieke doelstellings te bereik ( De Wet, 1981:42 ).

Weihrich en Koontz (1993:48 ) skryf dat bestuur in wese 'n proses is waarin 'n persoon of persone binne die struktuur van 'n organisasie probeer om optimale toestande te skep vir die verskillende persone wat 'n reeks take in 'n toepaslike samehang moet uitvoer om die optimale resultate te lewer.

Badenhorst (1986:6) definieer bestuur soos volg: "Bestuur behels die uitvoering van handelinge of funksies wat daarop gemik is om die funksionele werksaamhede te laat

slaag." Hierdie funksionele werksaamhede bestaan uit beplanning, opleiding, organisasie en koördinering.

Badenhorst (1986:6) en Du Plooy (2005:55) onderskei die volgende vier take van bestuur soos volg:

- **Beplanning** behels die algemene verloop van die ontwerpproses om konkrete doelwitte te bereik.
- **Organisasie** dui op die proses om die regte mense, fasiliteite en middele aan die gestelde doelwitte te koppel sodat dit kan realiseer.
- Die **koördineringstaak** begin wanneer die georganiseerde aktiwiteite tot uitvoering gebring word.
- Die vierde taak van bestuur is **evaluering** en dit behels die nagaan van die resultate van die projek om die suksesvolheid daarvan aan te dui.

Daar kan dus volstaan word met die gevolgtrekking dat bestuur beplanning, organisasie, beheer en leiding is.

Vir die effektiewe implementering van 'n portuurhelperstelsel is dit nodig dat dit reg bestuur word, vervolgens sal daar na 'n paar belangrike aspekte van die bestuur van die portuurhelperstelsel gekyk word.

### 4.3.2 SKOOLHOOF: PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Die skoolhoof as bestuurder wat veral as koördineerder en delegeerder optree moet 'n bestuursplan opstel om die portuurhelperstelsel effektief te laat verloop.

Die hoof is verantwoordelik vir die beplanning, motivering en organisasie van die portuurhelperprogram. Die skoolhoof as bestuuurder het 'n verantwoordelikheid om 'n klimaat van hulpverlening in die skool te skep en te vestig. Sy verhoudinge met die onderwysers en die leerders dien as basis vir die samewerking wat verkry kan word om die portuurhelperprogram te laat realiseer (Weihrich & Koontz, 1993:49).

Normaalweg sal die hoof sekere bestuurstake delegeer na een óf meer onderwysers óf 'n komitee wat dan sekere verantwoordelikhede aanvaar. In die praktyk sal die voorligtingonderwyser of voogonderwyser hiermee getaak word.

### 4.3.3 VOOGONDERWYSER/VOORLIGTER: PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Dit is die plig van die voog/voorligtingonderwyser om die portuurhelperprogram aan die leerders bekend te stel (bemark). Hy/sy moet die aansoeke hanteer van leerders wat opgelei wil word om as portuurhelpers op te tree.

Die voorligtingonderwyser is ook verantwoordelik vir die keuring, opleiding en opvolgkursusse van die portuurhelpers. Hy/sy is ook daar om om te sien na die algemene bestuur van die stelsel en hy/sy moet op 'n gereelde basis verslag lewer aan die skoolhoof (Chuenyane, 1991:63).

### 4.3.4 PORTUURHELPERS: PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Die portuurhelpers se plig is om leerders te help wat probleme ervaar en om sinvolle leiding te gee aan sulke leerders, of in meer ernstige gevalle hulle te oorreed om deur middel van die voogonderwyser profesionele hulp te kry. Hulle moet ook rekord hou van al die leerders wat hulle spreek en hulle moet ook op 'n gereelde grondslag rapporteer aan die voorligtingonderwyser in verband met leerders met probleme. Opvolgwerk moet ook gedoen word met leerders wie se probleme aangemeld is. Portuurhelpers moet die opvolgkursusse wat aangebied word gereeld bywoon. Hulle plig is ook om die vertroue van hul portuurgroep te verkry en om met empatie op te tree. Die portuurhelpers wat opgelei word, moet met sorg en omgee hul portuur help met hulle probleme (De Wet, 1981:39).

### 4.3.5 PORTUURHELPERPORTFOLIO

Volgens De Jager (2003:1-2) moet die portuurhelpers aangemoedig word om portfolios te maak waarin al hul werksaamhede gereflekteer word. Die portfolio dien as 'n bewys van die kennis wat die portuurhelper tydens die inisiële en opvolgopleidingsessies verwerf het en hoe dit toegepas is in die hulpverleningsessies wat hulle met leerders gehad het. Die portuurhelper kan dit ook as 'n instrument gebruik om sy/haar persoonlike groei te monitor en kan ook vir sy/haar verdere ontwikkeling aangewend word. Tydens terugvoersessies met die voogonderwyser kan die portfolio gebruik word om die effektiwiteit en groei van die portuurhelper te monitor. Die portuurhelpers se portfolio

kan aan die einde van die termyn ingeneem word vir evaluering van hul werksaamhede en die wat deeglike werk verrig het, kan dan byvoorbeeld beloon word met 'n sertifikaat.

## 4.4 SELEKSIE EN KEURING VAN PORTUURHELPERS

Die portuurhelper is die sleutel tot die sukses van 'n portuurhelperprogram. Die seleksie en keuring van portuurhelpers moet op 'n weldeurdagte wyse geskied. Die vereiste vir die suksesvolle seleksie van die leerders is dat die interaksie tussen onderwyser en leerling so spontaan en eerlik sal wees dat die identifisering nie slegs deur die skoolhoof gedoen sal word nie, maar ook deur die onderwysers en leerders self (Doyle, 1992:317).

Al die leerders wat gekies wil word om as portuurhelpers op te tree moet 'n keuringsproses deurgaan. Die seleksie van leerders kan slegs gemaak word wanneer die personeel wat verantwoordelik is vir die leerlinge, aktief betrokke is by die leerlinge se aktiwiteite en hulle dus goed ken (Stamnes & Ann, 1991:2).

Leerders van die skool kan ook gevra word om name te gee van leerders wat hulle graag as portuurhelpers wil hê. Op so 'n wyse kan daar 'n eerste vorm van seleksie gedoen word en die genomineerde kandidate kan dan deur 'n verdere keuringsproses geneem word (Robinson & Morrow, 1991:2).

Daar sal ook gekyk moet word na die kriteria vir die seleksie en keuring van portuurhelpers. 'n Algemene kriteria volgens Nelson-Jones (1992:8-9) kan soos volg uiteengesit word:

- Toegewydheid,
- om op jou gemak te wees wanneer jy met iemand moet werk,
- uithouvermoë,
- selfgemotiveerdheid,
- nie verdedigend optree nie,
- sterk interpersoonlike- en kommunikasievaardighede,
- gemaklik wees met konfliksituasies,
- moet weldeurdagte besluite kan neem,
- leierskapvaardighede en

- sensitiwiteit teenoor ander kan openbaar.

Gillis (1992:76-79) is meer spesifiek en stel die volgende kriteria vir die seleksie en keuring van leerders wat wil optree as portuurhelper. Die leerder moet oor die volgende eienskappe beskik:

- Empaties wees,
- eerlik wees,
- opreg wees,
- nie verwaand wees nie,
- sensitief wees,
- nie impulsief wees nie,
- mensgerig wees,
- nie veroordeel nie,
- 'n goeie luisteraar wees,
- objektief wees,
- vertrouenswaardig wees,
- nie outoriter wees nie,
- spontaan wees en
- vertroulikheid kan handhaaf.

Okun (2002:41-42) stel op sy beurt die volgende kriteria vir die seleksie en keuring van portuurhelpers:

- Etiese gedrag toon,
- bepaalde kennis hê van hulpverlening,
- belangstelling toon in medeleerders,
- empaties wees,

- vertroulik wees,
- respek toon,
- positief wees,
- warmte uitstraal,
- goeie luisteraar wees, en
- eerlik wees, ensovoorts.

Uit bogenoemde stelle kriteria kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat uitstaande kenmerke van portuurhelpers die volgende moet wees: hulle moet eerlik wees, empatie kan toon, respek hê, 'n goeie luisteraar wees en baie belangrik is dat 'n portuurhelper vertroulikheid moet kan handhaaf. Hierdie kenmerke moet in gedagte gehou word wanneer leerders geselekteer en gekeur word om as portuurhelpers op te tree.

Uit De Jager (2004) en Vreken (2004) se opleidingsprogramme kan die volgende temas oorweeg word vir insluiting in 'n effektiewe opleidingsprogram vir portuurhelpers:

- Aandaggewende nieverbale kommunikasievaardighede.
- Effektiewe gesprek-/onderhoudvoering.
- Luistervaardighede wat insluit dat die helper empaties moet kan luister deur gerig te wees op die leerder se gevoelens, nie te oordeel nie en om insig en begrip te probeer ontwikkel vir die leerder se situasie, optrede en gevoelens.
- Verskillende tipe vrae en effektiewe vraagstellingstegnieke.
- Besluitnemings- en probleemoplossingsvaardighede.
- Waardes. Dit is daardie iets wat aan die grondslag lê van al ons oortuigings, gedagtes, menings, gedrag en elke keuse wat ons maak. Wanneer ons 'n keuse moet maak, sal ons waardes bepaal wat vir ons die belangrikste is/swaarste weeg. Waardes bepaal dus wat ons voel en dink en sê en doen. Waardes speel dus 'n baie belangrike rol in elkeen van ons se lewens.
- Vertroulikheid en etiek.
- Ego-rolmanipulering.

- Selfhandhawende kommunikasie.

In die opleidingsprogram kan die volgende addisionele temas ook oorweeg word:

- Verhoudingsprobleme,
- akademiese probleme,
- emosionele en sosiale probleme,
- konflikhantering,
- MIV/VIGS,
- die misbruik van dwelms- en alkohol,
- verkragting, ensovoorts (De Jager, 2003).

Die "Peer Helping Brochure and National Standards" (2002:1) noem ook die volgende addisionele temas wat in die opleidingprogram ingesluit kan word:

- MIV/VIGS,
- emosionele en sosiale probleme,
- verhoudingsprobleme,
- konflikhantering,
- seksueel verwante probleme, byvoorbeeld onbeplande swangerskappe, verkragting, seksueel oordraagbare siektes, ens.,
- spesifieke probleemareas soos die misbruik van dwelms, alkohol, rook en
- groepsfasiliteringstegnieke.

## 4.5 OPLEIDING VAN PORTUURHELPERS

### 4.5.1 ONTWIKKELING VAN 'N GESKIKTE OPLEIDINGSPROGRAM

Om 'n opleidingsprogram te ontwikkel, is dit altyd nodig om die kurrikulumsiklus (Calitz, du Plessis & Steyn, 1982) te volg. Volgens genoemde skrywers is dit 'n sikliese proses wat bestaan uit 'n situasieanalise, formulering van doelstellings en doelwitte, seleksie van leerinhoude, seleksie van 'n strategie en metodes van opleiding asook evaleuring om te bepaal of die doel/uitkomste bereik is. By die ontwerp van 'n opleidingsprogram vir portuurhelpers sal genoemde stappe gevolg moet word en die riglyne wat hieruit geformuleer word, sal bepaal hoe effektief portuurhelpers opgelei kan word.

### 4.5.2 SITUASIEANALISE: BEHOEFTE AAN OPLEIDING

#### 4.5.2.1 Watter opleidingsbehoeftes bestaan daar?

In hoofstuk 2 is daar melding gemaak van probleme waarmee leerders in sekondêre skole daagliks worstel. Dit is probleme soos byvoorbeeld dwelm- en alkoholmisbruik, verkragting, depressie, groepsdruk, selfmoord, familiegeweld, finansiële probleme, bulimie, anorexia, satanisme, tienerswangerskap, MIV/VIGS, ensovoorts. Leerders wat hierdie tipe probleme ervaar, maak meestal staat op hul portuurgroep om hul probleme mee te deel en soek dan raad of oplossings. Daar is dus 'n behoefte aan opleiding van die portuurhelpers sodat hulle die nodige ondersteuning aan medeleerders kan gee (Thomas & Thomas, 1996:27).

Volgens Hamblin (1993:143-144) sal die portuurhelper hulp moet verleen deur die regte begeleiding te gee, belang te stel in die leerder wat probleme ervaar en die vertroue van die leerder te wen.

Die portuurhelper moet so opgelei word dat wanneer hy/sy hulp verleen, daar 'n interaktiewe handeling plaasvind. Die probleem wat die leerder het, moet ontsluit word sodat daar 'n oplossing gevind kan word. Om laasgenoemde moontlik te maak moet daar 'n analise gemaak word van die probleem sodat die doel bereik kan word (Steyn, 1982:11).

#### 4.5.2.2 Watter kenmerke behoort 'n portuurhelper te hê?

In paragraaf 4.4 is die kenmerke waaroor 'n portuurhelper behoort te beskik, genoem. Dit sluit die volgende kenmerke in:

- Empaties wees,
- eerlik wees,
- opreg wees,
- nie verwaand wees nie,
- sensitief wees,
- nie impulsief wees nie,
- mensgerig wees,
- nie oordeel nie,
- 'n goeie luisteraar wees,
- objektief wees,
- vertrouenswaardig wees,
- nie outoritêr wees nie, en
- spontaan wees.

In 'n opleidingsprogram sal daar dus ruimte geskep moet word om bogenoemde kenmerke by die kandidate te ontwikkel.

### 4.5.3 DOELSTELLINGS

Die doel van die opleiding moet daarop ingestel wees om aan die behoeftes te voldoen. Die doel van die opleiding van portuurhelpers is dat hulle die nodige kennis moet opdoen sodat hulle van hulp kan wees vir die leerders met probleme. Die taak en funksie van 'n portuurhelper is dus die volgende:

- Om hulp te verleen aan leerders met probleme;
- die wen van vertroue by leerders;

- opvolgbesoeke aan 'n leerder met 'n probleem;
- om korrekte begeleiding te gee;
- belangstel in die leerder wat probleme ervaar;
- meelewing/ervaring met die leerder;
- begrip van leerder se probleem;
- moet regte leiding kan gee;
- moet die nodige steun verskaf en
- moet vertroue tussen hom/haar en portuur vaslê.

Sinvolle leiding moet aan die leerder met probleme gegee kan word en die portuurhelper sal moet leer fokus op die probleem en die oplossing daarvan. Die opleiding moet van so aard wees dat die hulpverleningsaksie van die portuurhelper effektief in die praktyk toegepas kan word. Portuurhelpers moet dus opgelei word in effektiewe besluitneming.

#### 4.5.3.1 Kennis waaroor portuurhelpers behoort te beskik

Leerders wat as portuurhelpers optree, sal oor die volgende kennis moet beskik om hulle medeleerders met probleme te kan help:

- Kennis van die tipe probleme waarmee hulle moontlik te doen kan kry.
- Kennis van probleme wat nie deur 'n portuurhelper hanteer behoort te word nie, maar eerder verwys moet word na 'n professionele persoon.
- Die portuurhelper moet oor kennis beskik om in die hulpsituasie korrek op te tree.
- Kennis van die hulpverleningsvaardighede wat as belangrik beskou word.
- Kennis van maniere waarop ondersteuning verleen kan word aan portuurlede.
- Kennis van die impak van kontemporêre probleme op jongmense op verskeie vlakke, byvoorbeeld op emosionele-, sosiale- en sielkundige vlakke (Nelson-Jones, 1992:130-133).

Die opleidingsprogram sal dus voorsiening moet maak vir die onderrig en leer van bogenoemde kennisinhoude.

#### 4.5.3.2 Vaardighede waaroor portuurhelpers moet beskik

Dit is belangrik vir 'n goeie portuurhelper om die volgende vaardighede te hê (Carkhuff, 1983:100-102):

- Luistervaardighede.
- Beradingsvaardighede.
- Kommunikasievaardighede.
  - vraagstelling,
  - parafrasering,
  - interpretasie van nieverbale boodskappe,
  - aandaggewing en
  - refleksie van gevoelens.
- Ondersteuningsvaardighede op 'n
  - sosiale vlak,
  - emosionele vlak en
  - fisieke vlak.

Hierdie vaardighede sal tydens die opleidingsprogram ontwikkel moet word en dit moet in gedagte gehou word dat vaardighede slegs ontwikkel kan word indien genoegsame praktiese inoefening gedoen word.

##### 4.5.3.2.1 Gesindheid

Volgens Hamblin (1993:143-144) moet 'n portuurhelper se gesindheid een wees van hulpvaardigheid, probleemoplossing en simpatie. Die gesindheid van die portuurhelper moet nie passief of sonder belangstelling wees nie. Die portuurhelper moet alles in sy/haar vermoë doen om met beleefdheid, gewilligheid en goedgesindheid die hulpsoekende te help. Die helper moet ook belangstel in die leerder wat hulp soek, ook

bemoedigend wees en geduldig en die helper moet hom/haarself weerhou om kritiek uit te lok (Okun, 2002:31; Long, 1996:70-71).

#### 4.5.3.2.2 Waardes

Waarde beteken "valere". Dit is 'n Latynse woord en die betekenis daarvan is "wat werklik waardevol is, wat nastrewenswaardig is, wat iets werklik die moeite werd maak". Die hoogste prioriteite in die lewe is in werklikheid waardes. Keuses word gemaak aan die hand van waardes, daarom gee waardes rigting. Waardeopvoeding is 'n integrale deel van opvoeding en waardes is belangrik vir die leerder wat as portuurhelper optree. Daarom moet die portuurhelper spesifieke waardes besit soos meegevoel, deursettingsvermoë, betroubaarheid, welwillendheid en die in ag neem van ander, vriendskap, eerlikheid, bedagsaamheid, respek, empatie en konsiderasie (Okun, 2002:232-233; De Klerk, 2004:13; Rens *et al.*, 2005:7,15; Doyle, 1992:13-14).

### 4.5.4 OPLEIDINGSMETODES EN -TEGNIEKE

Daar is verskillende metodes van opleiding wat oorweeg kan word vir die opleiding van portuurhelpers. Daar is ook verskeie ander aspekte van die opleiding wat in gedagte gehou moet word, naamlik:

- Die metodes van opleiding kan op die ervaringsleermodel gebou word en is interaktief en ervaringsgerig van aard. Die werkswyse word aangevul deur begeleidings- en besprekingsaktiwiteite. Die opleidingsessies sluit die volgende in: groepswerk en praktiese inoefening (Du Plooy, 2005:62).
- Opleidingsessies moet deurlopend gehou word. Dit kan byvoorbeeld elke vier tot ses weke plaasvind nadat die inisiële opleiding voltooi is. In die begin van die akademiese jaar kan die helpers geselekteer word en kan die opleiding gedurende die eerste kwartaal plaasvind. Die opleidingsessies kan van 15 minute tot 2 ure duur, dit hang af van die verskillende aktiwiteite wat gedoen moet word. Sommige aktiwiteite kan miskien langer duur as die voorgestelde tyd. Gedurende die tweede en derde kwartaal kan daar opvolgsessies plaasvind (Topping & Ehly, 1998:212-213).

- Terugvoering van elke hulpverleningsessie wat 'n portuurhelper gehou het, is nodig. Besprekings kan gehou word, inligting uitgeruil word, advies kan gevra word en 'hartskoonmaak' ("debriefing") kan plaasvind.
- Die persoon/persone wat die opleiding aanbied, moet die portuurhelpers ondersteun gedurende die opleidingsessie.
- Aan die einde van die opleiding kan aan elke portuurhelper 'n sertifikaat gegee word as erkenning vir die kennis en vaardighede waaroor hulle beskik (Topping & Ehly, 1998:212-214; Du Plooy, 2005:62).
- Die opleidingsprogramme sou na-ure by die skool aangebied kon word, wat dan meer tyd sou bied vir praktiese inoefening van hulpverlenings- en bestuursvaardighede (Gillis, 1992:40-41).
- Simulasietegnieke soos gevallestudies en rolspel om vaardighede en tegnieke in te oefen (Hamblin, 1993:51). Rolspel is waar die portuurhelpers deur 'n dialoogvoering praat oor die probleem en daar dan hulp aangebied word, of waar daar professionele hulp nodig is, sal die portuurhelper die leerder dan verder verwys (Okun, 2002:171).

### 4.5.5 EVALUERING VAN DIE OPLEIDING

Evaluering van die opleiding is belangrik en daar kan byvoorbeeld van vraelyste en/of onderhoude gebruik gemaak word om te bepaal of die opleiding suksesvol was of nie (Du Plooy, 2005:64-65).

### 4.5.6 SAMEVATTING

Die opleiding van portuurhelpers is 'n uiters belangrike aspek van die hele stelsel en die sukses van die stelsel hang grootliks daarvan af. Vir skole sal dit raadsaam wees om die opleiding van portuurhelpers aanvanklik in die hande van professionele opleiers te laat en/of van hulle personeel te laat oplei om as opleiers van portuurhelpers op te tree.

## 4.6 EVALUERING VAN DIE STELSEL

Evaluering is 'n belangrike aspek van bestuur en instandhouding van 'n portuurhelper-program in sekondêre skole. Evaluering het ten doel om die proses, impak en resultate van die portuurhelperprogram by die skool te ondersoek en dit moet op 'n gereelde basis plaasvind (Topping & Ehly, 1998:60).

Evaluering moet daarom uitsprake gee oor die volgende aspekte:

- die geslaagdheid van die portuurhelperprogram;
- die kwaliteit van die program, en
- die geskiktheid van die program vir die leerders (Calitz, du Plessis & Steyn, 1982:68).

Volgens Du Plooy (2005:64-65) is evaluering 'n aspek wat belangrik is vir die instand-houding en bestuur van 'n portuurhelperprogram. Om die impak en resultate van die portuurhelperprogram te ondersoek, moet evaluering gereeld plaasvind. Vraelyste en/of onderhoude kan byvoorbeeld gebruik word om te bepaal of die opleidingsproses van portuurhelpers suksesvol was.

Daar kan ook van impak-evaluering gebruik gemaak word, wat fokus op die effek wat die portuurhelpersprogram op die portuurhelpers, sowel as die hulpsoekers binne 'n bepaalde tydperk gehad het. Onderhoude kan met portuurhelpers en die hulpsoekers gehou word om te bepaal of daar enige probleme of leemtes is en of die hulpverlening effektief was (Du Plooy, 2005:65).

## 4.7 ETIESE KODES VIR PORTUURHELPERS

Etiek in hulpverlening is nie 'n abstrakte of akademiese oefening nie, dit is nodig en moet deurgaans gehandhaaf word. 'n Etiese kode is van kardinale belang vir portuurhelpers en dien as 'n instrument om hulpsoekende leerders te beskerm.

Volgens Jones, Shillito-Clarke, Syme, Hill, Casemore en Murdin (2000:9) is daar die volgende etiese waardes waaraan deurgaans voldoen moet word:

- Verantwoordelikheid,

- betroubaarheid en
- doelgerigtheid.

Welfel (2002:68) meen dat neutraliteit en konfidensialiteit die belangrikste aspekte van etiese gedragsmaatreëls vir portuurhelpers is.

Volgens die NPHA (National Peer Helpers Association, 2002:10) in die VSA, is die volgende etiese waardes van groot belang:

- Persoonlike toegewydheid tot die portuurhelpersprogram.
- Agting vir die individu se reg op menswaardigheid, selfontwikkeling en selfbestuur.

Etiese kodes word volgens Jones, Shillito-Clarke, Syme, Hill, Casemore en Murdin in Welfel (2002: 41-43) op die volgende pilare gebou:

- Weldadigheid ("beneficence") – om die goeie te doen.
- Onskadelikheid ("non-maleficence") – veroorsaak die minste skade.
- Geregtigheid ("justice") – wat reg is.
- Respek outonomie – om die maksimum geleenthede vir 'n korrekte keuse te benut.

Konfidensialiteit (vertroulikheid) is 'n etiese term wat wys na die hulpsoekende se reg tot privaatheid. Die belangrikheid van konfidensialiteit neem sy roete vanuit die genoemde etiese pilare. 'n Gevaar van die breek van konfidensialiteit laat hulpsoekende leerders verraai voel en dat daar inbraak gemaak is op sy/haar privaatheid (Welfel, 2002:69).

Daar kan tot die slotsom gekom word dat konfidensialiteit hoë prioriteit moet geniet wanneer dit kom by portuurhulp. Tydens die opleiding van portuurhelpers moet die etiese kode 'n belangrike plek inneem. Volgens die opleidingsprogramme wat De Jager (2003) en Vreken (2004) volg, word daar ruim tyd afgestaan aan hierdie aspek en moet die kursusgangers onder begeleiding van die fasiliteerder (opleier) self op 'n etiese kode besluit.

## 4.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die riglyne gestel (volgens die literatuur) vir die ontwerp en implementering van 'n portuurhelperstelsel in sekondêre skole. Daar is in besonder gelet op die keuse wat 'n skool moet uitoefen tussen 'n informele, formele of gekombineerde stelsel waar portuurhelpers volgens riglyne opgelei word om as portuurhelpers op te tree. Sodoende kan medeleerders wat probleme ervaar op 'n effektiewe wyse gehelp word en hulle kan begelei word om by 'n oplossing van die probleem te kom. Waar 'n probleem gekompliseerd is, kan die portuurhelper met die toestemming van die hulpsoeker (onder leiding van die voogonderwyser) professionele hulp probeer kry.

Daar is ook gelet op die effektiewe bestuur van die portuurhelperprogram wat die verantwoordelikhede van die skoolhoof, voogonderwyser/voorligter en die portuurhelpers insluit sowel as die seleksie en keuring van die portuurhelpers.

Daar is gebruik gemaak van die kurrikulumsiklus van Calitz, Du Plessis en Steyn om 'n opleidingsprogram te ontwikkel. Dit is 'n sikliese proses wat bestaan uit 'n situasie-analise en behoeftebepaling, die formulering van doelstellings, seleksie van kennis-inhoude waaroor portuurhelpers behoort te beskik sowel as die evaluering van die opleidingsprogram. Evaluering van die hele program moet op 'n gereelde basis plaasvind en uitsprake gee oor die geslaagdheid, kwaliteit en die geskiktheid van die program.

Waardes soos empatie, respek en eerlikheid speel ook 'n belangrike rol in portuurhulp.

By die etiese kode speel konfidensialiteit 'n baie belangrike rol en die portuurhelper moet altyd probeer objektief bly. Etiese kodes word ook op pilare gebou wat die volgende behels: weldadigheid, onskadelikheid, geregtigheid en respek vir outonomie. In die volgende hoofstuk gaan daar gefokus word op die empiriese ondersoek.

# HOOFSTUK 5

## 5. EMPIRIESE ONDERSOEK

### 5.1 INLEIDING

Uit hoofstuk 2 blyk dit duidelik dat leerders daagliks voor probleme en uitdagings te staan kom. Die meer ernstige tipe probleme waarmee leerders worstel, is in hoofstuk 2 uiteengesit. In hoofstuk 3 is verskeie begrippe oor portuur en portuurhulp omskryf en die moontlikheid van 'n portuurhelperprogram in sekondêre skole is deur middel van 'n literatuurstudie ondersoek.

In hoofstuk 4 is die literatuurstudie voortgesit om die riglyne vir die ontwerp van 'n portuurhelperprogram in sekondêre skole te bepaal. Uit die literatuur het geblyk dat een van die belangrikste riglyne in die ontwerp en implementering van 'n portuurhelper-program is dat daar deeglik ondersoek ingestel moet word na die behoefte van die spesifieke populasie waar die stelsel geïmplementeer gaan word. In hierdie hoofstuk gaan die empiriese ondersoek wat uitgevoer is, volledig bespreek word.

Die meetinstrument wat in die empiriese ondersoek gebruik is, sal beskryf word, asook die ondersoekgroep en die metode van ondersoek. Die statistiese tegnieke wat gebruik is om inligting te verwerk en te ontleed sal ook beskryf word. Ten slotte sal die resultate weergegee, vertolk en bespreek word.

### 5.2 DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Om die doel van hierdie studie te bereik, moes vasgestel word of daar werklik 'n behoefte by leerders in sekondêre skole bestaan om van 'n portuurhelperstelsel by skole gebruik te maak. Die doel van die behoeftebepaling kan soos volg geformuleer word:

- Om die aard en omvang van probleme van leerders in sekondêre skole te bepaal.
- Om vas te stel hoe leerders tans hulle probleme hanteer om by oplossings uit te kom.

- Om vas te stel in watter mate leerders al van professionele hulp gebruik gemaak het.
- Om vas te stel of leerders bereid sal wees om hulle probleme met iemand soos 'n portuurhelper te bespreek.
- Om vas te stel watter vereistes leerders in sekondêre skole aan portuurhelpers sou stel voordat hulle bereid sal wees om van hulle hulp gebruik te maak.

## 5.3 NAVORSINGSMETODE

Vervolgens sal die metode van navorsing breedvoerig bespreek word. Dit sluit die navorsingsontwerp, die navorsingsprosedure, die meetinstrument asook die ondersoek-groep in.

### 5.3.1 NAVORSINGSONTWERP

Empiriese navorsing is onderneem om, deur middel van 'n opnameprosedure met gestruktureerde vraelyste, die behoefte aan portuurhulp by sekondêre skole te bepaal. Hierdie vraelyste is ontwikkel deur van relevante inligting uit die literatuur gebruik te maak.

### 5.3.2 NAVORSINGSPROSEDURE

Die Distriksbestuurder van Onderwys in Klerksdorp is skriftelik om toestemming genader om die empiriese navorsing by die skole in die Klerksdorp-onderwysdistrik te onderneem. Toestemming is skriftelik toegestaan (bylaag B). Die skoolhoofde van die verskillende sekondêre skole in Klerksdorp is daarna skriftelik om toestemming genader om hullle samewerking te kry en praktiese reëlings in verband met die uitvoer van die navorsing te tref. Die voorligtingonderwysers verbonde aan hierdie skole het die vraelyste in klasverband laat voltooi.

Die vraelyste is deur die hoofde van elke skool ontvang, wat dit aan die betrokke voorligtingonderwysers in die verskillende graadgroepe oorhandig het om dit onder die leerders te versprei. Die leerders het dit in klasverband voltooi en die voltooide vraelyste is weer deur die voorligtingonderwyser ingeneem.

### 5.3.3 MEETINSTRUMENT

Vir die doel van die studie is 'n vraelys ontwikkel om die behoefte aan portuurhulp in sekondêre skole te bepaal. Die vraelys is in Afrikaans sowel as in Engels beskikbaar gestel.

#### 5.3.3.1 Die vraelys as instrument vir die betrokke behoeftebepaling

Volgens Basson (1999:149) en Huysamen (1995:155) word die vraelys as navorsingsinstrument gebruik om die volgende redes:

- Slegs een lokaal word benodig.
- Dit kan by groot groepe toegepas word.
- Die hele groep kan gelyktydig die vraelyste invul.
- Die navorser (of 'n gedelegeerde persoon) is in beheer van die voltooiing van die vraelyste ten einde die optimale respons te verseker.
- Die vraelys is tydbesparend.

Al bogenoemde faktore was van toepassing op die onderhawige studie en daarom is van 'n vraelys gebruik gemaak vir die insameling van inligting.

Die vraelys is opgestel in oorleg met prof. N.J. Vreken (Skool vir Opvoedkunde en Opleiding) en het uit 'n afdeling A en 'n afdeling B bestaan waarop gerespondeer moes word (kyk bylaag A vir volledige vraelys).

Sekere biografiese inligting is ingewin met afdeling A, naamlik die geslag van die leerder, die graadgroep waarin die leerder is en die huistaal van die leerder. Die leerder moes bloot 'n keuse uitoefen deur 'n kruisie in die toepaslike blokkie te maak.

In afdeling B, by vraag 1 van die vraelys, het die navorser gebruik gemaak van die Likertskaal. Die respondente moes op 'n vyfpuntskaal aandui in watter mate die stelling wat aan hulle voorgehou is op hulle van toepassing is. Die keuse wat die respondent dan uitoefen, verteenwoordig die persoon se houding teenoor die bepaalde saak (Jacobs *et al.*, 1988:233).

Vir hierdie doel is die volgende vyfpuntskaal gebruik:

1. nooit
2. selde
3. soms
4. altyd
5. nie van toepassing

Punt vyf van die vyfpuntskaal is op aanbeveling van die Statistiese Konsultasiedienste van die Noordwes-Universiteit in die vraelys opgeneem om te verhoed dat leerders vrae op die merklyste onbeantwoord laat.

Die opsies wat geselekteer is vir vraag 1 is verteenwoordigend van die tipiese maniere waarop leerders by sekondêre skole tans hulle probleme hanteer (Vreken *et al.*, 2003).

Die doel van vraag 2 was om vas te stel hoeveel van die respondente al van professionele hulp moes gebruik maak om hulle te help om probleme wat hulle teëkom te hanteer.

Met vraag 3 is daar gepoog om vas te stel of die respondente bereid sou wees om van die hulp en ondersteuning van iemand soos 'n portuurhelper gebruik te maak. Hulle moes op 'n vierpuntskaal die mate van bereidwilligheid aandui.

Met vraag 4 is die respondent die geleentheid gegee om die kenmerke waaraan 'n portuurhelper moet voldoen te rangskik in orde van belangrikheid van een tot tien. Die vraag is op hierdie wyse gestel omdat 'n vorige ondersoek (Du Plooy, 2005) getoon het dat die respondente al die vereistes as baie belangrik beskou. Deur die respondente in hierdie ondersoek te vra om die vereistes te rangskik volgens belangrikheid is gehoop om 'n beter prentjie te kry van die relatiewe belangrikheid van die onderskeie kenmerke.

Vraag 5 het aan die respondent 42 tipe probleme gestel wat hy/sy op 'n vyfpuntskaal moes aandui in watter mate die tipe probleme deur hom/haar ervaar word:

- Voortdurend (elke dag)
- Gereeld (meer as 1x per maand)
- Soms (1x per semester)

- Af en toe (1x per jaar)
- Nooit

'n Sesde opsie is op aanbeveling van Statistiese Konsultasiedienste ingesluit vir die respondente wat voel dat die vraag nie op hulle van toepassing is nie.

Die probleme wat in die vraelys voorgehou is, is geselekteer vanuit die literatuurstudie (hoofstuk 2) en ruimte is vir die respondente in die antwoordstel gelaat om enige ander probleme wat hulle ervaar, of al ervaar het te lys.

### 5.3.4 ONDERSOEKGROEP

Die teikengroep vir die studie was sekondêreskoolleerders. Vir die doel van die ondersoek is besluit op sekondêre skole in die Klerksdorp-onderwysdistrik. Agt skole was bereid om aan die ondersoek deel te neem. Gerieflikheidshalwe is daar besluit om slegs twee graad 9-klasse en twee graad 11-klasse per skool by die vraelysondersoek te betrek en om die betrokke skole te versoek om op 'n voorgeskrewe ewekansige wyse 20 leerders per klas te selekteer om die vraelyste te voltooi. Die skole wat in die ondersoek betrek is, verteenwoordig die diversiteit van die gemeenskap sowel as van die tipe skole in die huidige onderwysstelsel in Suid-Afrika (vgl. tabel 5.1). Dit het die veralgemeningswaarde van die resultate van die ondersoek vir ander skooldistrikte verhoog.

#### 5.3.4.1 Populasie

Veertig graad 9-leerders en veertig graad 11-leerders van die agt skole is betrek. Altesaam was dit 640 leerders. Al die leerders het die vraelyste ingevul.

TABEL 5.1: SKOLE WAT AAN DIE ONDERSOEK DEELGENEEM HET

| Aantal skole | Historiese Status | Kultuur | Onderrigmedium | Same-stelling | Ligging |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Bevoorreg en minder bevoorreg | Multi | Afrikaans en Engels | Gemeng | Alabama |
| 1 | Bevoorreg en minder bevoorreg | Multi | Engels en Afrikaans | Gemeng | Manzilpark |
| 2 | Bevoorreg | Multi | Engels | Gemeng | Klerksdorp |
| 2 | Bevoorreg | Multi | Afrikaans | Gemeng | Klerksdorp |
| 2 | Minder bevoorreg | Multi | Engels | Gemeng | Jouberton |

### 5.3.5 GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID VAN DIE VRAELYS

Dit is belangrik dat 'n vraelys goed ontwerp word aangesien dit die geldigheid en betroubaarheid daarvan verhoog. Volgens Jacobs *et al.* (1988:229) word die geldigheid van 'n meetinstrument soos die vraelys dikwels bepaal deur die mate waarin dit aan sy doel beantwoord. Om te verseker dat die vraelyste al die inligting inwin wat nodig is en wel meet wat dit veronderstel is om te meet, is die vraelys ontwikkel in oorleg met die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) (Vreken *et al.*, 2003). Die vraelys is verder ook aan kundiges (oor portuurhulp) in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe voorgelê vir kommentaar en om te bepaal of die Afrikaanse en Engelse vraelyste presies ooreenstem in vorm en betekenis. Die vraelyste is ook aan vier sekondêreskoolleerders voorgehou vir kommentaar.

### 5.3.6 STATISTIESE TEGNIEKE

Die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) is versoek om die vraelys se inligting te verwerk. Daar is hoofsaaklik van beskrywende statistiek gebruik gemaak, naamlik die berekening van persentasies, rekenkundige gemiddeldes en gemiddelde gewigte.

## 5.4 RESULTATE

Die resultate van die empiriese ondersoek sal vervolgens in tabelvorm aangebied word en daarna bespreek word.

### 5.4.1 BIOGRAFIESE INLIGTING (AFDELING A VAN DIE VRAELYS)

#### 5.4.1.1 Aantal respondente per skool

Die aantal respondente per skool wat vraelyste voltooi het, word in tabel 5.2 uiteengesit.

**TABEL 5.2 AANTAL RESPONDENTE PER SKOOL**

| Skool | Aantal respondente | % |
|---|---|---|
| **1** | 80 | 12.5 |
| **2** | 80 | 12.5 |
| **3** | 80 | 12.5 |
| **4** | 80 | 12.5 |
| **5** | 80 | 12.5 |
| **6** | 80 | 12.5 |
| **7** | 80 | 12.5 |
| **8** | 80 | 12.5 |
| **Totaal** | **640** | **100.0** |

Volgens tabel 5.2 het die voorgeskrewe aantal leerders per skool (80) wel aan die ondersoek deelgeneem en almal het die vraelys ingevul.

#### 5.4.1.2 Geslag van die respondente

TABEL 5.3 SAMESTELLING VAN DIE RESPONDENTE VOLGENS GESLAG

| Geslag | N | % |
|---|---|---|
| Manlik | 260 | 40.7 |
| Vroulik | 379 | 59.3 |
| Totaal | **639** | **100.0** |

*1 respondent het nie geslag aangedui nie.

Uit tabel 5.3 blyk dit dat heelwat meer dogters aan die ondersoek deelgeneem het as seuns. Die verskil in die persentasie seuns en dogters in die steekproewe is te wyte aan die feit dat daar meer meisies in die betrokke klasse was.

#### 5.4.1.3 Samestelling van die respondente volgens hul grade

Die volgende tabel toon die samestelling van die ondersoekgroep volgens die grade waarin hulle is:

TABEL 5.4 GRAAD VAN DIE RESPONDENTE

| Graad | N | % |
|---|---|---|
| 9 | 318 | 49.7 |
| 11 | 322 | 50.3 |
| Totaal | **640** | **100.0** |

Uit die inligting in tabel 5.4 is dit interessant om daarop te let dat van die 640 leerders wat aan die ondersoek deelgeneem het, daar 'n goeie eweredige verspreiding is tussen die graad 9- en 11-leerders.

#### 5.4.1.4 Samestelling van die respondente volgens moedertaal

Met die vraelys is daar voorsiening gemaak vir leerders om aan te toon of hulle moedertaal Afrikaans, Engels, Tswana of 'n ander taal is.

TABEL 5.5: TAALGROEP VAN DIE RESPONDENTE

| Taalgroep | N | % |
|---|---|---|
| Afrikaans | 214 | 34.0 |
| Engels | 74 | 11.8 |
| Tswana | 220 | 34.9 |
| Ander | 122 | 19.4 |
| Totaal | **630** | **100.0** |

*10 het nie taalgroep aangedui nie.

Uit tabel 5.5 is dit duidelik dat alhoewel 6 skole Engels as onderrigmedium het, slegs 'n klein persentasie van die leerders Engels as huistaal het. Dit is 'n aanduiding dat heelwat respondente dus nie noodwendig deur medium van hul huistaal onderrig ontvang nie. Die meerderheid respondente se moedertaal is Tswana. Op navraag by die skole is vasgestel dat die redelike groot aantal respondente onder die kategorie "Ander" hoofsaaklik die ander swart tale in Suid-Afrika verteenwoordig.

## 5.5 AFDELING B VAN DIE VRAELYS

### 5.5.1 AANTAL RESPONDENTE WAT AL VAN PROFESSIONELE HULP GEBRUIK GEMAAK HET

Die aantal respondente wat al van professionele hulp gebruik gemaak het en om probleme te hanteer, word in tabel 5.6 saamgevat.

TABEL 5.6: PROFESSIONELE HULPVERLENING ONTVANG

| Kategorie Respondente | Totaal | Ja N | Ja % | Nee N | Nee % |
|---|---|---|---|---|---|
| Seuns | 251 | 43 | 17.1 | 208 | 82.9 |
| Meisies | 374 | 97 | 25.7 | 277 | 73.3 |
| Totaal | **625** | **140** | **22.4** | **485** | **77.6** |

*15 leerders het nie 'n aanduiding gegee of hulle al van professionele hulp gebruik gemaak het nie.

Dit blyk volgens tabel 5.6 dat 140 van die respondente professionele hulp ontvang het en 485 het nog nie van die hulp gebruik gemaak nie, en 14 het glad nie aangedui of hulle al professionele hulpverlening ontvang het, of nie.

### 5.5.2 VEREISTES WAT AAN PORTUURHELPERS GESTEL WORD

Daar is gepoog om vas te stel watter vereistes respondente aan 'n portuurhelper sou stel voor hulle die vrymoedigheid sou neem om hom/haar te nader met 'n probleem, met ander woorde, om die hulpverleningsproses te betree. In tabel 5.7 word resultate vir die hele groep weergegee.

**TABEL 5.7: VEREISTES WAT AAN PORTUURHELPERS GESTEL WORD**

| Vereiste | Hele groep | |
|---|---|---|
| | **Gemiddelde rangorde (uit 10)*** | **Rangorde vir groep** |
| **Eerlikheid en opregtheid** | 3.20 | 2 |
| **Vertroulikheid** | 3.18 | 1 |
| **Goeie luistervaardighede** | 4.57 | 3 |
| **Respek toon** | 4.61 | 4 |
| **Hulpvaardigheid** | 5.77 | 6 |
| **Vriendelikheid** | 5.40 | 5 |
| **Toeganglikheid** | 6.82 | 7 |
| **Objektiwiteit (kies nie kant nie)** | 7.06 | 9 |
| **Geduld** | 6.88 | 8 |
| **Volwassenheid** | 7.50 | 10 |

*Elke respondent moes die vereistes in rangorde van 1 tot 10 plaas. Die gemiddelde rangorde wat aan elke vereiste toegeken is, is bereken.

Uit die resultate in tabel 5.7 blyk dit dat die belangrikste vereiste wat aan 'n portuurhelper gestel behoort te word, vertroulikheid is (gemiddelde rangorde = 3.18).

Vertroulikheid word beskou as die belangrikste vereiste omdat leerders wat probleme ervaar nie wil hê dat iemand anders daarvan te wete moet kom nie. Hulle sal dus na iemand toe gaan wat hulle in hulle vertroue kan neem soos 'n portuurhelper wat opleiding ondergaan het en wat 'n etiese kode afgelê het dat alles vertroulik sal bly. Inligting sal slegs (met die hulpsoeker se toestemming) selektief bekend gemaak word wanneer professionele hulp benodig word.

Die vereiste wat tweede op die lys is, is eerlikheid en opregtheid (3.20). Dit wil sê die leerder wat hulp soek, verwag dat die helper eerlik en opreg moet optree.

Die derde vereiste is goeie luistervaardighede (4.57). Wanneer 'n leerder hulp soek, speel kommunikasievaardighede 'n belangrike rol – nieverbale sowel as verbale kommunikasie. Goeie kommunikasie kan die hulpsoeker aanmoedig om openlik oor sy/haar probleem te praat. Die leerder wat optree as helper moet met empatie kan luister en respondeer. Sodoende kan die hulpsoeker sien dat die portuurhelper sy/haar situasie opreg probeer verstaan (Long, 1996:167-169).

Respek is die vierde vereiste (4.61) wat 'n leerder met probleme aan 'n portuurhelper stel. Uit die ondersoek blyk dit dat die leerder met respek behandel wil word ongeag die probleem wat na vore tree. Daar moet dus nie op hom/haar neergekyk word nie. Volgens Okun (2002:7) is respek 'n positiewe eienskap van die helper waardeur hy/sy openheid, eerlikheid, waardering, erkenning en verdraagsaamheid teenoor die hulpsoeker toon.

Die vyfde vereiste is vriendelikheid (5.40). Dit is belangrik om vriendelik te wees sodat leerders wat hulp soek weet dat daar persone is waarna hulle kan gaan wat warmte na hulle sal uitstraal en dit op 'n verbale sowel as 'n nieverbale wyse doen en sodoende wys dat die helper vir hulle omgee (Du Plooy, 2005:84).

Die ander vereistes word as relatief minder belangrik beskou. Dit beteken nie dat hulle nie belangrik is nie.

Om saam te vat, kan volstaan word met die volgende twee stellings deur Okun:

- Die effektiwiteit van enige gegewe strategie is afhanklik aan die vlak van vertroulikheid tussen die helper en die hulpsoeker. Vertroulikheid word ontwikkel deur die gebruikmaking van bepaalde kommunikasievaardighede binne 'n empatiese konteks. Empatie is die verstaan van die ander persoon se situasie volgens

daardie persoon se verwysingsraamwerk. Dit is van uiterse belang vir effektiewe hulpverlening (Okun, 2002:7).

- Portuurhelpers moet effektiewe kommunikasievaardighede toepas om 'n hulpverhouding te ontwikkel met die leerders vir wie hulle help. Empatiese kommunikasievaardighede is die kern van effektiewe menseverhoudings (Okun, 2002:7).

Okun sê dus dat vertroulikheid, empatie en kommunikasievaardighede belangrik is vir die leerders wat hulp soek terwyl die respondente sê dat vertroulikheid, eerlikheid en opregtheid sowel as luistervaardighede belangrik is vir die leerders wat hulp soek.

### 5.5.3 AARD EN OMVANG VAN PROBLEME WAT LEERDERS ERVAAR

In tabel 5.8 word die aard en gemiddelde gewig van probleme wat leerders ervaar voorgestel. Elke respondent moes 'n "gewig" toeken van 1 (ten volle/daagliks) tot 5 (glad nie). Die gemiddelde gewig van die gewigte wat al die respondente toegeken het, is bereken. Op grond daarvan is 'n rangorde toegeken aan elke tipe probleem.

**TABEL 5.8 AARD EN GEMIDDELDE GEWIG VAN PROBLEME WAT LEERDERS ERVAAR**

| Aard van probleem | Gemiddelde gewig | RO |
|---|---|---|
| **Emosionele probleme** | 3.22 | 4 |
| **Liefdesprobleme** | 2.78 | 12 |
| **Studieprobleme** | 3.19 | 7 |
| **Loopbaanvooruitsigte (gaan ek eendag werk kry?)** | 3.25 | 3 |
| **Verhoudingsprobleme met mense van ander rassegroepe** | 2.17 | 28 |
| **Verhoudingsprobleme met ander leerders (klasmaats)** | 2.51 | 19 |
| **Probleme met onderwysers** | 2.44 | 21 |
| **Geloofsprobleme** | 2.10 | 32 |

| | | |
|---|---|---|
| Geldelike probleme | 2.80 | 11 |
| Probleme met jou ouers | 2.73 | 13 |
| Selfbeeldprobleme | 2.65 | 15 |
| Huweliksprobleme van jou ouers | 2.12 | 31 |
| Skuldgevoelens oor jou drankmisbruik (waar van toepassing) | 2.06 | 33 |
| Skuldgevoelens oor jou rookgewoontes (waar van toepassing) | 2.05 | 36 |
| Skuldgevoelens oor jou seksuele aktiwiteite (waar van toepassing) | 2.06 | 34 |
| Skuldgevoelens oor jou gedrag in die algemeen | 2.19 | 27 |
| Skuldgevoelens oor jou humeur/aggressie | 2.55 | 17 |
| Bekommernis oor die toekoms | 3.20 | 5 |
| Bekommernis oor die misdaad en geweld in ons land | 3.36 | 2 |
| Bekommernis oor die sin van die lewe | 3.19 | 6 |
| Bekommernis oor die sin van jou studies | 3.38 | 1 |
| Probleme met selfdissipline | 2.61 | 16 |
| Probleme met jou gesondheid (VIGS, kanker, diabetes, ens.) | 2.70 | 14 |
| Probleme met jou eetgewoontes (anoreksia, bulimie) | 2.31 | 25 |
| Probleme met jou voorkoms | 2.41 | 22 |
| Probleme met jou werksdruk (te veel werk) | 3.11 | 9 |
| Spanning, stres | 3.11 | 8 |
| Eensaamheid | 2.53 | 18 |
| Selfmoordgedagtes | 2.12 | 30 |

| | | |
|---|---|---|
| **Satanisme** | 1.78 | 41 |
| **Depressie** | 2.36 | 23 |
| **Molestering** | 1.84 | 40 |
| **Familiegeweld** | 2.04 | 37 |
| **Emosionele misbruik** | 2.21 | 26 |
| **Groepsdruk** | 2.16 | 29 |
| **Afknouery** | 2.03 | 38 |
| **Swangerskap/aborsie** | 1.96 | 39 |
| **Armoede** | 2.31 | 24 |
| **Verwerking van die dood van 'n ouer, familielid of vriend(in)** | 2.89 | 10 |
| **Verkragting** | 2.05 | 35 |
| **Konfliksituasies (rusies, onenigheid, bakleiery)** | 2.48 | 20 |

**Top 20-probleme wat leerders ervaar**

In tabel 5.9 is die top 20-probleme wat deur leerders ervaar word gelys.

**TABEL 5.9 TOP 20-PROBLEME**

| Probleem | Rangorde | Gewig uit 5 |
|---|---|---|
| **Sin van studies** | 1 | 3.38 |
| **Misdaad en geweld in die land** | 2 | 3.36 |
| **Loopbaanvooruitsigte (gaan ek eendag werk kry?)** | 3 | 3.25 |
| **Emosionele probleme** | 4 | 3.22 |
| **Bekommernis oor die toekoms** | 5 | 3.20 |
| **Bekommernis oor die sin van die lewe** | 6 | 3.19 |
| **Studieprobleme** | 7 | 3.19 |

| | | |
|---|---|---|
| **Spanning/stres** | 8 | 3.11 |
| **Probleme met jou werksdruk** | 9 | 3.11 |
| **Die verwerking van die dood van 'n ouer, familielid of vriend(in)** | 10 | 2.89 |
| **Geldelike probleme** | 11 | 2.80 |
| **Liefdesprobleme** | 12 | 2.78 |
| **Probleme met jou ouers** | 13 | 2.73 |
| **Probleme met jou gesondheid (VIGS, kanker, diabetes, ens.)** | 14 | 2.70 |
| **Selfbeeldprobleme** | 15 | 2.65 |
| **Selfdissipline** | 16 | 261 |
| **Skuldgevoelens oor jou humeur/aggressie** | 17 | 2.55 |
| **Eensaamheid** | 18 | 2.53 |
| **Verhoudings met ander leerders** | 19 | 2.51 |
| **Konfliksituasies (rusies, onenigheid, bakleiery)** | 20 | 2.48 |

Uit die tabel 5.9 blyk dit dat die probleme wat die respondente ervaar grootliks dieselfde is as die wat in hoofstuk 2 bespreek is. Enkele van hierdie probleme sal nou verder toegelig word.

**Die sin van studie** is die probleem wat die hele groep die meeste kwel. Die afleiding kon gemaak word dat leerders geen nut daarin sien om op akademiese gebied te presteer nie, omdat hulle onseker is oor hul loopbane. Dit hang waarskynlik saam met hul bekommernis oor die toekoms (5de). Leerders sien in hul gemeenskappe hoe matriekleerders wat alreeds klaar is met skool, sukkel om werk te kry en hulle sien selfs persone met grade wat nie werk kry nie. Baie leerders weet ook dat hulle ouers nie die finansies het om hulle te stuur om verder te gaan studeer nie. Baie ouers, sowel as leerders, weet nie dat daar finansiële hulp by verskeie instansies verkrygbaar is vir verdere studies nie. Daar is verskeie beurse en lenings beskikbaar vir verdere studie. Hier kan die portuurhelper 'n belangrike rol speel deur inligting aan die hulpsoekende leerders te gee. Sodoende word die leerders in staat gestel om beter besluite oor hulle

toekoms te neem. Portuurhelpers kan ook van kundiges op die gebied van studiebeurse en -lenings gebruik om leerders by skole die toepaslike voorligting te gee.

**Misdaad en geweld in die land** is tweede op die rangordelys van probleme wat die leerderpopulasie kwel. Misdaad en geweld is 'n daaglikse gebeurtenis waar persone gekaap word, by huise en motors ingebreek word en sommige persone ernstig beseer of vermoor word om van die slagoffer se besittings te bekom. Van die leerders sien dit waarskynlik ook in hul eie ouerhuise waar familiegeweld plaasvind. Portuurhelpers kan gebruik word om leerders bewus te maak van die gevare wat bestaan, en om slagoffers van geweld by te staan, of hulle te help om kundige hulp te bekom.

**Loopbaanvooruitsigte** (3de) word ook deur die leerders gesien as een van die grootste probleme. Hier kan die portuurhelper 'n belangrike rol speel en 'n inligtingsprogram oor loopbane kan by hul opleiding ingesluit word. Portuurhelpers kan reël dat kundiges die leerders kom toespreek oor verskillende loopbane, die vereistes van die bepaalde beroepe om toegelaat te word en die kostes verbonde aan die opleiding vir die beroepe.

Die daaropvolgende probleme kan saamgegroepeer word, naamlik **studieprobleme (7de), werksdruk (9de) en spanning (8ste).** Die werksdruk op leerders is baie groot. Hulle moet byvoorbeeld projekte uitwerk, navorsing moet in hierdie verband gedoen word, tuiswerk moet gedoen word en dan moet leerders ook nog leer vir toetse. Vir die hardwerkende leerder bring dit baie spanning mee. Vir die leerder wat studieprobleme ervaar, bring dit eweneens baie spanning. Portuurhelpers by 'n skool sou inisiatief kon neem om leerders te help deur studiemetodevoorligtings-, tydsbestuurskursusse, ensovoorts te reël.

Leerders is ook bekommerd oor hul **gesondheid** veral seksueel oordraagbare siektes. Dit versprei soos 'n veldbrand weens vrye geslagtelike verkeer. Volgens Du Plooy (2005:91) kan 'n bewusmakingsveldtog oor MIV/VIGS sowel as die implikasies van seksuele aktiwiteite geloods word. Leerders kan dan op so 'n wyse bewus gemaak word van die gevare wat seks voor die huwelik inhou. Portuurhelpers sou 'n groot rol hierin kon speel.

**Liefdesprobleme** word ook as 'n redelike ernstige probleem uitgelig deur die studiepopulasie. Leerders het nie net 'n behoefte daaraan om liefde te gee nie, hulle moet ook liefde ontvang. Die emosie wat meeste leerders (tieners) vrees, is **eensaamheid.** 'n

Leerder wie se gesin baie probleme het, het iemand nodig om vir hom/haar om te gee en bo alles hom/haar lief te hê. Die wete dat iemand hulle liefhet en dat hulle ander lief kan hê is 'n behoefte van elke tiener wat bevredig moet word. Portuurhelpers kan hier 'n belangrike rol speel.

**Geborgenheid, aanvaarding en 'n gesonde selfbeeld** sowel as om hulle lief te hê is vir enige leerder belangriker as geld, geskenke, opvoeding of 'n goeie familienaam (McDowell, 1989:40-41).

### 5.5.4 WYSE WAAROP LEERDERS PROBLEME HANTEER

TABEL 5.10 WYSE WAAROP LEERDERS PROBLEME HANTEER

| Wyse | Gemiddelde gewig (uit 4) | RO |
|---|---|---|
| **Praat met my ouers** | 2.69 | 3 |
| **Praat met my predikant/pastoor** | 2.59 | 7 |
| **Praat met 'n goeie vriend(in)** | 3.09 | 2 |
| **Praat met 'n leerlingraadslid** | 1.54 | 8 |
| **Praat met 'n onderwyser(es)** | 1.77 | 6 |
| **Reël 'n afspraak met 'n professionele persoon bv. sielkundige, berader, ens.** | 1.41 | 9 |
| **Bly stil en probeer om dit self te hanteer** | 2.30 | 4 |
| **Bly stil en hoop maar die probleem sal weggaan of homself oplos** | 1.94 | 5 |
| **Bid daaroor** | 3.28 | 1 |

Uit tabel 5.10 blyk dit dat meeste respondente bid oor die probleme wat hulle ervaar. Hulle hoop en vertrou dat hulle probleme op so 'n wyse opgelos word. Die afleiding kan gemaak word dat respondente baie waarde heg aan hul geloof en godsdiens.

Baie respondente bly stil oor die probleme wat hulle ervaar en maak dit aan niemand bekend nie. Hulle hou dit vir hulself en dit wil voorkom asof dit 'n geheim is. Hulle het in

die stilligheid ook daardie hoop dat die probleem sal verdwyn. Hulle hoop ook dat daar 'n uitweg of 'n oplossing sal kom sonder dat enigiemand daarvan weet. Dit was die vyfde hanteringswyse van probleme deur respondente.

Die sesde wyse hoe respondente probleme hanteer, is dat hulle na 'n onderwyser(es) toe gaan. Hulle neem dan die onderwyser(es) in hul vertroue en deel hul probleme mee. Hulle hoop en vertrou ook dat daar hulp sal kom van die kant van die onderwyser(es).

Die agtste wyse van probleemhantering is waar die respondente gebruik maak van iemand wat in die leerlingraad dien. Hulle gaan soek hulp by die leerder met die hoop om gehelp te kan word. Hulle soek vir 'n uitweg vir hul probleme en 'n oplossing daarvoor.

Die laaste uitweg is die negende wyse van probleemhantering waar die respondente wat hulp soek na 'n professionele persoon gaan. Wanneer daar gepraat word van professionele hulp sal daar in baie gevalle 'n stigma aan kleef. Persone glo dat dit is net "mal mense" wat vir professionele hulp gaan. Daarom kan die afleiding gemaak word dat dit die rede is waarom respondente dit laaste gelys het.

### 5.5.5 BEREIDHEID OM VAN PORTUURHELPERS GEBRUIK TE MAAK

**TABEL 5.11 LEERDERS SE BEREIDHEID OM VAN PORTUURHELPERS GEBRUIK TE MAAK**

| | N | % |
|---|---|---|
| **Leerders wat bereid sou wees om van portuurhelpers gebruik te maak.** | 615 | 96.09 |
| **Leerders wat nie bereid sou wees om van portuurhelpers gebruik te maak nie.** | 25 | 3.91 |
| **Totaal** | 640 | 100.00 |

Uit tabel 5.11 blyk dit dat die meerderheid respondente (96.09%) bereid sou wees om van portuurhelpers gebruik te maak om hulle probleme mee te deel. Hier is 'n duidelike bewys dat portuurgroepe leun en steun op mekaar en as makkers vir mekaar omgee. Hulle vertrou mekaar en het begrip en empatie vir mekaar. Dit sluit aan by die tendens

dat individue eerder met 'n vriend(in) – met ander woorde iemand uit die portuurgroep sal praat (tweede in rangorde volgens tabel 5.10).

## 5.6 RESULTATE VAN DIE VERSKILLENDE SUBGROEPE

### 5.6.1 AANTAL RESPONDENTE WAT AL VAN PROFESSIONELE HULP GEBRUIK GEMAAK HET

**TABEL 5.12 PROFESSIONELE HULPVERLENING ONTVANG (VOLGENS GESLAG)**

| Kategorie Respondente | Totaal | Ja | | Nee | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % |
| Seuns | 251 | 43 | 17.1 | 208 | 82.9 |
| Meisies | 374 | 97 | 25.7 | 277 | 73.3 |
| Totaal | 625 | 140 | 22.4 | 485 | 77.6 |

*15 leerders het nie 'n aanduiding gegee of hulle al van professionele hulp gebruik gemaak het nie.

Nege van die 14 leerders wat nie aangedui het nie was seuns en die oorblywende vyf was meisies. Uit die inligting blyk dit dat 'n groter persentasie dogters (25.7%) al van professionele hulpverlening gebruik gemaak het teenoor die seuns (17.1%). In totaal het 22.4% leerders al professionele hulp ontvang vir probleme wat hulle ervaar het.

**TABEL 5.13 PROFESSIONELE HULPVERLENING ONTVANG (VOLGENS GRAAD)**

| Kategorie Respondente | Totaal | Ja | | Nee | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % |
| Graad 9 | 310* | 49 | 15.8 | 261 | 84.2 |
| Graad 11 | 316** | 91 | 28.8 | 225 | 71.2 |
| Totaal | 626 | 140 | 22.4 | 486 | 77.6 |

*Agt respondente het nie aangedui of hulle al van professionele hulpverlening gebruik gemaak het nie.

**Ses respondente het nie aangedui of hulle al van professionele hulpverlening gebruik gemaak het nie.

Uit die inligting blyk dit dat slegs 49, dit wil sê, 15.81% van die respondente in graad 9 al van professionele hulp gebruik gemaak het. By die graad 11-leerders is daar 28.80% van die respondente wat al van professionele hulp gebruik gemaak het. Hier kom dus 'n aansienlike verskil na vore, maar dis moeilik om uit die ondersoek te sê waaraan hierdie verskil toegeskryf kan word.

**TABEL 5.14 PROFESSIONELE HULPVERLENING ONTVANG (VOLGENS MOEDERTAALGROEP)**

| Kategorie Responente | Totaal | Ja | | Nee | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % |
| Afrikaansmoedertaalgroep | 212* | 44 | 20.75 | 168 | 79.52 |
| Engelsmoedertaalgroep | 74 | 14 | 18.92 | 60 | 81.08 |
| Tswanamoedertaalgroep | 212 | 45 | 21.23 | 167 | 78.77 |
| Ander taalgroepe | 119 | 32 | 26.89 | 87 | 73.11 |
| Totaal | 617 | 135 | 21.89 | 482 | 78.11 |

*23 respondente het nie aangedui in watter taalgroep hulle is nie.

Uit tabel 5.14, kan die afleiding gemaak word dat leerders uit die ander taalgroepe die meeste van professionele hulp gebruik gemaak het (26.89%) en die Engelsmoedertaal-groep die minste (18.92%).

### 5.6.2 VEREISTES WAT AAN PORTUURHELPERS GESTEL WORD: SUBGROEPE

TABEL 5.15 VEREISTES WAT AAN PORTUURHELPERS GESTEL WORD (VOLGENS GESLAG)

| Vereistes | Seuns | | Dogters | |
|---|---|---|---|---|
| | Gem. RO (uit 10) | RO | Gem. RO (uit 10) | RO |
| Eerlikheid en opregtheid | 3.31 | 2 | 3.12 | 2 |
| Vertroulikheid | 3.28 | 1 | 3.11 | 1 |
| Goeie luistervaardighede | 4.55 | 3 | 4.59 | 4 |
| Respek betoon | 4.63 | 4 | 4.59 | 3 |
| Hulpvaardigheid | 5.59 | 6 | 5.89 | 6 |
| Vriendelikheid | 5.32 | 5 | 5.45 | 5 |
| Toeganklikheid | 6.77 | 7 | 6.87 | 8 |
| Objektiwiteit (kies nie kant nie) | 6.85 | 8 | 7.21 | 9 |
| Geduld | 7.01 | 9 | 6.78 | 7 |
| Volwassenheid | 7.67 | 10 | 7.38 | 10 |

Volgens tabel 5.13 is die verskille wat na vore kom by goeie luistervaardighede opvallend; die seuns plaas dit derde op die ranglys, terwyl die meisies dit as vierde plaas. By respek betoon het die seuns dit vierde op die rangordelys geplaas en die meisies het dit as derde. By toeganglikheid is daar ook 'n verskil tussen die seuns en meisies, die seuns stel dit as sewende en die meisies stel weer geduld as sewende. Volwassenheid plaas beide seuns sowel as meisies as tiende, dit blyk dan uit die tabel dat volwassenheid vir hulle relatief minder belangrik is.

TABEL 5.16 VEREISTES WAT AAN PORTUURHELPERS GESTEL WORD (VOLGENS GRAAD)

| Vereistes | Graad 9 | | Graad 11 | |
|---|---|---|---|---|
| | Gem. rangorde (uit 10) | RO | Gem. rangorde (uit 10) | RO |
| Eerlikheid en opregtheid | 2.90 | 1 | 3.46 | 2 |
| Vertroulikheid | 3.08 | 2 | 3.26 | 1 |
| Goeie luistervaardighede | 4.38 | 3 | 4.74 | 3 |
| Respek betoon | 4.45 | 4 | 4.75 | 4 |
| Hulpvaardigheid | 5.41 | 5 | 6.08 | 6 |
| Vriendelikheid | 5.59 | 6 | 5.24 | 5 |
| Toeganklikheid | 6.90 | 7 | 6.75 | 8 |
| Objektiwiteit (Kies nie kant nie) | 7.15 | 8 | 6.97 | 9 |
| Geduld | 7.23 | 9 | 6.58 | 7 |
| Volwassenheid | 7.88 | 10 | 7.17 | 10 |

Die belangrikste twee vereistes wat aan 'n portuurhelper gestel word, is volgens die graad 9-groep eerlikheid en opregtheid (2.90) en vertroulikheid (3.08). Vir die graad 11-groep is dit ook die belangrikste twee vereistes maar is die twee omgeruil. Verder is daar nie veel verskil tussen die twee groepe se resultate nie.

Alhoewel vertroulikheid as tweede vereiste deur die graad 9-leerders gelys is, is vertroulikheid van kardinale belang vir die leerder wat hulp gaan soek by die portuurhelper. Die inligting wat daar gedeel word, moet met vertroulikheid gehanteer word.

Hier blyk dit dat die graad 11-leerders vertroulikheid as van kardinale belang beskou. Hulle probleme wat hulle aan die portuurhelper meedeel, moet nie oorvertel word aan iemand anders nie, behalwe in gevalle waar daar profesionele hulp ingewin moet word,

en die toestemming van die hulpsoekende verkry is. Vertroulikheid beteken dat die leerders konfidensialiteit van 'n portuurhelper sal verwag.

TABEL 5.17: VEREISTES WAT AAN PORTUURHELPERS GESTEL WORD (VOLGENS MOEDERTAALGROEP)

| Vereistes | Afrikaans | | Engels | | Tswana | | Ander | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Gem. RO (uit 10) | RO | Gem. RO (uit 10) | RO | Gem. RO (uit 10) | RO | Gem. RO (uit 10) | RO |
| Eerlikheid en opregtheid | 3.51 | 2 | 2.79 | 1 | 3.15 | 2 | 2.91 | 1 |
| Vertroulikheid | 2.95 | 1 | 4.40 | 3 | 2.82 | 1 | 3.48 | 2 |
| Goeie luistervaardighede | 4.81 | 4 | 5.06 | 5 | 4.08 | 3 | 4.69 | 4 |
| Respek betoon | 4.61 | 3 | 4.32 | 2 | 4.74 | 4 | 4.66 | 3 |
| Hulpvaardigheid | 5.98 | 6 | 5.43 | 6 | 5.61 | 6 | 5.77 | 6 |
| Vriendelikheid | 5.45 | 5 | 4.97 | 4 | 5.35 | 5 | 5.68 | 5 |
| Toeganklikheid | 7.23 | 10 | 5.90 | 7 | 6.83 | 7 | 6.62 | 7 |
| Objektiwiteit (kies nie kant nie) | 7.15 | 9 | 7.22 | 8 | 7.09 | 8 | 6.82 | 9 |
| Geduld | 6.29 | 7 | 7.31 | 9 | 7.39 | 9 | 6.75 | 8 |
| Volwassenheid | 7.02 | 8 | 7.63 | 10 | 7.93 | 10 | 7.56 | 10 |

Dit blyk uit tabel 5.17 dat die Engels-, Tswana- en ander moedertaalgroeprespondente die vereiste van toeganklikheid as sewende op die rangordelys geplaas het, objektiwiteit as agtste, geduld as negende en volwassenheid as tiende. Die Afrikaansmoedertaalgroep het geduld as sewende, volwassenheid as agtste, objektiwiteit as negende en toeganklikheid as tiende geplaas.

Vertroulikheid word deur die Afrikaanse sowel as Tswana-respondente as eerste geplaas, waar die Engels en die ander moedertaalgroeprespondente weer eerlikheid en opregtheid as eerste plaas.

Die Afrikaans- en Tswana-respondente het eerlikheid en opregtheid as tweede op die rangordelys teenoor die Engelse respondente wat respek betoon tweede op die lys het.

Oor die algemeen blyk daar dus nie groot verskille te wees tussen die belangrikheid van die vereistes wat die verskillende moedertaalgroepe aan portuurhelpers stel nie.

### 5.6.3 AARD EN OMVANG VAN PROBLEME WAT LEERDERS ERVAAR

**TABEL 5.18: VERGELYKING TUSSEN SEUNS EN DOGTERS SE TOP 10-PROBLEME.**

| Seuns | | Aard van probleem | Dogters | |
|---|---|---|---|---|
| **Gem. gewig** | **RO** | | **Gem. gewig** | **RO** |
| 3.34 | 1 | Bekommernis oor die misdaad en geweld in ons land. | 3.37 | 3 |
| 3.34 | 2 | Loopbaanvooruitsigte (gaan ek eendag werk kry?). | 3.20 | 7 |
| 3.30 | 3 | Bekommernis oor die toekoms. | 3.14 | 9 |
| 3.22 | 4 | Bekommernis oor die sin van jou studies. | 3.49 | 1 |
| 3.15 | 5 | Bekommernis oor die sin van die lewe. | 3.23 | 6 |
| 3.08 | 6 | Studieprobleme. | 3.27 | 4 |
| 3.05 | 7 | Probleme met jou werksdruk (te veel werk). | 3.15 | 8 |
| 2.98 | 8 | Emosionele probleme. | 3.39 | 2 |
| 2.95 | 9 | Spanning, stres. | 3.23 | 5 |
| 2.85 | 10 | Verwerking van die dood van 'n ouer, familielid of vriend(in). | 2.91 | 10 |

Uit tabel 5.18 blyk dit dat die seuns die meeste bekommerd is oor die misdaad en geweld wat in ons land plaasvind. Die probleem wat die meisies eerste lys, is die sin

van studie. Die afleiding wat hiervan gemaak kan word, is dat die meisies wonder hoekom daar opleiding ontvang moet word of hoekom moet 'n persoon studeer omdat die werkloosheid in ons land aan die toeneem is.

Die tweede probleem wat die seuns ervaar, is loopbaanvooruitsigte Hulle wonder of hulle ooit eendag werk sal kry al het hulle die opoffering gemaak om te studeer. Die meisies plaas hierdie probleem sewende en is dus nie so bekommerd soos die seuns oor hierdie aspek nie. Die meisies se tweede grootste probleem is emosionele probleme waarmee hulle worstel. Vir die seuns lê dit heelwat laer op die lys (agtste).

Seuns plaas "bekommernis oor die toekoms" in die derde plek teenoor die meisies wat dit in die negende plek plaas. Daar is dus 'n verskil tussen die seuns en die meisies wat hulle optimisme oor die toekoms betref.

Dit blyk dus dat daar aansienlike verskille is tussen die omvang van die probleme wat seuns en meisies beleef.

**TABEL 5.19: VERGELYKING TUSSEN GRAAD 9- EN GRAAD 11-LEERDERS SE TOP 10- PROBLEME.**

| Graad 9 | | Aard van probleem | Graad 11 | |
|---|---|---|---|---|
| Gem. gewig | RO | | Gem. gewig | RO |
| 3.36 | 1 | Bekommernis oor misdaad en geweld. | 3.35 | 2 |
| 3.32 | 2 | Bekommernis oor die sin van studies. | 3.42 | 1 |
| 3.25 | 3 | Loopbaanvooruitsigte. | 3.25 | 5 |
| 3.23 | 4 | Studieprobleme. | 3.15 | 8 |
| 3.21 | 5 | Bekommernis oor sin van die lewe. | 3.18 | 7 |
| 3.18 | 6 | Emosionele probleme. | 3.26 | 4 |
| 3.12 | 7 | Werksdruk/te veel werk. | 3.10 | 9 |
| 3.11 | 8 | Bekommernis oor die toekoms. | 3.29 | 3 |
| 3.01 | 9 | Spanning/stres | 3.21 | 6 |
| 2.93 | 10 | Verwerking van die dood (ouer, familielid, vriend(in). | 2.86 | 10 |

Uit tabel 5.19 blyk dit dat die graad 9-respondente meer bekommerd is oor die geweld en misdaad in ons land as oor die sin van hul studies. Die graad 11-respondente is bekommerd oor die sin van hul studies. In die derde plek is die graad 9-respondente bekommerd oor hul loopbaanvooruitsigte teenoor die graad 11-respondente wat bekommerd is oor die toekoms wat dit vir hulle werklik inhou. In die vierde plek is die graad 9-respondente se probleem, 'n studieprobleem teenoor die graad 11-respondente se emosionele probleme.

Daar is dus verskeie verskille in die omvang van die probleme wat graad 9- en 11-leerders beleef.

**TABEL 5.20: VERGELYKING TUSSEN DIE VERSKILLENDE MOEDERTAALGROEPE SE TOP 10-PROBLEME**

| Aard van probleem | Afrikaans | | Engels | | Tswana | | Ander | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Gem. gewig | RO | Gem. gewig | RO | Gem. gewig | RO | Gem. gewig | RO |
| Loopbaanvooruitsigte (gaan ek eendag werk kry?). | 3.27 | 1 | 3.07 | 7 | 3.30 | 7 | 3.24 | 9 |
| Spanning, stres. | 3.19 | 2 | 3.21 | 1 | *3.01* | *11* | *3.11* | *11* |
| Bekommernis oor die misdaad en geweld in ons land. | 3.18 | 3 | *2.77* | *17* | 3.62 | 2 | 3.52 | 2 |
| Bekommernis oor die sin van jou studies. | 3.13 | 4 | 3.17 | 2 | 3.55 | 3 | 3.68 | 1 |
| Emosionele probleme. | 3.05 | 5 | 3.00 | 9 | 3.36 | 5 | 3.40 | 4 |
| Studieprobleme. | 3.00 | 6 | 3.06 | 8 | 3.29 | 8 | 3.42 | 3 |
| Bekommernis oor die toekoms. | 2.96 | 7 | 3.07 | 6 | 3.41 | 4 | 3.36 | 8 |
| Probleme met jou werksdruk (te veel werk). | 2.81 | 8 | 2.94 | 10 | 3.31 | 6 | 3.37 | 6 |
| Bekommernis oor die sin van die lewe. | 2.78 | 9 | *2.83* | *15* | 3.63 | 1 | 3.37 | 7 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Verhoudingsprobleme met ander leerders (klasmaats).** | **2.63** | **10** | ***2.70*** | ***18*** | ***2.35*** | ***27*** | ***2.48*** | ***23*** |
| **Probleme met jou ouers.** | ***2.43*** | ***13*** | **3.15** | **3** | ***2.79*** | ***15*** | ***2.86*** | ***14*** |
| **Probleme met jou gesondheid (VIGS, kanker, diabetes, ens.).** | ***1.71*** | ***36*** | **3.14** | **4** | ***2.88*** | ***13*** | **3.19** | **10** |
| **Verwerking van die dood van 'n ouer, familielid of vriend(in).** | ***2.32*** | ***16*** | **3.07** | **5** | **3.05** | **10** | **3.37** | **5** |
| **Geldelike probleme.** | ***2.38*** | ***14*** | ***2.67*** | ***19*** | **3.12** | **9** | ***3.00*** | ***13*** |

Dit blyk uit tabel 5.20 dat die probleme waaroor die taalgroepe die ergste bekommerd is, soos volg is: by die Afrikaanse groep is dit loopbaanvooruitsigte (3.27), by die Engelse groep is dit spanning en stres (3.21), by die Tswanagroep is dit bekommernis oor die sin van die lewe (3.63) en by die ander taalgroepe is die meeste bekommerd oor die sin van studies (3.68).

Die tweede grootste probleem van die Afrikaanse groep is spanning en stres (3.19); vir die Engelse groep is dit bekommernis oor die sin van studies (3.55); die Tswanagroep (3.62) en ander taalgroepe (3.52) se tweede grootste probleem is die bekommernis oor die misdaad en geweld in ons land.

Die derde grootste probleem van die Afrikaanse groep is bekommernis oor die misdaad en geweld in ons land (3.18), vir die Engelse groep is dit probleme met hul ouers (3.15), vir die Tswanagroep is bekommernis oor die sin van studies (3.55) en vir die ander groepe is dit studieprobleme (3.42).

Dit blyk uit die tabel dat die vier taalgroepe vyf probleme in gemeen het uit die top 10-probleme wat gelys is. Hierdie probleme is die volgende:

- Loopbaanvooruitsigte (gaan ek eendag werk kry?);
- bekommernis oor die sin van jou studies;
- emosionele probleme;

- studieprobleme, en
- bekommernis oor die toekoms.

### 5.6.4 WYSE WAAROP LEERDERS PROBLEME HANTEER: SUBGROEPE

**TABEL 5.21: WYSE WAAROP LEERDERS PROBLEME HANTEER (VOLGENS GESLAG)**

| Wyse | Seuns | | Dogters | |
|---|---|---|---|---|
| | Gem. gewig (uit 4) | RO | Gem. gewig (uit 4) | RO |
| **Praat met my ouers.** | 2.71 | 3 | 2.68 | 3 |
| **Praat met my predikant/pastoor.** | 1.63 | 7 | 1.57 | 7 |
| **Praat met 'n goeie vriend(in).** | 3.00 | 2 | 3.15 | 2 |
| **Praat met 'n leerlingraadslid.** | 1.63 | 8 | 1.48 | 8 |
| **Praat met 'n onderwyser(es).** | 1.81 | 6 | 1.75 | 6 |
| **Reël 'n afspraak met 'n professionele persoon, bv. sielkundige, berader, ens.** | 1.43 | 9 | 1.40 | 9 |
| **Bly stil en probeer om dit self te hanteer.** | 2.31 | 4 | 2.29 | 4 |
| **Bly stil en hoop maar die probleem sal weggaan of homself oplos.** | 1.94 | 5 | 1.95 | 5 |
| **Bid daaroor.** | 3.11 | 1 | 3.40 | 1 |

Soos met die volledige groep (vgl. tabel 5.10) stem die maniere ooreen waarop seuns en dogters verkies om hul probleme te hanteer.

**TABEL 5.22: WYSE WAAROP LEERDERS PROBLEME HANTEER (VOLGENS GRAAD)**

| Wyse | Graad 9 | | Graad 11 | |
|---|---|---|---|---|
| | Gem. gewig (uit 4) | RO | Gem. gewig (uit 4) | RO |
| Praat met my ouers. | 2.67 | 3 | 2.71 | 3 |
| Praat met my predikant/pastoor. | 1.51 | 8 | 1.68 | 7 |
| Praat met 'n goeie vriend(in). | 3.01 | 2 | 3.16 | 2 |
| Praat met 'n leerlingraadslid. | 1.60 | 7 | 1.48 | 8 |
| Praat met 'n onderwyser(es). | 1.75 | 6 | 1.79 | 6 |
| Reël 'n afspraak met 'n professionele persoon bv. sielkundige, berader, ens.. | 1.43 | 9 | 1.39 | 9 |
| Bly stil en probeer om dit self te hanteer. | 2.22 | 4 | 2.37 | 4 |
| Bly stil en hoop maar die probleem sal weggaan of homself oplos. | 1.92 | 5 | 1.97 | 5 |
| Bid daaroor. | 3.36 | 1 | 3.20 | 1 |

Dit blyk uit tabel 5.22 dat daar baie min verskil is tussen graad 9- en 11-leerders in hoe hulle probleme hanteer.

TABEL 5.23: WYSE WAAROP LEERDERS PROBLEME HANTEER (VOLGENS MOEDERTAALGROEP)

| Wyse | Afrikaans | | Engels | | Tswana | | Ander | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Gem. gewig | RO | Gem. gewig | RO | Gem. gewig | RO | Gem. gewig | RO |
| Praat met my ouers. | 2.98 | 3 | 2.41 | 4 | 2.55 | 3 | 2.64 | 3 |
| Praat met my predikant/pastoor. | 1.65 | 7 | 1.31 | 9 | 1.62 | 7 | 1.61 | 7 |
| Praat met 'n goeie vriend(in). | 3.22 | 2 | 2.81 | 1 | 3.02 | 2 | 3.11 | 2 |
| Praat met 'n leerlingraadslid. | 1.62 | 8 | 1.42 | 8 | 1.48 | 8 | 1.59 | 8 |
| Praat met 'n onderwyser(es). | 1.90 | 6 | 1.44 | 6 | 1.77 | 6 | 1.73 | 6 |
| Reël 'n afspraak met 'n professionele persoon, bv. sielkundige, berader, ens. | 1.36 | 9 | 1.42 | 7 | 1.43 | 9 | 1.44 | 9 |
| Bly stil en probeer om dit self te hanteer. | 2.24 | 4 | 2.41 | 3 | 2.27 | 4 | 2.38 | 4 |
| Bly stil en hoop maar die probleem sal weggaan of homself oplos. | 1.94 | 5 | 1.90 | 5 | 1.95 | 5 | 1.97 | 5 |
| Bid daaroor. | 3.36 | 1 | 2.77 | 2 | 3.38 | 1 | 3.26 | 1 |

Uit tabel 5.23 blyk dit dat die wyse waarop leerders probleme hanteer soos volg gelys kan word:

- Die Afrikaans-, Tswana- en ander taalgroepe plaas bid eerste op hul lys, waar die Engelse groep dit tweede plaas.

- Die Afrikaans-, Tswana- en ander taalgroepe het praat met 'n goeie vriend(in) tweede op hul lys en die Engelse groep het dit eerste op hul lys.

Verder is daar baie min verskil oor hoe die verskillende taalgroepe probleme hanteer.

### 5.6.5 BEREIDHEID OM VAN 'N PORTUURHELPER GEBRUIK TE MAAK: SUBGROEPE

**TABEL 5.24: BEREIDHEID OM VAN 'N PORTUURHELPER GEBRUIK TE MAAK (VOLGENS GESLAG)**

| | Seuns | | Dogters | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| **Leerders wat bereid sou wees om van portuurhelpers gebruik te maak.** | 252 | 96.92 | 362 | 95.51 |
| **Leerders wat nie bereid sou wees om van portuurhelpers gebruik te maak nie.** | 8 | 3.08 | 17 | 4.49 |
| **Totaal** | 260 | 100.00 | 379 | 100.00 |

*Een respondent het nie geslag aangedui nie.

**TABEL 5.25: BEREIDHEID OM VAN 'N PORTUURHELPER GEBRUIK TE MAAK (VOLGENS GRAAD)**

| | Graad 9 | | Graad 11 | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| **Leerders wat bereid sou wees om van portuurhelpers gebruik te maak.** | 307 | 96.54 | 308 | 95.65 |
| **Leerders wat nie bereid sou wees om van portuurhelpers gebruik te maak nie.** | 11 | 3.46 | 14 | 4.35 |
| **Totaal** | 318 | 100.00 | 322 | 100.00 |

TABEL 5.26: BEREIDHEID OM VAN 'N PORTUURHELPER GEBRUIK TE MAAK (VOLGENS MOEDERTAALGROEP)

| | Afrikaans | | Engels | | Tswana | | Ander | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Leerders wat bereid sou wees om van portuurhelpers gebruik te maak. | 209 | 97.66 | 72 | 97.28 | 208 | 95.55 | 116 | 95.08 |
| Leerders wat nie bereid sou wees om van portuurhelpers gebruik te maak nie. | 5 | 2.34 | 2 | 2.72 | 12 | 4.45 | 6 | 4.92 |
| Totaal | 214 | 100.00 | 74 | 100.00 | 220 | 100.00 | 122 | 100.00 |

Uit hierdie drie tabelle (5.24, 5.25, 5.26) kan die afleiding gemaak word dat meer as 95% van die respondente bereidwillig is om van portuurhelpers gebruik te maak wanneer hulle probleme ervaar en dat daar min verskil is tussen die verskillende subgroepe wat hierdie saak betref.

## 5.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die bevindings van die ondersoek weergegee en bespreek. Daar is gekyk na verskille in die bevindings wat betref geslag, graad en moedertaal van die respondente wat aan die ondersoek deelgeneem het.

Die manier waarop respondente ernstige probleme hanteer en poog om by 'n oplossing te kom, is hoofsaaklik dat hulle van 'n betroubare vriend(in) gebruik maak, dit wil sê iemand vir wie hulle in hul vertroue kan neem om hulp en ondersteuning te kry en wat die informasie wat aan hulle gegee word nie aan ander sal vertel nie. Hier is 'n bewys dat leerders eerder na hul portuur gaan om hulp voordat hulle iemand anders sal nader of vertel, byvoorbeeld 'n onderwyser, ouer, professionele persoon of 'n predikant.

Portuurgroepe sal na medeporture uitreik omdat die portuur as 'n gelyke gesien word waarmee hulle hulself kan vereenselwig.

Die vereiste wat die respondente aan 'n portuurhelper stel, is vertroulikheid en dit geniet prioriteit want die hulpsoekende wil nie hê dat vertroulike inligting wat hy/sy met die helper deel, moet uitlek nie. Daarna is ook gekyk na die verskillende ernstige probleme wat leerders daagliks ervaar. Die probleme wat die meeste voorkom, is bekommernis oor misdaad en geweld in ons land, bekommernis oor die sin van studies, loopbaan-vooruitsigte, studieprobleme, bekommernis oor die toekoms, spanning en stres en die verwerking van die dood (ouer, familielid, vriend of vriendin).

# 6. SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

## 6.1 INLEIDING

Die doel van hierdie studie was om riglyne vir die implementering van 'n portuurhelper-program in sekondêre skole te bepaal. In hierdie hoofstuk gaan gekyk word of die navorsing die gestelde probleemvrae kon beantwoord. Bepaalde gevolgtrekkings gaan gemaak word. Ten slotte gaan aanbevelings gemaak word ten opsigte van portuur-helperprogramme in skole sowel as vir verdere navorsing in die studieveld.

## 6.2 SAMEVATTING VAN DIE STUDIE

In **hoofstuk 1** is die probleemstelling uiteengesit. Die probleemvrae wat na vore getree het, het gehandel oor wat bedoel word met 'n portuurhelper, watter behoefte daar bestaan aan portuurhelperprogramme in sekondêre skole, wat die taak en funksie van 'n portuurhelper by 'n sekondêre skool is, wat die opleiding van 'n portuurhelper behoort te behels en hoe 'n portuurhelperprogram op 'n effektiewe wyse in sekondêre skole geïmplementeer kan word.

Die doelstellings, metodologie en die navorsingsprogram wat gevolg is en die hoofstuk-indeling is in hoofstuk 1 uiteengesit.

In **hoofstuk 2** is 'n omvattende beskrywing gegee van die mees algemene probleme wat sekondêre skoolleerders ervaar. Hierdie probleme is uit die literatuur toegelig. Die oorsake, kenmerke en gevolge van hierdie probleme is sover moontlik ook uitgelig. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat leerders talle ernstige probleme ervaar.

Die volgende begrippe, naamlik portuur, portuurhulp en portuurhelper is vanuit die literatuur in **hoofstuk 3** omskryf. Portuur is iemand waarmee die persoon hom of haarself kan assosieer en hierdie persoon het dieselfde status en sosiale aansien.

Portuurhulp is die hulp wat iemand met soortgelyke ervaringe aan sy medeportuur bied en dit kan plaasvind in groepsverband of op 'n een-tot-een-basis.

Om verwarring te voorkom, is terme soos "peer tutors", "peer counsellors", "peer educators", "peer leadership", "peer mentors" en "peer ministry" ook vanuit die literatuur omskryf. Daar is toe gekyk na informele en formele portuurhelperprogramme en na wat 'n portuurhelperprogram presies is. Die verskillende tipes programme soos dit voorkom in die literatuur is ook bespreek. Die vereistes wat aan 'n portuurhelperprogram gestel word, is onder andere deeglike beplanning, die keuring en opleiding van portuurhelpers, korrekte verwysing na professionele persone moet gedoen kan word, en die program moet voortdurend geëvalueer word.

In **hoofstuk 4** is riglyne vir die ontwerp en implementering van 'n portuurhelperprogram bespreek. Die pligte en verantwoordelikhede van die portuurhelpers sowel as die skoolhoof en voorligtingonderwyser is uiteengesit. Verder is die opleidingsprogram vir portuurhelpers bespreek.

In **hoofstuk 5** van hierdie studie is verslag gedoen oor die empiriese ondersoek. Die inligting is ingewin deur vraelyste wat deur 640 leerders van 8 verskillende skole voltooi is.

Die resultate is verwerk, in tabelvorm aangebied en bespreek. Die verslag het eers die resultate van die hele groep (640 leerders) bespreek waarna daar gekyk is na die verskillende subgroepe se resultate. Daar was oor die algemeen nie groot verskille tussen die subgroepe se resultate nie.

## 6.3 GEVOLGTREKKING

Al vyf die navorsingsdoelstellings, naamlik om 'n presiese omskrywing te gee van die begrip "portuurhelper"; om vas te stel wat die behoefte is aan portuurhelperprogramme in sekondêre skole; om die taak en funksie van 'n portuurhelper by 'n sekondêre skool te omskryf; om te bepaal wat die opleiding van 'n portuurhelper behoort te behels en om riglyne te formuleer vir die effektiewe implementering van 'n portuurhelperprogram in sekondêre skole, is bereik.

## 6.4 AANBEVELINGS

### 6.4.1 AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN PORTUURHELPER-PROGRAMME

Daar word aanbeveel dat sekondêre skole in Suid-Afrika oorweging daaraan moet skenk om portuurhelperprogramme te implementeer volgens die riglyne wat in hierdie studie gestel is.

### 6.4.2 AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN VERDERE NAVORSING

Aangesien slegs skole in een bepaalde onderwysdistrik by die studie betrek is, word die volgende aanbevelings gedoen:

- Die studie moet uitgebrei word na meer skole in Suid-Afrika.
- Verdere navorsing moet gedoen word oor die aard en omvang maar veral ook die oorsake van die probleme wat sekondêre skoolleerders ervaar.
- Navorsing sal deurlopend gedoen moet word tydens die implementering van portuurhelpersprogramme om te sorg dat aan elke skool se besondere behoeftes voldoen word.

# BIBLIOGRAFIE


BADENHORST, D.C. 1986. Skoolbestuur: die rol en taak van die onderwyser. Pretoria : Haum Opvoedkundige Uitgewery.

BANNISTER, A., BARRET, K. & SHEARER, E. 1990. Listening to children. London : Longman.

BASSON, A. 1999. 'n Begeleidingsprogram vir onderwysers met werkstres binne klasverband: 'n opvoedkundige sielkundige ondersoek. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. (Potchefstroomkampus.) (Verhandeling - MEd.)

BEZUIDENHOUDT, F.J. 1998. Social issues. Pretoria : Van Schaik Publishers.

BOWKER, L.H. 1986. Ending the violence. East Sussex : Learning Publications.

BUBECK, M. 1991. Oplewing in die satanisme: Suid-Afrika. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy.

BURGER, B. 1987. Groepsdruk by die jeug: die moontlike sedelesse op skoolvlak. *Die Unie*, 80(2):36.

CALITZ, L.P., DU PLESSIS, S.J.P. & STEYN, I.N. 1982. Die kurrikulum: 'n handleiding vir dosente en onderwysers. Pretoria : Butterworth.

CARKHUFF, R.R. 1983. The art of helping. Amherst, Mass. : Carkhuff Publishers.

CARR, A. 2002. What works with children and adolescents? A critical review of psychological prevention programmes for children, adolescents and their families. London : Brunner-Routledge.

CHILES, J. 1986. Teenage depression and suicide. New York : Chelsea House Publishers.

CHUENYANE, H. 1991. School guidance and counseling. Kaapstad : Clyson Boekuitgewers.

COBB, C. 2001. Coping with an abusive relationship. New York : Rosen.

COETZEE, E., HAWKSLEY, H. & LOUW, H. 2005. Life orientation today: senior phase, grade 8. Cape Town : Maskew Miller Longman.

COOMBE, C. 2000. Keeping the education system healthy: managing the impact of HIV/AIDS on education in South Africa. *Current issues in comparative education*, 11(2):1, December.

CRISP, A.H. 1980. Anorexia nervosa: let me be. London : Academic Press.

D'ANDREA, V. & SALOVEY, P. 1983. Peer counseling: skills and perspectives. New York : Science and Behaviour Books.

DE JAGER, M.J. 2003. Inligtingsbrosjure. Port Elizabeth : Port Elizabeth Technikon.

DE JAGER, M.J. 2004. Peer helping at the Port Elizabeth Technikon. Port Elizabeth : Port Elizabeth Technikon.

DE KLERK, J. 2004. Die kompleksiteit van morele opvoeding in Suid-Afrikaanse skole. (Verslag.) Stellenbosch. 15 p.

DE MIRANDA, S. 1998. Dwelms en dwelmmisbruik in Suider-Afrika. Pretoria : Van Schaik Uitgewers.

DE WET, P.R. 1981. Inleiding tot onderwysbestuur. Kaapstad : Lex Patria.

DICKSON-TETTEH, K. & LADHA, S. 2000. Health systems trust. *South African health review*. [Web:] http://www.hst.org.za/sahr/2000. [Datum van gebruik: 20 Junie 2004].

DOYLE, R.E. 1992. Essential skills and strategies in the helping process. Pacific Grove, Calif. : Brooks/Cole.

DUMINY, P.A. & SÖHNGE, W.F. 1981. Didaktiek: teorie en praktyk. Kaapstad : Maskew Miller Longman.

DU PLOOY, R. 2005. Riglyne vir die implementering van 'n portuurhelpersprogram in universiteitskoshuise. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus.) (Verhandeling - M.Ed.)

EATON, L., FLISHERA, A.J. & AAROB, L.E. 2002. Social science and medicine: unsafe sexual behaviour in South African youth. [Web:] http://www.speakout.org.za/medical/hiv/socialscience.htm [Datum van gebruik: 4 Maart 2005].

ERASMUS, M. 2005. Telefoniese onderhoud.

GILLIS, H. 1992. Counseling young people. Cape Town : Lynn Publications.

GROSSHANDLER, J. 1992. Drugs and driving. New York : Rosen.

HAMBLIN, D. 1993. The teacher and counseling. Hempstead : Simon en Schuster Education.

HAT **kyk** VERKLARENDE HANDWOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL

HAWKER, D., DU PLESSIS, H. & MAUGHAN, K. 2005. The monster that SA women face daily: one is killed every six hours by her partner, study shows. *Star*:4, May 5.

HOBERG, S.M. 199 3. Verba nd tussen portuurgroepdruk en dwelmverslawing by skoolgaande adolossente. *South African journal education*, 13(4):159-165, July.

HUYSAMEN, G.K. 1995. Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskap. Halweghuis : Southern Boekuitgewers.

JACOBS, C.D., VAN JAARSVELD, N.H. & VAN MOLLENDORF, J.W. 1988. Beroepsvoorligting vir hoër- en laerskool: 'n handleiding vir onderwysers. Pretoria : Konsensus Uitgewers.

JONES, C., SHILLITO-CLARKE, C., SYME, G., STILL, D., CASEMORE, R. & MURDIN, L. 2000. Questions of ethics in counseling and therapy. Buckingham : Open University Press.

KOEKEMOER, P.J.T. 1983. Selfmoord. Pretoria-Wes : Gutenberg Boekdrukkers.

LE GRANGE, D., TELCH, C.F. & TIBBS, J. 1998. Eating attitudes and behaviours in 1453 South African Caucasian and non-Caucasian college students. [Web:] http://ajp.psychiatryonline.org/cgi/content/full/q55/2/250. [Datum van gebruik: 23 September 2004].

LONG, V.O. 1996. Communication skills in helping relationships: a framework for facilitating personal growth. Pacific Grove, Calif. : Brooks/Cole.

LOUW, D.A. 1990. Menslike ontwikkeling. 2de uitg. Pretoria : HAUM.

MARGOW, R. 1993. Wat wil jy weet?: 'n boek vir Suid-Afrikaanse tieners. Kaapstad : Oxford University Press Southern Africa.

McDOWELL, J. 1987. Seksuele druk: help jou kind "nee" sê. Kaapstad : Struik Christelike Boeke.

MITCHELL, A.R.K. 1978. Violence in the family. East Sussex : Wayland Publishers.

MOREY, R.E., MILLER, C.D., ROSEN, L.A. & FULTON, R. 1993. High school peer counseling: the relationship between student satisfaction and peer counselors' style of helping: *School counselor,* (40)293-300, March.

MUKOMA, W. 2001. Rethinking school-based HIV/AIDS interventions in South Africa. *South African journal of child and adolescent mental health*, 13(1):55-65.

MYRICK, R.D. & ERNEY, T. 1985. Youth helping youth: a handbook for training peer facilitators. Minneapolis, Minn. : Educational Media Corporation.

NAGINEY, J.L. & SWISHER, J.D. 1990. To whom would adolescents turn with drug problems? Implications for school professionals. *High school journal*, 12(2):80-85, July.

NATIONAL PEER HELPERS ASSOCIATION. 2002. Peer helping brochure and national standards. [Web:] http://peer.ca.peer.html [Datum van gebruik: 23 September 2004].

NELSON-JONES, R. 1993. Life skills helping: helping others through a systematic people centered approach. Pacific Groove, Calif. : Brooks/Cole.

NOONAN, E. 1989. Counseling young people. London : Richard Clay.

ODENDAAL, F.F. 2000. Kernwoordeboek. Kaapstad : Perskor.

ODENDAAL, F.F., SCHOONEES, P.C., SWANEPOEL, C.J., DU TOIT, S.J. & BOOYSEN, C.M. 1988. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 2de uitg. Johannesburg : Perskor.

OKUN, B.F. 2002. Effective helping: interviewing and counseling techniques. Pacific Grove, Calif. : Brooks/Cole.

PAMPLIN, N. 2002. Al hoe meer jong kinders word verkrag. *Rapport*, Februarie 16.

PEER HELPING PROGRAM AT PORT ELIZABETH TECHNIKON. 2002. An educational program. [Web:] http://www.petech.ac.za/sc/peerhelp%20 train.htm [Datum van gebruik: 20 Junie 2004].

PEER HELPING BROCHURE AND NATIONAL STANDARDS. 2002. Youth working together. Information for children, adolescents and parents. [Web:] http://www.islandnet.com/~rcaar/broch.html [Datum van gebruik: 18 Julie 2004].

POINSETT, B. 1988. Depressie en die moderne vrou. Kaapstad : Lux Verbi Uitgewers.

RENS, J.A., ROSSOUW, J.P., ROUSSOW, M. & VREKEN, N.J. 2005. Verslag van die waarde-ondersoek by Hoërskool Ferdinand Postma. (Ongepubliseerd.)

ROBINSON, S.E. & MORROW, S. 1991. Peer counselors in a high school setting: evaluation of training and impact on students. *School counselor*, 39(1):35, September.

SALZWEDEL, I. 2004. Selfmoord: dood aan eie hand. *Taalgenoot*:14-16, November/Desember.

SARTOR, R. 2000. Ons jongmense in 'n dwelm-hel! *Die Confidant gesinstydskrif*: 4-5, Oktober.

SAUNDERS, A. & REMSBERG, B. 1987. Leer jou kind stres hanteer. Kaapstad : Nasionale Boekdrukkery.

SCHERER-THOMPSON, J. 2002. Peer support manual: a guide to setting up peer listening projects in educational settings. [Web:]: http://www. mentalhealth.org.uk/peer/manual/htm [Datum van gebruik: 1 Junie 2004].

SCHLEIFER, J. 1993. When someone you know has been killed. New York : Rosen.

SEARLL, A. 1989. Dit gebeur nie met my nie. Kaapstad : Struik Uitgewers.

SMITH, M.F, TOBLIN, S. & TOSELAND, R. 1992. Therapeutic processes in professional and peer counseling of family caregivers of frail, elderly people. *National Association of Social Workers*, 37(4):345-351.

SOMMERS, M.A. 2000. Everything you need to know about bipolar disorders and manic depressive illness. New York : Rosen.

STAMNES, D. & ANN, C. 1991. Assessing the effectiveness of an inner-city high school peer counseling programme. *Urban education*, 26(3):1-10, October.

STAMPER, L. 1997. When the drug war hits home: heading the family torn apart by teenage drug abuse. Minneapolis, Minn. : Fairview Press.

STEINS, R. 1995. Alcohol abuse. New York : Blackbirch Graphics.

STEYN, I.N. 1982. Onderrig-leer as wyse van opvoeding. Durban : Butterworth.

THOMAS, D. & THOMAS, R. 1996. Looking in reaching out: a manual for training service volunteers. San Jose : Resource Publications.

TOPPING, K. & EHLY, S. 1998. Peer assisted learning. London : Erlbaum.

VAN NIEKERK, A. 2004. Selfmoord! Die enigste uitweg? *Finesse*:24-26, November.

VAN NIEKERK, E. & PRINS, A. 2001. Counseling in Southern Africa: a youth perspective. Sandown : Heinemann Publishers.

VERKLARENDE HANDWOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL (HAT). 1984. 2de uitg. Johannesburg : Perskor.

VREKEN, N.J. 2004. Portuurhelpers: interpersoonlike hulpverleningvaardighede. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

VREKEN, N.J., VREKEN, R., RENS, A.P.J. & DU PLOOY, J.F. 2003. Gesprekke gevoer met huisouers van koshuise aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit op 11 Junie 2003 te Potchefstroom.

WEIHRICH, H. & KOONTZ, H. 1993. Management: a grobal perspective. New York: McGraw-Hill.

WELFEL, E.R. 2002. Ethics in counseling and psychotherapy: standards, research and emerging issues. Pacific Grove, Calif. : Brooks/Cole.

WHO **kyk** WORLD HEALTH ORGANIZATION

WILSON, K.J. 1997. When violence begins at home. Alameda : Hunter House.

WOODWARD, K. 1999. Identity and difference. Thousand Oaks, Calif. : Sage.

WORLD HEALTH ORGANIZATION (WHO). 2004. HIV and AIDS prevention, care and treatment. [Web:] http://www.who.org [Datum van gebruik: 23 September 2004].

# BYLAAG A

Vraelys (Afrikaans): Leerders

Questionnaire (English): Learners

# Vraelys aan leerders (sekondêre skole) oor portuurhulp

**Opmerking:**

Met hierdie vraelys wil ons graag vasstel wat die behoefte is vir portuurhulp by sekondêre skole. Die inligting wat jy gaan gee, is heeltemal vertroulik. Jou naam of skool se naam sal nêrens in die navorsingsverslag genoem word nie.

---

**Vir statistiese doeleindes:**

Naam (opsioneel)

| |
|---|
| |

Skool

| |
|---|
| |

Vraelysnommer

| | | |
|---|---|---|
| | | |

---

**Afdeling A: Beantwoord alle vrae**

**Instruksies:** Maak asseblief 'n kruisie (x) in die toepaslike blokkie of vul die inligting in.

Geslag

| | |
|---|---|
| Manlik | |
| Vroulik | |

Graad

| |
|---|
| |

Moedertaal

| | |
|---|---|
| Afrikaans | |
| Engels | |
| Tswana | |
| Ander | |

**Afdeling B**

**1. Hoe hanteer jy probleme?**

Elke mens ervaar van tyd tot tyd probleme. Soms is dit eenvoudige probleme wat jy maklik self kan oplos, maar soms is dit moeilike probleme wat baie van jou tyd en gedagtes in beslag neem.

Daar is verskeie maniere om probleme te hanteer om by oplossings uit te kom. Ons wil graag by jou weet hoe dikwels jy van elk van die volgende metodes gebruik maak wanneer jy probleme van 'n meer ernstige aard moet hanteer. Gee asseblief 'n antwoord op elkeen van die onderstaande metodes deur 'n kruisie (x) in die toepaslike blokkie te maak.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 = Nooit | 2 = Soms | 3 = Dikwels | 4 = Altyd | 5 = Nie van toepassing |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.1. | Praat met my ouers | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.2. | Praat met my predikant/pastor | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.3. | Praat met 'n goeie vriend(in) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.4. | Praat met 'n leerlingraadslid | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.5. | Praat met my onderwyser(es) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.6. | Reël 'n afspraak met 'n professionele persoon bv. sielkundige, berader, ens. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.7. | Bly stil en probeer om dit self te hanteer | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.8. | Bly stil en hoop maar die probleem sal weggaan of homself oplos | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.9. | Bid daaroor | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.10. | Ander maniere (spesifiseer asseblief) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.10.1. | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.10.2. | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.10.3. | | | | | | |
| 1.10.4 | | | | | | |

2. Moes jy al van professionele/sielkundige hulp gebruik maak?

| Ja | | Nee | |
|---|---|---|---|

3. In watter mate sou jy bereid wees om van die hulp en ondersteuning van 'n betroubare senior leerling in die skool gebruik te maak indien jy weet dat hy/sy spesiaal opgelei is om vertroulik na jou te luister en jou dan te help om by 'n oplossing vir jou probleme uit te kom?

| 1 = Nooit | 2 = Soms | 3 = Dikwels | 4 = Altyd |
|---|---|---|---|

4. Daar is baie vereistes wat 'n mens aan 'n persoon/helper sou kon stel voordat jy die vrymoedigheid sal hê om na haar/hom toe te gaan met 'n probleem. Hoe belangrik beskou jy elk van die volgende kenmerke waaroor so 'n persoon/helper moet beskik? Nommer hulle in orde van belangrikheid van 1 tot 10.

| | | |
|---|---|---|
| 4.1. | Eerlikheid en opregtheid | |
| 4.2. | Vertroulikheid | |
| 4.3. | Goeie luistervaardighede | |
| 4.4. | Respek toon | |
| 4.5. | Hulpvaardigheid | |
| 4.6. | Vriendelikheid | |
| 4.7. | Toeganklikheid | |
| 4.8. | Objektiwiteit (Kies nie kant nie) | |
| 4.9. | Geduld | |
| 4.10. | Volwassenheid | |
| 4.11. | Ander (Spesifiseer asseblief) | |
| 4.12. | | |
| 4.13. | | |

5. Hoe dikwels ervaar jy elk van die volgende tipe probleme (verskaf asb. 'n antwoord op elkeen van die probleme).

| 1 = Voortdurend (elke dag) | 2 = Gereeld (meer as 1x per maand) | 3 = Soms (1x per semester) | 4 = Af en toe (1x per jaar) | 5 = Nooit | 6 = Nie van toepassing |
|---|---|---|---|---|---|

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5.1. | Emosionele probleme | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.2. | Liefdesprobleme | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.3. | Studieprobleme | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.4. | Loopbaanvooruitsigte (gaan ek eendag werk kry?) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.5. | Verhoudingsprobleme met mense van ander rassegroepe | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.6. | Verhoudingsprobleme met ander leerders (klasmaats) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.7. | Probleme met onderwysers | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.8. | Geloofsprobleme | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.9. | Geldelike probleme | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.10. | Probleme met jou ouers | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.11. | Selfbeeldprobleme | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.12. | Huweliksprobleme van jou ouers | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.13. | Skuldgevoelens oor jou drankmisbruik (waar van toepassing) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.14. | Skuldgevoelens oor jou rookgewoontes (waar van toepassing) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.15. | Skuldgevoelens oor jou seksuele aktiwiteite (waar van toepassing) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.16. | Skuldgevoelens oor jou gedrag in die algemeen | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.17. | Skuldgevoelens oor jou humeur/aggressie | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.18. | Bekommernis oor die toekoms | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5.19. | Bekommernis oor die misdaad en geweld in ons land | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.20. | Bekommernis oor die sin van die lewe | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.21. | Bekommernis oor die sin van jou studies | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.22. | Probleme met selfdissipline | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.23. | Probleme met jou gesondheid (VIGS, kanker, diabetes, ens.) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.24. | Probleme met jou eetgewoontes (anoreksia, bulimie) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.25. | Probleme met jou voorkoms | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.26. | Probleme met jou werksdruk (te veel werk) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.27. | Spanning, stres | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.28. | Eensaamheid | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.29. | Selfmoordgedagtes | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.30. | Satanisme | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.31. | Depressie | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.32. | Molestering | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.33. | Familiegeweld | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.34. | Emosionele misbruik | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.35. | Groepsdruk | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.36. | Afknouery | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.37. | Swangerskap/aborsie | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.38. | Armoede | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.39. | Verwerking van die dood van 'n ouer, familielid of vriend(in) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.40. | Verkragting | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.41. | Konfliksituasies (rusies, onenigheid, bakleiery) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.42. | Enige ander probleme (spesifiseer asb.) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 5.43. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.44. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.45. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.46. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.47. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |

Baie dankie vir jou samewerking

## Questionnaire to learners (Secondary Schools) about peerhelping.

**Remarks:**

With this questionnaire we aim to determine the need for peerhelpers at schools. The information given will be regarded as confidential. Your name or the name of your school will not be mentioned in the research report.

---

**For statistical purposes:**

Name (optional)

| |
|---|
| |

School

| |
|---|
| |

Number of Questionnaire

| | | |
|---|---|---|
| | | |

---

**Section A: Please answer all of the following questions.**

**Instructions:** Place a cross (x) in the appropriate box

Gender

| | |
|---|---|
| Male | |
| Female | |

Grade

| |
|---|
| |

Mother Tongue

| | |
|---|---|
| Afrikaans | |
| English | |
| Tswana | |
| Other | |

**Section B:**

1. How do you handle problems?

Each of us experiences problems from time to time. Sometimes the problems are simple and easily solved on your own, but sometimes they are difficult and take up a lot of your time and thoughts.

There are various ways in which problems can be handled in order to find a solution. We would like to know how often you make use of the different methods below when you have to handle problems of a more serious nature. (Please supply an answer to each of the following methods by placing a cross in the applicable box.)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 = Never | 2 = Sometimes | 3 = Often | 4 = Always | 5 = Not Applicable |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.1. | Talk to my parents | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.2. | Talk to my reverend/pastor | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.3. | Talk to a good friend | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.4. | Talk to a member of the Learner Council | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.5. | Talk to my teacher | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.6. | Set an appointment with a professional e.g. a psychologist, councilor, etc. | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.7. | Keep quiet and try handling it on my own | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.8. | Keep quiet and hope that the problem disappears or solves itself | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.9. | Pray | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.10. | Other methods (please specify) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.10.1. | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.10.2. | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.10.3. | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 1.10.4. | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

2. Have you ever had to make use of professional/psychological help?

| Yes | No |
|---|---|
| | |

3. To what extent would you be willing to make use of the support and understanding of a trustworthy senior student at school if you know that he/she had been specially trained to be a confidential listener and to help you find solutions to your problems?

| 1 = Never | 2 = Sometimes | 3 = Often | 4 = Always |
|---|---|---|---|

4. There are many conditions that you can set before you will be able to approach a person/helper with your problem. How do you view the importance of each of the following characteristics that a person/helper should have? Number them in order of importance from 1 to 10.

| | | |
|---|---|---|
| 4.1. | Honesty and integrity | |
| 4.2. | Confidentiality | |
| 4.3. | Good listening skills | |
| 4.4. | Shows respect | |
| 4.5. | Helpful | |
| 4.6. | Friendliness | |
| 4.7. | Approachability | |
| 4.8. | Objectivity (does not take sides) | |
| 4.9. | Patience | |
| 4.10. | Maturity | |
| 4.11. | Other (please specify) | |
| 4.12. | | |
| 4.13. | | |

5. How often do you experience the following types of problems (put a cross in the applicable box).

| 1 = Always (daily) | 2 = Often (more than once a month) | 3 = Sometimes (once every 6 months) | 4 = Seldom (once a year) | 5 = Never | 6 = Not Applicable |
|---|---|---|---|---|---|

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5.1. | Emotional problems | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.2. | Romantic (love) problems | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.3. | Study problems | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.4. | Career options (will I be able to find a job?) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.5. | Problems relating to different races | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.6. | Difficulty relating to other students (classmates) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.7. | Problems with teachers | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.8. | Problems with religion/faith | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.9. | Financial problems | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.10. | Problems with parents | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.11. | Self image | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.12. | Parents' marital problems | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.13. | Guilt feelings about own alcohol abuse (where applicable) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.14. | Guilt feelings about smoking habits (where applicable) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.15. | Guilt feelings about own sexual activity (where applicable) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.16. | Guilt feelings about your behaviour in general | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.17. | Guilt feelings about your temper/aggression | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.18. | Worried about the future | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.19. | Worried about crime and violence in our country | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.20. | Worried about the sense of life | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.21. | Worried about the sense of studies | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.22. | Problems with self discipline | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.23. | Problems with your health (AIDS, cancer, diabetes, etc.) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.24. | Problems with your eating habits (anorexia, bulimia) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.25. | Problems with your appearance | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5.26. | Problems with your workload (to much work) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.27. | Stress | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.28. | Loneliness | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.29. | Suicidal thoughts | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.30. | Satanism | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.31. | Depression | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.32. | Abuse | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.33. | Family violence | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.34. | Emotional abuse | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.35. | Peer pressure | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.36. | Bullying | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.37. | Pregnancy/abortion | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.38. | Poverty | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.39. | Coming to terms with the death of a parent, family member or friend | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.40. | Rape | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.41. | Conflict situations (quarrels, disputes, fighting) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.42. | Any other problems (please specify) | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.43. | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.44. | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.45. | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.46. | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.47. | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |

**Thank you for your cooperation.**

# BYLAAG B

Toestemmingsbrief van die Distriksbestuurder

Departement van Onderwys

(Klerksdorpdistrikskantoor)

Noordwes-provinsie

DEPARTMENT OF EDUCATION
Lefapha la Thuto
*Departement van Onderwys*

NORTH WEST PROVINCE

PRIVATE BAG A23, KLERKSDORP, 2570 Email: CMotaung@nwpg.org.za Tel. (018) 4627523 Fax No. 018-4627529

## KLERKSDORP AREA PROJECT OFFICE

**TO:** **MRS. T.P. KANES**

**FROM:** **AREA PROJECT OFFICE MANAGER**
**KLERKSDORP AREA PROJECT OFFICE**

**DATE:** **19 NOVEMBER 2004**

**SUBJECT:** **EMPERICAL RESEARCH AT SECONDARY SCHOOLS**

Your letter dated 12 September 2004 is herewith acknowledged. I sincerely apologize for not responding promptly to your request.

Permission is granted to you to conduct research in the KOSH Area Secondary Schools provided that all ethical principles with regard to research are observed.

I take this opportunity to wish you well in your endeavours to improve yourself academically. Your contribution to the body of knowledge in our country is also appreciated.

Good Luck!

..................................

**M.A. MOTAUNG (MRS)**
**AREA PROJECT OFFICE MANAGER**